UNIE VAN SUID-AFRIKA
UNION OF SOUTH AFRICA

BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXXI.] PRYS 6d. PRETORIA, 20 FEBRUARIE 20 FEBRUARY 1953. PRICE 6d. [No. 5009.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerhoek met 'n ✱ gemerk.

PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 37, 1953.]

Nademaal by subartikel (1) van artikel *een-en-veertig* van die Zuid Afrika Wet, 1909, soos gewysig, voorsiening gemaak word vir die benoeming van 'n Kommissie om elke Provinsie van die Unie in kiesafdelings te verdeel;

En nademaal so 'n Kommissie behoorlik benoem is en, soos bepaal by artikels *nege-en-dertig* en *een-en-sewentig* van die Zuid Afrika Wet, 1909, elke Provinsie van die Unie verdeel het in kiesafdelings waarvan elkeen een lid verkies, en genoemde Kommissie, ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-veertig* van gemelde Wet, aan die Goewerneur-generaal-in-rade 'n lys voorgelê het van kiesafdelings met die name daaraan gegee, en 'n beskrywing van die grense van elke sodanige kiesafdeling;

En nademaal by subartikel (3) van artikel *twee-en-veertig* van gemelde Wet bepaal word dat die Goewerneur-generaal-in-rade die name en grense van die kiesafdelings sal proklameer, soos finaal vasgestel en gesertifiseer deur die Kommissie of 'n meerderheid daarvan;

So it dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen soos voormeld, hierby verklaar dat die name en grense van die verskillende kiesafdelings soos deur genoemde Kommissie finaal vasgestel en gesertifiseer, dié is wat beskryf word in die Aanhangsel van die Verslag van die Kommissie wat in hierdie *Staatskoerant* verskyn.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Sestiende dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Drie-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

VERSLAG VAN DIE TIENDE AFBAKENINGSKOMMISSIE.

INHOUDSOPGAWE.

	Paragraaf
Benoeming van die Afbakeningskommissie	1
Aanvang van werksaamhede	2
Berekening van Uniekwota	3–5
Toedeling van setels aan provinsies	6–7
Provinsiale kwotas	8–10
Vergaderings, prosedure en inspeksiereise	11–18
Faktore wat inaggeneem word	19
Belading en ontlading	20–33
Toename van kiesers en grensverskuiwings as gevolg daarvan	34
Gemiddel beladings en ontladings in verskillende provinsies	35–37
Provinsiale setels	38
Wesenlike veranderings aangebring in bestaan en name van kiesafdelings	39

PLEASE RETURN
TO
A-124
LIBRARY DEPT.
ANGLO AMERICAN CORPORATION OF S.A. LTD.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 37, 1953.]

Whereas by sub-section (1) of section *forty-one* of the South Africa Act, 1909, as amended, it is provided that a Commission shall be appointed to divide each province of the Union into electoral divisions;

And whereas such Commission was duly appointed and has, as provided by sections *thirty-nine* and *seventy-one* of the South Africa Act, 1909, divided each province of the Union into electoral divisions each returning one member, and the said Commission has further, in pursuance of sub-section (1) of section *forty-two* of the said Act, submitted to the Governor-General-in-Council a list of electoral divisions with the names given to them, and a description of the boundaries of every such division;

And whereas by sub-section (3) of section *forty-two* of the said Act, it is provided that the Governor-General-in-Council shall proclaim the names and boundaries of the electoral divisions as finally settled and certified by the Commission or a majority thereof;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me as aforesaid, I do hereby declare that the names and boundaries of the several electoral divisions as finally settled and certified by the Commission shall be those described in the Appendices to the Report of the said Commission published in this *Government Gazette*.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Sixteenth day of February, One thousand Nine hundred and Fifty-three.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

REPORT OF THE TENTH DELIMITATION COMMISSION.

INDEX.

	Paragraph
Appointment of the Delimitation Commission	1
Commencement of Duties	2
Calculation of Union Quota	3–5
Allocation of Seats to Provinces	6–7
Provincial Quotas	8–10
Meetings, Procedure and Inspections	11–18
Factors taken into Consideration	19
Load and Unload	20–33
Increase in Number of Voters and Changes in Boundaries as Result thereof	34
Average Load and Unload in Various Provinces	35–37
Provincial Council Electoral Divisions	38
Material Changes Effected to the Existence and Names of Constituencies	39

KAAPPROVINSIE.

VOLKSRAAD EN PROVINSIALE RAAD.

	Paragraaf.
Aansienlike grensveranderings noodsaaklik	40
Afskaffing van setel	41–50
Belading en ontlading van verskillende gebiede in Provinsie	51–52
Ingrypende veranderings in Skiereiland	53–71
Herreëling van grense van Stellenbosch en Paarl	72–73
Kiesafdelings Valsbaai, Hottentots Holland, Worcester, Caledon-Bredasdorp, Swellendam	74–80
Mosselbaai, George, Oudtshoorn en Humansdorp	81–84
Port Elizabeth en ongewing	85–87
Oos-Londen en omgewing	88–89
Somerset-Oos, Albany, Transkeigebied, Fort Beaufort en Queenstown	90–95
Malmesbury, Moorreesburg en Piketberg	96–98
Namakwaland	99
Ceres en Beaufort-Wes	100–101
Prieska	102
Gordonia, Vryburg en Kuruman	103–104
Die Kimberley-gebied	105–106
Die Grootrivier as natuurlike skeiding	107
De Aar–Colesberg, Graaff-Reinet en Cradock	108–110

NATAL.

VOLKSRAAD.

Agemene oorsig	111
Afskaffing van setel	112–118
Kiesafdeling—	
Zululand	119
Newcastle	120
Vryheid	121
Natalse Suidkus	122
Drakensberg	123
Pinetown	124
Die Pietermaritzburg-gebied	125–127
Die Durbanse Kiesafdelings	128–136

PROVINSIALE RAAD.

Tekorte aan plattelandse kiesers	137
Stedelike gebied van Durban	138

DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

VOLKSRAAD EN PROVINSIALE RAAD.

Inleiding	139
Toestande deur geldige kieserslyste geopenbaar	140–144
Skepping van twee nuwe setels	145–153
Die vier gebiede	154
Die Pretoriase gebied	155–175
Die Plattelandse kiesafdelings	176–199
Die Vereeniging-kiesafdelings	200–205
Die Witwatersrandse kiesafdelings	205–237

ORANJE VRYSTAAT.

VOLKSRAAD.

Toestande deur geldige kieserslyste geopenbaar	238–245
Die Bloemfonteinse kiesafdelings	246–248
Die Goudvelde	249–251
Afskaffing van twee plattelandse kiesafdelings	252–253
Die kiesafdeling Winburg	254
Die kiesafdeling Bethlehem	255
Belading en ontlading van onderskeie kiesafdelings	256

PROVINSIALE RAAD.

Skepping van setel op goudvelde	257
Stigting van kiesafdelings Kroonstad-Noord en Kroonstad-Suid	258
Afskaffing van twee plattelandse setels	259–260
Beskrywing van aanhangsels van die Verslag	261
Erkenning van dienste aan Kommissie bewys	262–264
Slot	265

AANHANGSELS.

No. 1.

	Bladsy
Alfabetiese lys van kiesafdelings (Volksraad en Provinsiale Raad)	43–45

No. 2.

Landkaarte.

No. 3.

Beskrywing van kiesafdelings vir die Volksraad en Provinsiale Raad in die Kaapprovinsie	45–57
Beskrywing van kiesafdelings vir die Volksraad in die Provinsie Natal	58–65
Beskrywing van kiesafdelings vir die Provinsiale Raad in die Provinsie Natal	65–72
Beskrywing van kiesafdelings vir die Volksraad en Provinsiale Raad in die Provinsie Transvaal	72–103
Beskrywing van kiesafdelings vir die Volksraad in die Provinsie Oranje-Vrystaat	103–110
Beskrywing van kiesafdelings vir die Provinsiale Raad in die Provinsie Oranje-Vrystaat	110–117

CAPE PROVINCE.

HOUSE OF ASSEMBLY AND PROVINCIAL COUNCIL.

	Paragraph.
Extensive Changes in Electoral Boundaries necessary	40
Abolition of Constituency	41–50
Load and Unload of Various Areas of Province	51–52
Radical Changes in Peninsula	53–71
Re-arrangement of Boundaries of Stellenbosch and Paarl	72–73
Electoral Divisions of False Bay, Hottentots Holland, Worcester, Caledon–Bredasdorp, Swellendam	74–80
Mossel Bay, George, Oudtshoorn and Humansdorp	81–84
Port Elizabeth and Environs	85–87
East London and Environs	88–89
Somerset East, Albany, Transkeian Territories, Fort Beaufort and Queenstown	90–95
Malmesbury, Moorreesburg and Piquetberg	96–98
Namaqualand	99
Ceres, Beaufort West	100–101
Prieska	102
Gordonia, Vryburg and Kuruman	103–104
The Kimberley Area	105–106
The Orange River as Natural Boundary	107
De Aar–Colesberg, Graaff-Reinet and Cradock	108–110

NATAL.

HOUSE OF ASSEMBLY.

General Survey	111
Abolition of Seat	112–118
Electoral Division of Zululand	119
Electoral Division of Newcastle	120
Electoral Division of Vryheid	121
Electoral Division of Natal South Coast	122
Electoral Division of Drakensberg	123
Electoral Division of Pinetown	124
The Pietermaritzburg Area	125–127
The Durban Constituencies	128–136

PROVINCIAL COUNCIL.

Deficiency of Voters in Rural Districts	137
Urban Area of Durban	138

TRANSVAAL.

HOUSE OF ASSEMBLY AND PROVINCIAL COUNCIL.

Introduction	139
State of Affairs Revealed by Current Voters' Lists	140–144
Creation of Two New Constituencies	145–153
The Four Areas	154
Pretoria Area	155–175
The Rural Area	176–199
The Vereeniging Constituencies	200–204
Witwatersrand Constituencies	205–237

ORANGE FREE STATE.

HOUSE OF ASSEMBLY.

State of Affairs Revealed by Current Voters' Lists	238–245
The Bloemfontein Constituencies	246–248
The Goldfields	249–251
Abolition of Two Rural Constituencies	252–253
The Electoral Division of Winburg	254
The Electoral Division of Bethlehem	255
Load and Unload of Various Constituencies	256

PROVINCIAL COUNCIL.

Creation of Constituency on the Goldfields	257
Creation of Electoral Divisions of Kroonstad North and Kroonstad South	258
Abolition of the Two Rural Constituencies	259–260
Description of Appendices to the Report	261
Acknowledgement of Services Rendered to the Commission	262–264
Conclusion	265

APPENDICES.

No. 1.

	Page
Alphabetical List of Electoral Divisions (House of Assembly and Provincial Council)	43–45

No. 2.

Maps.

No. 3.

Description of House of Assembly and Provincial Council Electoral Divisions in the Cape Province	45–57
Descriptions of House of Assembly Electoral Divisions in Natal	58–65
Descriptions of Provincial Council Electoral Divisions in Natal	65–72
Descriptions of House of Assembly and Provincial Council Electoral Divisions in the Province of Transvaal	72–103
Descriptions of House of Assembly Electoral Divisions in the Province of the Orange Free State	103–110
Descriptions of Provincial Council Electoral Divisions in the Province of the Orange Free State	110–117

VERSLAG.

AAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

MAG DIT U EKSELLENSIE BEHAAG.

1. U Eksellensie het op 26 Junie 1952, ondergetekendes aangestel as lede van 'n kommissie wat benoem is om ooreenkomstig die bepalings van artikels *twee-en-dertig, veertig* en *een-en-veertig,* soos gewysig, en artikels *agt-en-dertig, nege-en-dertig, twee-en-veertig* en *een-en-sewentig* van die Suid-Afrika Wet, enige herverdelings wat noodsaaklik mag geword het tussen die verskillende kiesafdelings in elke provinsie van die Unie, te bewerkstellig en om voorsiening te maak vir die toekenning van die getal lede waarop sodanige provinsie ingevolge die bepalings van die Zuid-Afrika Wet, geregtig is. Kennisgewing van die aanstelling het verskyn in die *Staatskoerant* van 27 Junie 1952.

2. Op 15 Julie 1952, het u Kommissie sy werksaamhede te Pretoria begin, en sedertdien was hy voortdurend met die taak besig. Sy eerste openbare vergadering is op 30 Julie 1952 te Pretoria en sy laaste op 2 Desember 1952 te Kaapstad gehou.

3. U Kommissie se eerste taak was om vas te stel hoe die 150 Volksraadsetels d.w.s. die kiesafdelings met uitsondering van dié wat kragtens Wet No. 12 van 1936 aan naturelleverteenwoordigers en wat kragtens Wet No. 23 van 1949 aan Suidwes-Afrika toegeken is, onder die vier provinsies verdeel moes word. In die verlede is die getal blanke volwasse Unieburgers soos deur die jongste sensus vasgestel deur 150 verdeel om sodoende die sogenaamde Uniekwota te verkry. Hierna is die getal volwasse Unieburgers in elke provinsie deur die Uniekwota verdeel om die getal setels waarop elke provinsie geregtig is, te bepaal. Sedert die laaste afbakening is artikel *een-en-veertig* van die Zuid-Afrika Wet, wat hierdie saak reël, deur artikel *een* van Wet No. 55 van 1952 gewysig. Die relevante deel van artikel *een-en-veertig* soos gewysig, lui as volg:—

> „41. (1) In het jaar 1952 en daarna bij tussenpozen van minstens vijf jaar.....benoemt de Goeverneur-generaal een afbakeningskommissie, ... die iedere provinsie van de Unie in zo vele kiesafdelingen moet verdelen dat hun getal zo na als mogelik in dezelfde verhouding staat tot honderd-en-vijftig, als de verhouding waarin, ingevolge de lopende kiezerslijsten behoorlik verbeterd tot op de jongste mogelike datum, het getal blanke kiezers in de betrokken provincie staat tot het totale aantal blanke kiezers in de Unie.
>
> (2) Bij de verdeling van een provincie in kiesafdelingen volgens sub-artikel (1) moet bedoelde kommissie handelen overeenkomstig de bepalingen van artikel *veertig.*"

Uit hierdie artikel blyk dat die sogenaamde Uniekwota vandag verkry moet word deur die getal blanke kiesers soos aangegee in „de lopende kiezerslijsten behoorlik verbeterd tot op de jongste mogelike datum" deur honderd-en-vyftig te verdeel.

4. Die lopende kieserslyste is dié wat opgestel is ingevolge die bepalings van Wet No. 46 van 1946 en van tyd tot tyd verbeter is kragtens artikel *agtien* van gemelde Wet soos gewysig deur artikel *agt* van Wet No. 51 van 1948 en artikel *twee* van Wet No. 55 van 1952. U Kommissie het derhalwe van die Sekretaris van Binnelandse Sake, in sy hoedanigheid as Hoofverkiesingsbeampte verneem, (*a*) tot op welke datum die lyste behoorlik verbeter is, en (*b*) die aantal blanke kiesers wat op die gemelde lyste voorkom. Uit die skriftelike antwoord van die Hoofverkiesingsbeampte het geblyk dat die lyste tot op 30 April 1952 behoorlik verbeter is en dat die aantal blanke kiesers op die lyste as volg is:—

Kaapprovinsie	554,123
Natal	155,959
Transvaal	693,108
Oranje-Vrystaat	136,612
TOTAAL	1,539,802

REPORT.

TO HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

MAY IT PLEASE YOUR EXCELLENCY.

1. On the 26th June, 1952, Your Excellency nominated the undersigned as members of a commission appointed in terms of the provisions of sections *thirty-two, forty* and *forty-one,* as amended, and sections *thirty-eight, thirty-nine, forty-two* and *seventy-one* of the South Africa Act, to carry out any re-division which may have become necessary, as between the different electoral divisions in each Province of the Union, and to make provision for the allocation of the number of members to which such Province may have become entitled in terms of South Africa Act. Notice of the appointment was published in the *Government Gazette* of the 27th June, 1952.

2. Your Commission commenced its activities at Pretoria on the 15th July, 1952, from which date it was continuously engaged on its duties. Its first public meeting was held at Pretoria on the 30th July, 1952, and its last at Cape Town on the 2nd December, 1952.

3. Your Commission's first task was to determine the manner in which the 150 seats in the House of Assembly, i.e. the electoral divisions excluding those allocated to Native Representatives in terms of Act No. 12 of 1936 and those allocated to South West Africa in terms of Act No. 23 of 1949, should be divided between the four Provinces. In the past the total European Adult Union National population, as determined by the last census, was divided by 150 to obtain the so-called Union quota. Thereupon the total Adult Union National population in each Province was divided by the Union quota to determine the number of seats to which each Province was entitled. Since the last delimitation section *forty-one* of the South Africa Act, which governs this matter, was amended by section *one* of Act No. 55 of 1952. The relevant portion of section *forty-one,* as amended, reads as follows:—

> "41. (1) In the year 1952 and thereafter at intervals of not less than five years . . . the Governor-General shall appoint a delimitation commission . . . which shall divide each province of the Union into so many electoral divisions that their number bears, as nearly as possible, the same ratio to one hundred and fifty as, in terms of the current voters' lists, duly corrected up to the latest possible date, the number of white voters in the province in question bears to the total number of white voters in the Union.
>
> (2) In dividing a province into electoral divisions in terms of sub-section (1) the said commission shall act in accordance with the provisions of section *forty.*"

From this section it appears that the so-called Union quota at present has to be determined by dividing the total number of white voters as shown in the "current voters' lists, duly corrected up to the latest possible date" by one hundred and fifty.

4. The current voters' lists are those prepared under the provisions of Act No. 46 of 1946 and corrected from time to time in terms of section *eighteen* of that Act as amended by section *eight* of Act No. 51 of 1948 and section *two* of Act No. 55 of 1952. Your Commission consequently ascertained from the Secretary for the Interior, in his capacity as Chief Electoral Officer (*a*) up to which date the lists had been duly corrected, and (*b*) the number of white voters on the said lists. It appeared from the written reply of the Chief Electoral Officer, that the lists had been duly corrected up to the 30th April, 1952, and that the numbers of white voters on the lists are as follows:—

Cape Province	554,123
Natal	155,959
Transvaal	693,108
Orange Free State	136,612
TOTAL	1,539,802

U Kommissie het toe van die Hoofverkiesingsbeampte verneem hoe lank dit sou neem om die lyste behoorlik te verbeter tot op onderskeidelik 30 Mei en 30 Junie. Die Hoofverkiesingsbeampte het u Kommissie meegedeel dat 'n behoorlike verbetering van die lyste tot op 30 Mei nie voor na die einde van Augustus aangebring kon word nie en dat 'n behoorlike verbetering tot op 30 Junie 'n aansienlike langer tyd in beslag sou neem. Die afwagting van 'n behoorlik verbeterde lys selfs tot op 30 Mei sou die aanvang en vordering van die werk van u Kommissie aansienlik vertraag het, en u Kommissie het onder die omstandighede besluit dat 30 April 1952 aanvaar moet word as die jongste moontlike datum waarop „de lopende kiezerslijsten behoorlik verbeterd" beskikbaar gestel kon word en dat die syfers soos deur die Hoofverkiesingsbeampte verstrek gevolglik aanvaar moet word as die juiste syfers waarop hierdie afbakening bereken moet word.

5. Deur die totaal van 1,539,802 blanke kiesers deur 150 te verdeel kom die Uniekwota op 10,265·35 te staan.

6. Die getal setels waarop elke provinsie geregtig is, word verkry deur die getal blanke kiesers in elke provinsie te verdeel deur die Uniekwota. Wanneer dit gedoen word blyk dit dat die 150 setels as volg onder die vier provinsies verdeel moet word:—

Kaapprovinsie	54 (55)
Natal	15 (16)
Transvaal	68 (66)
Oranje-Vrystaat	13 (13)

Die wyse waarop die 150 setels tussen die vier provinsies verdeel was by die afbakening van 1947 word hierbo in hakies aangegee.

7. Dit sal dus opgemerk word dat Transvaal by hierdie afbakening in vergelyking met die laaste afbakening op twee meer setels en die Kapprovinsie en Natal gevolglik elkeen op een minder setel geregtig is. Na u Kommissie die bostaande berekenings gemaak het, het hy sy bevindings deur die pers bekendgemaak.

8. Die kwotas vir die kiesafdelings in elke provinsie word bereken ingevolge die bepalings van artikel *veertig* (1) van die Zuid Afrika Wet soos van tyd tot tyd gewysig. Artikel *veertig* (1) lui as volg:—

> „Voor het doel van een verdeling van de provincies in kiesafdelingen, word de quota van iedere provincie verkregen door het gezamentlik aantal kiezers in de provincie, zoals vastgesteld uit een onderzoek van de dan geldige kiezerslijsten te delen door het aantal daarin te kiezen leden voor de Volksraad."

Dit was derhalwe vir die Kommissie in die eerste instansie nodig om te bepaal watter lyste as die „geldige kiezerslijsten" aanvaar moes word.

9. Artikel *agt*, subartikel (4) en (7) van Wet No. 46 van 1946 soos gewysig deur artikel *twee* van Wet No. 55 van 1952 bepaal dat die lopende kieserslyste die „geldige kiezerslijsten" is. Soos hierbo reeds vermeld sou die verbetering van die kieserslyste tot op 30 Mei of 30 Junie onderskeidelik, 'n aansienlike vertraging in u Kommissie se werksaamhede meegebring het en u Kommissie is derhalwe ook, sover dit hierdie artikel geld, van mening dat in hierdie omstandighede die kieserslyste soos verbeter tot op 30 April 1952, aanvaar moet word as die „geldige kiezerslijsten". Die „gezamentlik aantal kiezers" wat vir elke provinsie op die geldende lyste voorkom is as volg:—

Kaapprovinsie	601,131
Natal	157,149
Transvaal	693,108
Oranje-Vrystaat	136,612

Om die kwota vir elke provinsie te verkry, word die getal kiesers wat vir elke provinsie hierbo aangegee word, deur die getal setels waarop die betrokke provinsie geregtig is, verdeel. Dit sal opgemerk word dat die getal kiesers wat in die geval van die Kaapprovinsie en Natal hierbo aangegee word nie dieselfde is nie as dié wat vir die betrokke provinsie aangegee word by die berekening van die Uniekwota nie.

Die rede hiervoor is dat by die berekening van die kwota vir die provinsie die totale getal kiesers, d.w.s. blank en nie-blank, geneem moet word terwyl by die berekening van die Uniekwota slegs die getal blanke kiesers geneem word.

Your Commission then ascertained from the Chief Electoral Officer how long it would take duly to correct the lists up to the 30th May, and the 30th June, respectively. The Chief Electoral Officer informed your Commission that the lists up to the 30th May could not be duly corrected before the end of August, and that a due correction up to the 30th June would require a much longer time. If a duly corrected list, even up to the 30th May, had to be waited for, the commencement and progress of the work of your Commission would have been considerably delayed, and your Commission decided that under the circumstances the 30th April, 1952, should be accepted as the latest possible date upon which "the current voters' lists, duly corrected" could be made available, and that the figures as furnished by the Chief Electoral Officer should consequently be accepted as the correct figures upon which this delimitation should be based.

5. By dividing the total of 1,539,802 white voters by 150, the Union quota obtained amounts to 10,265·35.

6. The number of seats to which each province is entitled is obtained by dividing the number of white voters in each province by the Union quota. On this basis it appears that the 150 seats should be divided among the four provinces as follows:—

Cape Province	54 (55)
Natal	15 (16)
Transvaal	68 (66)
Orange Free State	13 (13)

The manner in which the 150 seats were divided among the four provinces at the delimitation of 1947, resulted in the figures given in brackets above.

7. It will, therefore, be observed that at the present delimitation, in comparison with the previous delimitation, the Transvaal is entitled to two additionl seats and consequently the Cape Province and Natal each to one less After arriving at the above calculations, your Commission announced its findings in the Press.

8. The quotas for the electoral divisions in each province is calculated in accordance with the provisions of section *forty* (1) of the South Africa Act, as amended from time to time. Section *forty* (1) reads as follows:—

> "For the purposes of any division of the provinces into electoral divisions, the quota of each province shall be obtained by dividing the total number of voters in the province as ascertained from an examination of the current voters' lists by the number of members of the House of Assembly to be elected therein."

It was, therefore, necessary for the Commission to determine, in the first instance, which lists should be accepted as the "current voters' lists".

9. Section *eight*, sub-sections (4) and (7) of Act No. 46 of 1946 as amended by section *two* of Act No. 55 of 1952 provides that the current voters' lists shall be valid. As already stated above, the correction of the voters' lists up to the 30th May or the 30th June respectively would have caused a considerable delay in your Commission's activities and your Commission is therefore of the opinion, as far as this section is concerned, that under the circumstances, the voters' lists as corrected up to the 30th April, 1952, should be accepted as the "current voters' lists". The "total number of voters" appearing on the current lists for each province, is as follows:—

Cape Province	601,131
Natal	157,149
Transvaal	693,108
Orange Free State	136,612

To arrive at the quota for each province, the number of voters shown above for each province, is divided by the number of seats to which the province in question is entitled. It will be noticed that the number of voters given above in the case of the Cape Province and Natal is not the same as that given for the provinces in question for purposes of the calculation of the Union quota. The reason for this is that the total number of voters, i.e. white and non-white, has to be taken in the calculation of the quota for the province, whereas, in the calculation of the Union quota, only the number of white voters is taken.

10. Die volgende staat dui die kwota vir kiesafdelings in die vier provinsies aan tesame met die maksimum toelaatbare belading en ontlading. (Die syfers tussen hakies gee die ooreenstemmende syfers by die afbakening van 1947 aan):—

	Maksimum.		*Kwota.*		*Minimum.*	
Transvaal.....	11,721	(10,084)	10,193	(8,769)	8,665	(7,454)
Kaapprovinsie.....	12,802	(10,934)	11,132	(9,508)	9,462	(8,082)
Natal—						
Volksraad.....	12,049	(9,662)	10,477	(8,402)	8,905	(7,142)
Provinsiale Raad..	7,229	(6,184)	6,286	(5,377)	5,343	(4,570)
Oranje-Vrystaat—						
Volksraad.....	12,085	(10,245)	10,509	(8,909)	8,933	(7,573)
Provinsiale Raad..	6,284	(5,328)	5,464	(4,633)	4,644	(3,938)

11. Alvorens u Kommissie met die afbakening van enige provinsie 'n aanvang gemaak het, het hy vroegtydig aan die verteenwoordigers van die politieke partye in die betrokke provinsie kennis gegee dat hy 'n openbare vergadering in die hoofstad van die provinsie sou hou om getuienis en vertoë aan te hoor in verband met die afbakening van die provinsie. Daar is tegelykertyd in die pers kennis gegee van die vergadering en alle belanghebbendes is uitgenooi om voor die Kommissie te verskyn om getuienis af te lê of vertoë te maak in sake die afbakening van die provinsie. Na die hou van hierdie vergaderings het u Kommissie in elke provinsie nadat soortgelyke kennisgewings aan die politieke partye en die publiek gegee is, verdere openbare vergaderings gehou in die groter sentra. U Kommissie het gevolglik in Transvaal 'n verdere vergadering op Johannesburg, in Natal 'n verdere vergadering op Durban, in die Vrystaat op Kroonstad en in die Kaapprovinsie vergaderings op Port Elizabeth, Oos-Londen en Kimberley gehou.

12. Die verteenwoordigers van die verskillende politieke partye het by elkeen van hierdie vergaderings skemas vir die afbakening van die betrokke gebiede van die provinsies voorgelê. Hierdie skemas is noukeurig op landkaarte aangebring wat op duidelike wyse die voorgestelde skemas aangedui het. Die kaarte was vergesel van noukeurig opgestelde memoranda wat die skemas verder in besonderhede toegelig het. By elkeen van hierdie vergaderings het die politieke verteenwoordigers hul skemas met mondelingse getuienis en argumente verder toegelig en kritiek op die skemas van die ander partye gelewer. Openbare liggame en privaat persone het ook voor u Kommissie opgetree om vertoë te maak in sake die afbakening. Die vertoë het soms dae in beslag geneem, soos b.v. het die vergadering in Johannesburg wat hoofsaaklik met die afbakening van die Witwatersrand gehandel het, drie dae geduur. Vergesel van verteenwoordigers van die politieke partye het u Kommissie by al die groot stede plaaslike inspeksiereise onderneem, ten einde dié verkeersweë en natuurlike kenmerke wat die politieke partye as belangrik geag het, te besigtig. Die optrede van die politieke partye voor u Kommissie was van groot hulp en het daartoe bygedra dat u Kommissie 'n kennis van die betrokke gebiede kon bekom wat hy andersins slegs deur ure se navorsing sou verkry het en soms miskien glad nie sou bekom het nie.

13. Behalwe vir die inspeksies wat u Kommissie saam met die politieke partye gehou het, het u Kommissielede ook alleen en dikwels vergesel van die verkiesingsbeampte van die betrokke gebiede verdere inspeksiereise in stedelike gebiede onderneem ten einde helderheid te verkry oor sake waaroor daar by u Kommissie twyfel bestaan het. Op die wyse het u Kommissie in die meeste van die stede etlike honderde myle op inspeksiereise afgelê.

14. Deur die welwillendheid van die Departement van Verdediging is 'n vliegtuig in Transvaal, Natal en die Kaapprovinsie tot u Kommissie se beskikking gestel met die gevolg dat u Kommissie die stede van Transvaal, Natal en die Kaap uit die lug kon besigtig. Die waarnemings wat uit die lug gedoen is was van die grootste hulp by die afbakening van die stedelike gebiede veral ten opsigte van die vraag oor watter gebiede, indien enige, by die stedelike kiesafdelings ingelyf moet word.

15. In Transvaal, Natal en die Kaap het u Kommissie die vliegtuig ook gebruik om die plattelandse gebiede te besigtig. Hierdie vlugte wat u Kommissie onderneem het was van die grootste waarde en besonder behulpsaam by die afbakening. Dit het u Kommissie in staat gestel om waarnemings te maak aangaande die topografie van die

10. The statement below shows the quotas for electoral divisions in the four provinces together with the maximum permissible load and unload. (The figures in brackets indicate the corresponding figures at the delimitation of 1947):—

	Maximum.		*Quota.*		*Minimum.*	
Transvaal.....	11,721	(10,084)	10,193	(8,769)	8,665	(7,454)
Cape Province.....	12,802	(10,934)	11,132	(9,508)	9,462	(8,082)
Natal—						
House of Assembly	12,049	(9,662)	10,477	(8,402)	8,905	(7,142)
Provincial Council	7,229	(6,184)	6,286	(5,377)	5,343	(4,570)
Orange Free State—						
House of Assembly	12,085	(10,245)	10,509	(8,909)	8,933	(7,573)
Provincial Council	6,284	(5,328)	5,464	(4,633)	4,644	(3,938)

11. Before your Commission made a beginning with the delimitation of any province, it timously notified the representatives of the political parties in the province in question that it would hold a public meeting in the capital of that province to hear evidence and representations in connection with the delimitation of the province. At the same time, notice of the meeting was given in the Press and all interested parties were invited to appear before the Commission to give evidence or to make representations concerning the delimitation of the province. After these meetings, and after similar notifications to the political parties and the public, your Commission held further public meetings in the larger centres. Thus your Commission held a further meeting at Johannesburg in the Transvaal, a further meeting at Durban in Natal, at Kroonstad in the Orange Free State, and meetings at Port Elizabeth, East London and Kimberley in the Cape Province.

12. At each of these meetings the representatives of the various political parties submited plans for the delimitation of the areas concerned in the province. The proposed plans were accurately and clearly indicated on maps. These maps were accompanied by carefully prepared memoranda providing further explanatory details. At each of these meetings the political representatives further elucidated their plans by means of oral evidence and argument and criticised the plans of the other parties. Public bodies and private individuals also appeared before your Commission to make representations concerning the delimitation. In some instances the representations occupied several days, thus, e.g., the meeting in Johannesburg which chiefly dealt with the delimitation of the Witwatersrand, lasted three days. Accompanied by representatives of the political parties, your Commission undrtook local tours in all the larger cities in order to inspect those communications and natural features which the political parties considered important. The political parties who appeared before your Commission were of great assistance since their contributions enabled your Commission to gain a knowledge of the areas concerned which would otherwise only have been possible after hours of research, and which it would in some instances probably not have gained at all.

13. In addition to the inspections which your Commission undertook together with the political parties, your Commissioners also undertook further inspection tours in urban areas independently and often accompanied by the electoral officer of the areas concerned in order to clarify certain matters about which your Commission still had some doubt. In this way your Commission covered several hundreds of miles on inspection tours in most of the cities.

14. The Defence Department kindly placed an aeroplane at the disposal of your Commission in the Transvaal, Natal and the Cape Province, making it possible for your Commission to inspect the cities of the Transvaal, Natal and the Cape from the air. The observations made from the air were of the gretest assistance in the delimitation of the urban areas, especially with regard to the question as to which areas, if any, should be incorporated in the urban electoral divisions.

15. In the Transvaal, Natal and the Cape your Commission also used the aeroplane to inspect rural areas. These flights undertaken by your Commission were of the greatest value and of particular assistance in the delimitation. It enabled your Comm's son to make observations in connection with the topography of the areas concerned;

al die omstandighede van elke kiesafdeling en die verband waarin die kiesafdeling met omliggende kiesafdelings staan en die plek wat dit in die geheel inneem, nagegaan moet word en opgeweeg moet word teen die vyf faktore in subartikel (3) genoem om te sien in hoeverre die bepaalde setel belaai of ontlaai moet word. Wanneer dit gedaan is, sal gevind word dat die omstandighede van die besondere geval self sal bepaal watter gewig aan die een of ander faktor geheg moet word.

24. By die afbakening van Transvaal is u Kommissie by die aanvang van sy verrigtinge versoek om die persentasie van ontlading en belading wat hy van plan was om toe te pas, vooraf te bepaal en bekend te maak. U Kommissie het daarop gewys dat hy nie in staat was om dit vooraf te bepaal nie en dat elke setel soos hierbo reeds uiteengesit, op sy eie meriete in die kompleks van setels as 'n geheel behandel moet word.

25. By die nagaan van die beladings en ontladings wat u Kommissie toegepas het sal in die eerste plek gevind word dat daar tussen die verskillende provinsies groot verskille bestaan. Daar moet egter onthou word dat elke provinsie as 'n afsonderlike eenheid afgebaken moet word en dat die totale belading in die provinsie gelyk moet staan aan die totale ontlading.

26. Waar 'n provinsie ewe veel dig en ylbewoonde kiesafdelings het is dit makliker om die gewenste beladings en ontladings te reël as in die geval waar daar 'n groot verskil tussen die getal yl- en digbewoonde kiesafdelings bestaan.

27. Die mate waarop die ylbewoonde setels in 'n provinsie ontlaai kan word, hang grootliks af van die aantal dig bewoonde setels in die provinsie en die mate waartoe hulle belaai kan word. As daar nie genoeg digbewoonde setels is nie, is dit onmoontlik om die gewenste ontlaaiing in die ylbewoonde setels te verkry. Die uitwerking hiervan blyk duidelik wanneer Transvaal met die Kaapprovinsie vergelyk word. Laasgenoemde se plattelandse setels, hoewel baie meer uitgestrek en yl bewoon as dié van Transvaal, is minder ontlaai. Daar sal ook opgemerk word dat ofskoon die Kaapprovinsie minder digbewoonde gebiede as Transvaal het, sy digbewoonde gebiede tog veel swaarder belaai is as dié van Transvaal. In die Kaapprovinsie word gebiede as dig bewoon beskou wat nie in enigeen van die ander provinsies aldus beskou sou word nie. Dit is toe te skryf aan die enorme oppervlakte wat die Kaap beslaan (58·6 persent van die totale oppervlakte van die Unie) terwyl die Kaap slegs ietwat meer as een-derde van die totale setels in die Volksraad het.

28. Die kiesafdeling Namakwaland strek oor 'n gebied wat byna so groot as Natal is. Die setels Namakwaland en Prieska (onderskeidelik 14·1 persent en 11·6 persent ontlaai) is tesame min of meer so groot as die Vrystaat. Die vyf setels Namakwaland, Prieska, Beaufort-Wes, Gordonia en Kuruman, is tesame omtrent so groot as die Transvaal en gesamentlik minder ontlaai as dié van enige dergelike gebied in die Unie.

29. U Kommissie sou graag hierdie setels almal verder wou ontlaai het, dog daar was in die Kaapprovinsie geen verdere gebiede wat na die oordeel van u Kommissie swaarder belaai kon word nie. Daarenteen is daar in Transvaal 43 dig bewoonde stedelike kiesafdelings, die oorgrote meerderheid waarvan eensoortige kiesers het. Dit was derhalwe moontlik om hierdie setels te belaai en om sodoende die nodige ontlading te bewerkstellig in die groot en ylbewoonde plattelandse kiesafdelings. Dit dien hier ook opgemerk te word dat die kiesafdelings Von Brandis, Hillbrow en Hospital die mees digbewoonde gebiede in die Unie insluit, maar hulle is verreweg nog nie die mees swaarbelaaide digbewoonde kiesafdeling in die Unie nie.

30. By die belading en ontlading van die verskillende kiesafdelings in die Unie het u Kommissie al die faktore in artikel *veertig* (3) genoem, in aanmerking geneem. U Kommissie het op die platteland so ver doenlik magistraatsdistrikte nie versnipper nie, daar die kiesers in sulke distrikte in die algemeen geneem, gemeenskaplike belange het.

opinion that all the circumstances of each electoral division, the interrelationship between it and the surrounding electoral divisions, and the position it occupies in the whole, should be studied and weighed against the five factors mentioned in sub-section (3) in order to determine the extent to which the particular seat should be loaded or unloaded. It this procedure be followed it will be found that the circumstances of each particular case would automatically determine the importance to be attached to the several factors.

24. In the delimitation of the Transvaal your Commission was requested at the beginning of its proceedings to determine and announce in advance the percentage of loading and unloading it intended to apply. Your Commission pointed out that it was not in a position to do so and that, as stated above, each seat should be dealt with on its own merits in the complex of seats as a whole.

25. An examination of the loadings and unloadings applied by your Commission revals firstly great differences as between the various provinces. It should, however, be borne in mind that each province has to be delimited as a separate unit and that the total loading in the province must be equal to the total unloading.

26. Where a province has an equal number of densely and sparsely populated electoral divisions, it is easier to effect the desired loadings and unloadings than in the case where there is a great difference between the number of sparsely and that of densely populated electoral divisions.

27. The extent to which the sparsely populated seats in a province may be unloaded, largely depends upon the number of densely populated seats in the province and the extent to which they may be loaded. If there are not sufficient densely populated seats it is impossible to obtain the desired unloading in the sparsely populated seats. The effect of this is clear when the Transvaal is compared with the Cape Province. The rural seats of the latter, although more extensive in area and sparsely populated than those of the Transvaal, are unloaded to a lesser degree. It will also be seen that, although the Cape Province has fewer densely populated areas than the Transvaal, its densely populated areas are nevertheless much more heavily loaded than those of the Transvaal. In the Cape Province areas are considered densely populated which would not be so regarded in any of the other provinces. This is due to the extensive area of the Cape (58·6 per cent of the total area of the Union) while the Cape has only slightly more than one-third of the total number of seats in the House of Assembly.

28. The Electoral Division of Namaqualand covers an area almost the size of Natal. The Namaqualand and Prieska seats (unloaded 14·1 per cent and 11·6 per cent, respectively) together are more or less the size of the Free State. The five seats, Namaqualand, Prieska, Beaufort West, Gordonia and Kuruman have a total area approximately that of the Transvaal and are, taken together, less unloaded than those of any similar area in the Union.

29. Your Commission would have preferred to unload these seats still further, but there were no further areas in the Cape Province on which, is the opinion of your Commission, a heavier load could be imposed. On the other hand, there are 43 densely populated urban electoral divisions in the Transvaal, the vast majority of which have voters of a homogeneous type. It was, therefore, possible to load these seats and thus to effect the necessary unloading in the large and sparsely populated rural constituencies. It should also be noted that the constituencies Von Brandis, Hillbrow and Hospital include the most densely populated areas in the Union, but they are still not nearly the most heavily loaded densely populated constituencies in the Union.

30. In loading and unloading the various constituencies in the Union your Commission took into consideration all the factors referred to in section *forty* (3). As far as possible, your Commission did not split up magisterial districts in the country, as the voters in such districts generally, have common interests.

31. U Kommissie het soms 'n swaarder en soms 'n ligter belading of ontlading toegepas waar, na die oordeel van u Kommissie, dit nodig was om bestaande grense te behou en so min as moontlik te verander. So sal gevind word dat Potchefstroom minder ontlaai is as enigeen van die ander Transvaalse plattelandse setels. Die rede hiervoor is dat u Kommissie van mening was dat die bestaande Potchefstroomse kiesafdeling aan die vereistes van die Zuid Afrika Wet voldoen en om hierdie rede het die bepaling om bestaande grense te behou swaarder by u Kommissie geweeg as die bepaling betreffende ylheid en digtheid van bevolking.

32. In die geval van Transkeigebied wat met 7·6 persent ontlaai is, het u Kommissie die grense van die setel feitlik nie verander nie alhoewel, gesien sy grootte en yl bevolking, 'n baie hoër ontlading geregverdig sou wees. U Kommissie het aldus gehandel omdat hierdie setel, volgens die vereiste van die Zuid Afrika Wet, 'n goed afgebakende setel is en die gebiede wat daarvan afgesny kon word lank nie so goed sou gepas het by die aangrensende kiesafdelings as in hulle huidige tuiste nie. Om dieselfde redes is die setels Boksburg, Pretoria-Oos, Natalse Suidkus, Gordonia en Vryburg onveranderd gelaat daar die kiesers van hierdie setels die gewenste gemeenskaplikheid van belang het. Was dit nie so nie, of was hulle verkeersweë moeilik, of hulle bestaande grense strydig met natuurlike kenmerke, sou u Kommissie in alle waarskynlikheid die grense verander het.

33. Daar is ook gevalle waar u Kommissie sekere setels minder of swaarder belaai of ontlaai het weens die feit dat daar nie beskikbare kiesers met die nodige gemeenskaplikheid van belang aan sulke setels gegrens het nie, of waar die aangrensende gebiede op grond van die verkeersweë of natuurlike kenmerke nie vir byvoeging geskik was nie.

34. Hierdie afbakening het groot grensverskuiwings genoodsaak. In die Kaap en in Natal is dit deels veroorsaak deur die feit dat elkeen van hierdie provinsies 'n setel moes prysgee. In Transvaal weer is dit tot 'n mate veroorsaak deur die feit dat Transvaal twee verdere setels bygekry het. In al vier provinsies egter is daar groot grensverskuiwings veroorsaak deur die feit dat die aanwas van kiesers op die platteland nie tred gehou het met die aanwas van kiesers in die stede nie. Die uitwerking hiervan is nog verder versterk deur die feit dat die aanwas van kiesers in sekere plattelandse gebiede baie groter was as in ander, en in die geval van die stede, dat die nuwe gebiede in die stede 'n groot aanwas van kiesers getoon het terwyl in die ouer gedeeltes van die stede daar geringe, en in 'n paar gevalle geen aanwas van kiesers was nie. Waar u Kommissie genoodsaak was om grensverskuiwings te maak, het hy gebiede afgesny of bygevoeg met die oog op die bevordering van gemeenskaplike belange in die herafgebakende setels. U Kommissie het by die herafbakening van setels ook besonder ag gegee aan die verkeersweë en die natuurlike kenmerke van die betrokke gebiede. Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat 'n provinsie as 'n geheel afgebaken moet word. Dit bring soms mee dat gebiede wat die beste geskik was vir wegneming of byvoeging in bepaalde gevalle by die oorspronklike kiesafdeling gelaat moes word of nie by 'n bepaalde kiesafdeling gevoeg word nie, daar die wegneming of byvoeging 'n reeks ongewenste grensverskuiwings in ander kiesafdelings sou veroorsaak het. Waar u Kommissie voor sulke probleme te staan gekom het, het hy nie geaarsel om liewer 'n ongewenste gevolg in één kiesafdeling as in 'n reeks kiesafdelings, te veroorsaak nie.

35. As gevolg van u Kommissie se herafbakening van die provinsie Transvaal is die 35 kiesafdelings van die Witwatersrand gemiddeld 7·6 persent belaai en die agt kiesafdelings van Pretoria 5·4 persent. Die 24 plattelandse kiesafdelings is gemiddeld 12·9 persent ontlaai.

36. Van die 54 kiesafdelings in die Kaapprovinsie kan 22 van hulle met insluiting van Uitenhage, as dig bewoonde stedelike gebiede beskou word. Hierdie kiesafdelings is gemiddeld 10·5 persent belaai. Die gebied van Kaapstad is 11·3 persent belaai en dié van Oos-Londen 11·85 persent. Dit is die swaarste belaaide gebiede in die Unie. Soos reeds gesê, selfs na die swaar belading van hierdie gebiede was dit nie moontlik om

31. In some instances your Commission applied either a lighter or a heavier loading or unloading where, in its opinion, it was necessary to maintain existing boundaries and to alter these as little as possible. Thus it will be found that Potchefstroom is less unloaded than any of the other Transvaal rural seats, the reason being that your Commission was of the opinion that the existing Potchefstroom constituency satisfied the requirements of the South Africa Act, in consequence of which your Commission attached more weight to the provision regarding the maintenance of existing boundaries than that regarding sparsity and density of population.

32. In the case of the Transkeian Territories which had been unloaded by 7·6 per cent your Commission left the boundaries of the seat practically unchanged although, considering its size and sparsity of population, a much higher unload would have been justified. Your Commission acted accordingly because this seat, in terms of the provisions of the South Africa Act, is a well-delimited seat and the areas which could be transferred from it would not have fitted into the adjoining constituencies nearly as well as in their present situation. For the same reason the Boksburg, Pretoria East, Natal South Coast, Gordonia and Vryburg seats were left undisturbed as the voters of these seats have the desired community of interests. Had this not been so, or had their communications been unsatisfactory, or their existing boundaries incompatible with physical features, your Commission would in all probability have altered the boundaries.

33. There are also cases where your Commission loaded or unloaded certain seats to a greater or lesser extent because of the fact that in the adjoining areas there were no voters having the necessary community of interests or because the adjoining areas were not suitable for inclusion on the grounds of communications or physical features.

34. This delimination necessitated an extensive modification of boundaries. In the Cape and in Natal this was partly caused by the fact that each of these provinces had to lose a seat. In the Transvaal, on the other hand, it was due, in some measure, to the fact that the Transvaal received two additional seats. In all four provinces, however, extensive modification of boundaries resulted from the fact that the increase in the number of voters in rural areas did not keep pace with the increase in the cities. The effect of this was further intensified by the fact that the increase in the number of voters in certain rural areas was much larger than in others, and, in the case of the cities, that the new areas in the cities showed a large increase in the number of voters while in the older areas of the cities there was only a slight, and in some cases no increase at all. Where your Commission was obliged to modify boundaries it cut off or added areas with a view to furthering the community of interests in the re-delimited seats. In the re-delimitation of seats, your Commission also gave special attention to the means of communication and the physical features of the areas concerned. Sight should not be lost of the fact, however, that a province has to be delimited as a whole. This sometimes meant that areas which could suitably be taken away or added had in specific cases to be left in the original constituency or could not be added to a specific constituency, as such action would have caused a series of undesirable modifications of boundaries in other constituencies. Where your Commission was faced with such problems, it had no hesitation in creating an undesirable result in *one* constituency rather than in a series of constituencies.

35. As a result of your Commission's re-delimitation of the Transvaal Province, the thirty-five Witwatersrand constituencies were given an average load of 7·6 per cent and the eight Pretoria constituencies one of 5·4 per cent. The twenty-four rural constituencies were unloaded, on the average, by 12·9 per cent.

36. Of the fifty-four constituencies in the Cape Province, twenty-two, including Uitenhage, could be regarded as densely populated urban areas. These constituencies were loaded by 10·5 per cent on the average. The Cape Town area was loaded by 11·3 per cent and that of East London by 11·85 per cent. These are the most heavily loaded areas in the Union. As already stated, even after the heavy loading of these areas it was not possible to

die uitgestrekte en yl bevolkte kiesafdelings van die Kaapprovinsie na wense te ontlaai nie. U Kommissie het derhalwe die kiesafdelings Paarl en Worcester onderskeidelik 4·4 persent en 3·5 persent belaai en kiesafdelings soos George, Stellenbosch en Valsbaai feitlik gelyk aan die kwota gelaat wat hulle instaat gestel het om die meer uitgestrekte gebiede op die platteland nader aan die gewenste kwota te bring. Die ontlading op die platteland met uitsluiting van hierdie vyf gebiede is 8·8 persent. Met insluiting van hierdie vyf gebiede is die ontlading van die plattelandse gebied 7·2 persent.

37. In die Oranje-Vrystaat is die twee stedelike Volksraadskiesafdelings van Bloemfontein 'n gemiddelde belading van 10·2 persent opgelê terwyl die gemiddelde ontlading van die 11 plattelandse kiesafdelings 1·8 persent is. In verband hiermee kan bygevoeg word dat ofskoon die kiesafdelings Heilbron-Frankfort, Kroonstad, Odendaalsrus en Vredefort nog as oorwegend plattelands van aard beskou kan word, hulle nogtans 'n geringe belading, wat wissel van 4 persent tot ·9 persent, opgelê is. In die provinsie Natal is daar agt stedelike Volksraadskiesafdelings wat 'n gemiddelde belading van 9·7 persent opgelê is en sewe plattelandse kiesafdelings met 'n gemiddelde ontlading van 11·1 persent.

38. Aangesien die Kaapprovinsie en Transvaal dieselfde aantal kiesafdelings vir die Volksraad sowel as die Provinsiale Raad het, val die grense van die kiesafdeling in albei gevalle saam. Natal en die Oranje-Vrystaat geniet nie hierdie voordeel nie daar die getal setels vir die Provinsiale Raad by artikel *een-en-sewentig* van die Zuid Afrika Wet op 25 vasgestel is. By die afbakening van Provinsiale setels het u Kommissie dieselfde beginsels toegepas as wat hy by die afbakening van Volksraadskiesafdelings gedoen het.

39. Hieronder volg 'n staat van die wesenlike veranderings deur u Kommissielede aangebring in die bestaan en in die name van die kiesafdelings wat deur die Negende Kommissie in 1947 in die lewe geroep is:—

KAAPPROVINSIE.

(*a*) Kiesafdelings afgeskaf.....	Claremont. Mowbray. Calvinia. Victoria-Wes. Woodstock. Port Elizabeth-distrik.
(*b*) Kiesafdelings saamgesmelt.....	Caledon en Bredasdorp in 'n nuwe kiesafdeling Caledon–Bredasdorp.
(*c*) Nuwe kiesafdelings geskep....	Constantia. Maitland. Valsbaai. Prieska. Port Elizabeth-Wes. Pinelands.
(*d*) Kiesafdelings hernoem.....	Bellville–Parow (voorheen Parow).

NATAL.

A.—VOLKSRAAD.

Kiesafdeling afgeskaf.....	Kliprivier.

B.—PROVINSIALE RAAD.

Kiesafdelings hernoem.....	Weenen (voorheen Umvoti). Durban–Umgeni (voorheen Durban–Stamford Hill).
Nuwe kiesafdeling geskep.....	Umhlatuzana.
Kiesafdeling afgeskaf.....	Durban-distrik.

TRANSVAAL.

(*a*) Nuwe kiesafdelings geskep....	Vereeniging-distrik. Noord-Rand.
(*b*) Kiesafdelings hernoem.....	Geduld (voorheen Noordoos-Rand). Florida (voorheen Johannesburg-Wes).

ORANJE-VRYSTAAT.

A.—VOLKSRAAD.

(*a*) Nuwe kiesafdelings gestig.....	Bloemfontein-Sentraal. Odendaalsrus.
(*b*) Kiesafdeling afgeskaf.....	Boshof–Hoopstad.
(*c*) Kiesafdelings saamgesmelt.....	Heilbron en Frankfort in 'n nuwe kiesafdeling Heilbron–Frankfort.
(*d*) Kiesafdeling hernoem.....	Fauresmith–Boshof (voorheen Fauresmith).

unload the extensive and sparsely populated constituencies of the Cape Province as desired. Your Commission, therefore, loaded constituencies like Paarl and Worcester by 4·4 per cent. and 3·5 per cent respectively and left constituencies like George, Stellenbosch and False Bay practically equal to the quota which enable it to bring the more extensive rural areas closer to the desired quota. The unloading in the rural areas, excluding these five areas, is 8·8 per cent. If these five areas are included, the unloading of the rural area amounts 7·2 per cent.

37. In the Orange Free State, Bloemfontein's two urban constituencies for the House of Assembly were loaded by 10·2 per cent on the average while the average unloading of the eleven rural constituencies was 1·8 per cent. In this connection it may be added that, although the Heilbron-Frankfort, Kroonstad, Odendaalsrus and Vredefort constituencies could still be considered as predominantly rural in character, a slight loading varying from 4 per cent to ·9 per cent has nevertheless been imposed on them. In the Province of Natal there are eight urban constituencies for the House of Assembly, upon which an average loading of 9·7 per cent has been imposed and seven rural constituencies with an average unloading of 11·1 per cent.

38. Since the Cape Province and Transvaal have an equal number of constituencies for the House of Assembly and the Provincial Council, the boundaries of the constituencies coincide in all cases. Natal and the Orange Free State do not enjoy this advantage as the number of seats for the Provincial Council was fixed at 25 by section *seventy-one* of the South Africa Act. In deliminating Provincial seats your Commission applied the same principles as those applied in delimiting constituencies for the House of Assembly.

39. The material changes effected by your Commission to the existence and the names of the constituencies established by the Ninth Commission in 1947 are shown hereunder:—

CAPE PROVINCE.

(*a*) Constituencies eliminated.....	Claremont. Mowbray. Calvinia. Victoria West. Woodstock. Port Elizabeth District.
(*b*) Constituencies amalgamated...	Caledon and Bredasdorp into a new constituency Caledon–Bredasdorp.
(*c*) New constituencies established.	Constantia. Maitland. False Bay. Prieska. Port Elizabeth West. Pinelands.
(*d*) Constituencies re-named.....	Bellville–Parow (previosuly Parow).

NATAL.

A.—HOUSE OF ASSEMBLY.

Constituency eliminated.....	Klip River.

B.—PROVINCIAL COUNCIL.

Constituency re-named.....	Weenen (previously Umvoti). Durban–Umgeni (previously Durban–Stamford Hill).
New constituency established.....	Umhlatuzana.
Constituency eliminated.....	Durban District.

TRANSVAAL.

(*a*) New constituencies established.	Vereeniging District. North Rand.
(*b*) Constituencies re-named.....	Geduld (previously North-East Rand). Florida (previously Johannesburg West).

ORANGE FREE STATE.

A.—HOUSE OF ASSEMBLY.

(*a*) New constituencies established.	Bloemfontein Central. Odendaalsrus.
(*b*) Constituency eliminated.....	Boshof–Hoopstad.
(*c*) Constituencies amalgamated...	Heilbron and Frankfort into a new constituency Heilbron–Frankfort.
(*d*) Constituency re-named.....	Fauresmith–Boshof (previously Fauresmith).

B.—PROVINSIALE RAAD.

(*a*) Nuwe kiesafdelings gestig.....	Bloemfontein-Noord. Welkom. Kroonstad-Noord. Kroonstad-Suid.
(*b*) Kiesafdelings saamgesmelt.....	Ladybrand en Wepener in 'n nuwe kiesafdeling Ladybrand–Wepener. Lindley en Reitz in 'n nuwe kiesafdeling Lindley–Reitz.
(*c*) Kiesafdelings afgeskaf.....	Bloemfontein-Sentraal. Kroonstad.

KAAPPROVINSIE.

VOLKSRAAD EN PROVINSIALE RAAD.

40. Uit 'n ondersoek van die kieserslyste van die Kaapprovinsie het dit geblyk dat aansienlike grensverskuiwings sou moet plaasvind. Dit was te wyte eerstens aan die feit dat die Kaapprovinsie een setel aan Transvaal moet afstaan; tweedens aan die groot toename van kiesers in die stedelike gebiede en die kleiner aanwas van bevolking in die plattelandse kiesafdelings sedert die laaste afbakening in 1947, en, derdens, dat die aanwas in die stede sowel as op die platteland nie eweredig plaasgevind het nie.

41. Die eerste taak van u Kommissie wat hierdie provinsie betref, was om te bepaal waar die setel afgeskaf moes word en u Kommissie is van mening dat die antwoord op hierdie vraag afhang van die volgende faktore:—

(i) Die geografiese ligging van die setel;
(ii) die gemeenskaplike belange van die kiesers in die omliggende gebiede, en die mate waartoe die verskillende streke en kiesafdelings hulle kieserstal gehandhaaf het; en
(iii) die geskiktheid van die kiesers vir aanwending om die tekort in omliggende kiesafdelings aan te suiwer en die mate waartoe so 'n aansuiwering grensverstorings meebring.

42. Aangesien die provinsie in sekere natuurlike streke verdeel is, is dit in die eerste plek nodig om na te gaan in watter van die verskillende streke die kiesafdeling afgeskaf moet word en, tweedens, nadat daar op die streek besluit is, watter spesifieke setel in die streek moet verdwyn.

43. Die stedelike gebiede word eerste behandel. By die ontleding van die statistiek het dit geblyk dat die stede Kaapstad, Oos-Londen en Kimberley genoeg kiesers het om hul huidige getal setels te handhaaf, en as hierdie setels as digbewoonde gebied verder belaai moet word daar voldoende stedelike kiesers in die aangrensende plattelandse kiesafdelings gevind kan word om hierdie belading te bewerkstellig. In die geval van Port Elizabeth het dit geblyk dat daar plattelandse en half-plattelandse gebiede aan die stadskompleks gevoeg was en dat selfs nadat sulke gebiede afgestaan is, die stad genoeg kiesers het om al sy setels, nadat dit belaai is, te handhaaf. Dit het spoedig duidelik geword dat dit nie 'n stedelike, dog 'n plattelandse setel is, wat afgeskaf sou moes word.

44. Wat die plattelandse setels betref, val hulle volgens u Kommissie se mening in sekere bepaalde streke en u Kommissie gaan nou oor tot die afsonderlike behandeling van elke streek.

45. Die eerste van hierdie streke bestaan uit die kiesafdelings wat deur Worcester en Caledon in die weste, Humansdorp in die ooste, en die Groot Karroo in die noorde en die see begrens word. In die geval van die kiesers in hierdie streek is daar 'n groot mate van gemeenskaplike belange, ofskoon dit wenslik sou wees om hulle sover moontlik te verdeel onder kusstreek-kiesafdelings en Klein Karoo-kiesafdelings. Hierdie kiesers pas nie goed aan by die Groot Karroo-gedeeltes nie en die bergreekse wat tussen die gebiede lê, bemoeilik ook verkeer tussen hulle. Die stemkrag in die onderhawige gebied het tot so 'n mate 'n tekort getoon dat as daar nie kiesers bygevoeg word nie, die kiesafdelings tot 10·5 persent gemiddeld ontlaai sou moes word. Hierdie gebied se kiesers kan egter tot 'n sekere mate aangevul word deur die kiesers in die gedeelte van die magistraatsdistrik van

B.—PROVINCIAL COUNCIL.

(*a*) New constituencies established.	Bloemfontein North. Welkom. Kroonstad North. Kroonstad South.
(*b*) Constituencies amalgamated...	Ladybrand and Wepener into a new constituency Ladybrand–Wepener. Lindley and Reitz into a new constituency Lindley–Reitz.
(*c*) Constituencies eliminated.....	Bloemfontein Central. Kroonstad.

CAPE PROVINCE.

HOUSE OF ASSEMBLY AND PROVINCIAL COUNCIL.

40. On examining the voters' lists for the Cape Province it appeared that considerable modification of boundaries was necessary. In the first instance this was due to the fact that the Cape Province had to surrender one seat to the Transvaal; in the second instance, to the large increase in the number of voters in the urban areas and the smaller increase in populaion in the rural constituencies since the previous delimitation in 1947, and, thirdly, to the fact that the increase in the cities as well as in the rural areas did not take place proportionately.

41. Your Commission's first task, as far as this province was concerned was to determine which seat had to be eliminated and your Commission was of the opinion that the answer to this question depended on the following factors:—

(i) The geographical position of the seat;
(ii) the common interests with the voters in the adjoining areas, and the extent to which the various areas and constituencies maintained their voting strength; and
(iii) the suitability of the voters to make good the deficiency in adjoining constituencies and the extent of boundary disturbances involved.

42. Since the province is divided into certain natural areas, it was necessary, in the first place, to determine in which area the constituency had to be eliminated and, secondly, after the area had been decided upon, which specific seat should disappear.

43. The urban areas are dealt with first. From an analysis of the statistics it appeared that the cities of Cape Town, East London and Kimberley had an adequate number of voters to maintain their present number of seats, and if these seats, as densely populated areas, were to be loaded further, sufficient urban voters could be found in the adjoining rural constituencies to effect this loading. In the case of Port Elizabeth it appeared that rural and semi-rural areas had been added to the urban complex and that, even after such areas had been surrendered, the city had enough voters to maintain all its seats after loading. It soon became evident that a rural and not an urban seat had to be eliminated.

44. As far as the rural areas are concerned, it is your Commission's opinion that they fall into certain definite areas and your Commission now proceeds to the individual treatment of each area.

45. The first of these areas consisted of the constituencies bounded by Worcester and Caledon in the west, Humansdorp in the east, and the Great Karoo in the north and the sea. In the case of the voters in this area there is a great measure of community of interests, although it would have been desirable to divide them as far as practicable, into coastal area constituencies and Little Karoo constituencies. These voters do not fit in well with the Great Karoo sections, and in addition, the mountain ranges between the areas hamper traffic between them. The voting strength in the area in question showed a deficiency which, if voters had not been added, it would have necessitated the unloading of the constituencies by an average of 10·5 per cent. The voters of this area could, however, be supplemented in a measure by a retransfer of the voters in the section of the magisterial

Ladismith wat deur die laaste afbakeningskommissie by Ceres gevoeg is, weer terug te plaas. Volgens die mening van u Kommissie kon 'n setel in hierdie streek nie afgeskaf word nie.

46. Die kiesafdelings Stellenbosch, Paarl, Malmesbury, Moorreesburg en Piketberg vorm ook 'n eenheid as gevolg van die bergreekse wat teen die weskus oploop. Piketberg wat heel op die punt van hierdie reeks kiesafdelings lê, vind wel aansluiting by die kiesafdelings Namakwaland en Calvinia, maar in sy geheel behoort hy beter tuis by die graan- en vrugtedele na die suide. Hierdie kiesafdelings het hul stemkrag ook nie gehandhaaf nie. Nadat van die suiwer stedelike kiesers by Milnerton en Bellville aan Kaapstad afgegee is, sal hierdie kiesafdelings, as hulle moet voortbestaan, ontlaai moet word met meer dan 12 persent. Hierdie kiesafdelings kan nie aangevul word met kiesers uit Kaapstad nie aangesien daar geen gemeenskaplike belange tussen hulle bestaan nie. Die kiesafdeling Piketberg behels vandag die helfte van die besproeiingsgebied van die Onder-Olifantsrivier. As die ander helfte van die besproeiingsgebied wat tans onder Namakwaland ressorteer, aan Piketberg gevoeg word, sal Piketberg tot 'n groot mate bestaan uit bewoners in die bekken van die Olifantsrivier. Dit is 'n kiesafdeling van 'n baie homogene geaardheid met kiesers wat 'n groot mate van gemeenskaplikheid van belang besit en tradisioneel bymekaar hoort. Dit het verder die gevolg dat die ander kiesafdelings in hierdie gebied tot 'n groot mate hul ou grense kan behou en, insoverre as wat daarvan afgewyk word, daar kiesers met dieselfde gemeenskapbelange uit aangrensende kiesafdelings by die bestaande kiesafdelings gevoeg kan word. Verder het dit ook die gevolg dat Tulbagh en Wolseley, wat tradisioneel sowel as uit die aard van hul gemaanskaplike belange, by Ceres hoort, dan aan Ceres gevoeg kan word. U Kommissie voel dus dat uit die oogpunt van getalle en gemeenskaplike belange gesien, hierdie gebied nie 'n kiesafdeling moet prysgee nie.

47. U Kommissie is van mening dat die setels Gordonia, Kuruman, Vryburg en Kimberley-Distrik wat ten noorde van die Grootrivier lê, weens hul aardrykskundige ligging en hul verkeer met mekaar, 'n eenheid vorm. Met uitsondering van die kiesafdeling Kuruman, het die kiesafdeling in hierdie gebied hul stemkrag tot 'n groot mate gehandhaaf. As daar nie kiesers by hierdie kompleks gevoeg word nie, sal hierdie vier kiesafdelngs tot op 12 persent ontlaai moet word. Die byvoeging van kiesers aan hierdie gebied kan nie maklik geskied nie en die kiesers uit hierdie gebied kan nie maklik aangewend word om die tekort aan kiesers in die aangrensende gebiede aan te suiwer nie. U Kommissie is dus van mening dat hierdie gebied nie 'n kiesafdeling moet prysgee nie.

48. Die gebied wat begrens word deur die see en die kiesafdelings Somerset-Oos, Cradock, Aliwal en Transkeigebied, met uitsluiting van die stedelike gebiede van Port Elizabeth en Oos-Londen en die kiesafdeling Uitenhage, wat in stemkrag so toegeneem het dat dit sy landelike dele kan afstaan om 'n suiwer stedelike kiesafdeling te word, het ook nie hul stemkrag gehandhaaf nie. As hierdie kiesafdelings behoue moet bly sonder om verdere kiesers by te voeg, moet hulle met meer as 11 persent ontlaai word. Hierdie kiesafdelings met moeilike verbindings en verskeidenheid van belange, vorm tog tot so 'n mate 'n geografiese geheel dat hulle mekaar kan aanvul sonder om die beginsels van die Zuid Afrika Wet geweld aan te doen. Die oortollige kiesers in die omgewing van Port Elizabeth en Uitenhage kan goed aangewend word ter aanvulling van die tekort aan kiesers in hierdie streek. Dit is ook moontlik om die tekort aan kiesers in Cradock met kiesers uit Graaff-Reinet aan te vul wat tradisioneel by Cradock hoort. Die verdwyning van 'n kiesafdeling in hierdie gebied sou ook beteken dat sy kiesers nie maklik aangewend kon word om tekorte aan kiesers in die ander gebiede aan te suiwer nie. U Kommissie het dus tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie gebied ook nie 'n kiesafdeling moet prysgee nie.

49. Die gebied wat uit die kiesafdelings Namakwaland, Calvinia, Victoria-Wes, Beaufort-Wes, Ceres, Graaff-Reinet en De Aar-Colesberg bestaan, het sy stemkrag van al die gebiede in die Provinsie die minste gehandhaaf.

district of Ladismith added to Ceres by the previous delimitation commission. In the opinion of your Commission a seat could not be eliminated in this area.

46. The Stellenbosch, Paarl, Malmesbury, Moorreesburg and Piketberg constituencies also form a whole owing to the mountain ranges running along the west coast. Piketberg, situated right at the end of this series of constituencies, has some connection with the Namaqualand and Calvinia constituencies, but as a whole it belongs more properly to the grain and fruit-growing areas to the south. Moreover, these constituencies did not maintain their voting strength. After the surrender to Cape Town of some of the purely urban voters at Milnerton and Bellville, these constituencies, if they are to survive, will have to be unloaded by more than 12 per cent. These constituencies cannot be supplemented by voters from Cape Town, as there is no community of interests between them. The Piketberg constituency today comprises half of the irrigation area of the Lower Olifants River. If the remaining half of the irrigation area, at present falling under Namaqualand, were to be added to Piketberg, Piketberg would to a large extent consist of voters in the Olifants River basin. This is a constituency of a very homogeneous character; its voters have many common interests and traditionally belong together. This further allows the other constituencies in this area largely to retain their old boundaries, and, in so far as any departure therefrom occurs, voters from the adjoining constituencies having the same common interest to be added to the existing constituencies. In addition it would then be possible for Tulbagh and Wolseley, which traditionally as well as from the nature of their common interests belong to Ceres, to be added to the latter. Your Commission therefore feels that in view of numbers and community of interests this areas should not give up a constituency.

47. Your Commission is of the opinion that the seats Gordonia, Kuruman, Vryburg and Kimberley District, situated north of the Orange River, constitute a whole owing to their geographical situation and their communications. With the exception of the Kuruman constituency, the constituencies in this area maintained their voting strength to a large extent. Unless voters are added to this complex, these four constituencies will have to be unloaded by 12 per cent. The addition of voters to this area involves some difficulty and the voters from this district cannot easily be transferred to make good the deficiency of voters in the adjoining areas. Your Commission is therefore of the opinion that this area should not give up a constituency.

48. The area bounded by the sea and the constituencies of Somerset East, Cradock, Aliwal and the Transkeian Territories, excluding the urban areas of Port Elizabeth and East London and the constituency of Uitenhage whose voting power has increased to such an extent that it is in a position to surrender its rural sections to become a purely urban constituency, also did not maintain their voting strength. If these constituencies have to be retained without the addition of more voters, they will have to be unloaded by more than 11 per cent. These constituencies with difficult communications and diversity of interests, nevertheless form a geographical whole to such an extent that their mutual supplementation may be effected without violating of the principles of the South Africa Act. The superfluous voters in the vicinity of Port Elizabeth and Uitenhage could conveniently be used to supplement the deficiency of voters in this area. It is also possible to supplement the deficiency of voters in Cradock by voters from Graaff-Reinet, which traditionally belongs to Cradock. The elimination of a constituency in this area would also mean that it would be difficult to use its voters for supplementing deficiencies of voters in the other areas. Your Commission therefore, came to the conclusion that also this area should not give up a constituency.

49. Of all the areas in the Province, the area consisting of the constituencies of Namaqualand, Calvinia, Victoria West, Beaufort West, Ceres, Graaff-Reinet and De Aar-Colesberg, least maintained its voting strength. If its

As sy huidige aantal kiesafdelings moet behou word, sonder die byvoeging van verdere kiesers, sal sy kiesafdelings met meer as 15 persent gemiddeld ontlaai moet word, wat nie regtens toegelaat is nie. Die geografiese ligging van hierdie kiesafdelings is sodanig dat hulle mekaar die maklikste kan aanvul van al die kiesafdelings in die Kaapprovinsie. Daar is geen hoë bergreekse wat die samevoeging van kiesers bemoeilik nie. Die geaardheid van die boerdery in die een afdeling pas goed aan by die ander en daar bestaan 'n groot mate van gemeenskaplikheid van belange onder hulle. Die gebied is ook so sentraal geleë dat die tekorte in die aangrensende gebiede maklik en met behoorlike inagneming van die bepalings van die Zuid Afrika Wet uit hierdie gebied aangevul kan word. So kan daar kiesers langs die Onder-Olifantsrivier aan Piketberg afgegee word en kiesers in die omgewing van Ladismith aan Swellendam. Die tekort aan kiesers in die Gordonia-Kuruman-Vryburg-Kimberley-distrik kompleks kan uit hierdie gebied ten noorde van die Oranjerivier aangevul word met kiesers wat goed daarby aanpas. Die stemkrag in die Oostelike Provinsie en die Grensgebied kan ook aangesuiwer word met kiesers wat gemeenskaplikheid van belange besit en by hierdie gebiede tuishoort.

50. Van die kiesafdelings in die onderhawige gebied is Calvinia die een wat die mees uitgetrek en onooglik is. Sy kiesers kan gerieflik by aangrensende kiesafdelings gevoeg word en wel op 'n manier wat die beginsel van gemeenskaplike belange nie geweld aandoen nie. Die byvoeging van sy kiesers aan aangrensende kiesafdelings stel dié afdelings verder in die meeste gevalle instaat om geskikte kiesers af te gee aan nog ander setels wat kiesers kortkom. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat dit hierdie gebied is wat 'n kiesafdeling moet prysgee en wel die kiesafdeling Calvinia. Daar is aan u Kommissie voorgestel dat Graaff-Reinet die kiesafdeling is wat afgeskaf moet word. U Kommissie is van mening dat die afskaffing van Graaff-Reinet in plaas van Calvinia nie geregverdig is nie. Graaff-Reinet het sy stemkrag beter gehandhaaf as Calvinia. Graaff-Reinet is 15·3 persent onder kwota terwyl Calvinia 21·6 persent onder kwota is. U Kommissie meen dat die kiesers van Calvinia ook beter aangewend kan word om die gemeenskaplikheid van belange in die oorblywende kiesafdelings te behou.

51. Die Kaapprovinsie beslaan 'n oppervlakte van 276,536 vierkante myl, wat 58·6 persent van die totale oppervlakte van die Unie uitmaak. 'n Bietjie meer as 'n derde van die getal Volksraadsetels wat by hierdie afbakening betrokke is, word aan die provinsie toegeken. Die provinsie het groot dele van 'n woestynagtige aard wat baie yl bevolk is. Dit het ander dele ook wat baie bergagtig is met moeilike verbindings. Sy geografie is van so 'n aard dat daar baie uiteenlopende belange is. Hierdie omstandighede bring mee dat daar 'n groot aantal setels is wat ooreenkomstig die beginsels van die Zuid Afrika Wet sterk ontlaai behoort te word. Die ontlading is egter baie bemoeilik deur die feit dat daar, met uitsondering van Kaapstad, geen groot digbewoonde streke is nie. Die gevolg hiervan is dat, ofskoon die digbewoonde gebiede in die Kaapprovinsie, naamlik Kaapstad, Port Elizabeth, Uitenhage, Oos-Londen en Kimberley, in vergelyking met al sulke gebiede in die Unie, die swaarste belaai is, dit tog nie nie moontlik was om die gewenste ontlading te bewerkstellig in die meer uitgestrekte gebiede nie. Om die posisie 'n weinig te verhelp, het u Kommissie soos reeds gemeld die kiesafdelings Paarl, Worcester en George ook belaai.

52. Nieteenstaande gemelde belading is daar tog nog 'n groot aantal plattelandse kiesafdelings wat u Kommissie weens hulle uitgestrekte aard graag swaarder sou wou ontlaai het, dog u Kommissie het gevoel dat hulle dit nie kon doen ten koste van 'n nog swaarder belading van die digbewoonde dele nie.

53. U Kommissie bespreek vervolgens die meer ingrypende veranderings by hierdie afbakening. By dié bespreking sal u Kommissie ook verder die belading en ontlading van die verskillende kiesafdelings behandel.

present number of constituencies is to be retained without the addition of further voters, its constituencies will have to be unloaded on an average by more than 15 per cent, which would be in conflict with the law. The geographical situation of these constituencies is such that they can supplement one another more conveniently than any of the constituencies in the Cape Province. There are no high mountain ranges making it difficult to combine the voters. The nature of the type of farming in the one division fits in well with that of the other and there is a large measure of community of interests between them. Moreover, the area is so centrally situated that deficiencies in the adjoining areas could easily and with due observance of the provisions of the South Africa Act be supplemented from this area. Thus voters along the Lower Olifants River could be surrendered to Piketberg and voters in the vicinity of Ladismith to Swellendam. The deficiency of voters in the Gordonia-Kuruman-Vryburg-Kimberley District complex could be supplemented with suitable voters from this area to the north of the Orange River. The voting strength in the Eastern Province and the Border area could also be adjusted by voters having community of interests and properly belonging to these areas.

50. Of the constituencies in the area in question, Calvinia is the most extensive and inelegant. Its voters may conveniently be added to adjoining constituencies in a manner not in conflict with the principle of community of interests. The addition of its voters to adjoining constituencies further enables those divisions in the majority of cases to surrender suitable voters to still further seats requiring voting strength. Under these circumstances your Commission arrived at the conclusion that this area should lose a constituency, namely Calvinia. It was suggested to your Commission that the Graaff-Reinet constituency should be eliminated. Your Commission is of the opinion that the elimination of Graaff-Reinet instead of Calvinia would not be justified. Graaff-Reinet was more successful in maintaining its voting strength than Calvinia. Graaff-Reinet was 15·3 per cent below quota while Calvinia was 21·6 per cent below quota. Your Commission is of the opinion that the voters of Calvinia could also be used more advantageously to retain the community of interests in the remaining constituencies.

51. The Cape Province covers an area of 276,536 square miles, which is 58·6 per cent of the total area of the Union. Slightly more than one-third of the number of House of Assembly seats concerned in this delimitation is allocated to this province. Large areas of the province are of a desertlike nature and sparsely populated. There are also other areas which are very mountainous making communications difficult. Its geography is such that there is a wide divergence of interests. As a result of these conditions there is a large number of seats requiring to be drastically unloaded according to the principles of the South Africa Act. This unloading cannot, however, be readily achieved owing to the fact that, with the exception of Cape Town, there are no large, densely populated areas. Consequently it was still not possible to achieve the desired unloading in the more extensive areas, even though the densely populated areas in the Cape Province, namely Cape Town, Port Elizabeth, Uitenhage, East London and Kimberley were compared with all such areas in the Union, most heavily loaded. To rectify the position somewhat your Commission, as already stated, also loaded the constituencies of Paarl, Worcester and George.

52. Notwithstanding the loading referred to, there is still a large number of rural constituencies which your Commission would have desired to unload to a greater extent because of their extensiveness, but your Commission felt that this could not be done at the expense of an even heavier loading of the densely populated areas.

53. Your Commission now proceeds to a discussion of the more radical changes in this delimitation. In this discussion your Commission will also further deal with the loading and unloading of the various constituencies.

54. In die kiesgebied van Kaapstad het die swaartepunt van kiesers heelwat verskuif. Uit 'n ontleding van die statistiek het geblyk dat daar 'n aansienlike toename van kiesers in die kiesafdelings Suid-Skiereiland en Wynberg plaasgevind het; so ook in die noordelike voorstede en Kaapse Vlakte. Dit het ook aan die lig gebring dat in die ouer deel van die stad, wat by die laaste afbakening uit die kiesafdelings Soutrivier, Woodstock, Kaapstad-Kasteel, Groenpunt, Kaapstad-Tuine en Seepunt bestaan het, die aanwas van kiesers so gering was dat 'n kiesafdeling in hierdie gebied moet verdwyn. Die aanwas van kiesers in die noordelike voorstede en die byvoeging van die stedelike kiesers uit Malmesbury en Stellenbosch aan hierdie gebied, het dit nodig gemaak om 'n nuwe setel in die noordelike voorstede te skep. Selfs deur 'n swaar belading van die Kaapstadse kiesafdelings is dit nie moontlik—tensy hierdie belading onredelik swaar word—om al die stedelike kiesers binne die stedelike kiesafdelings saam te trek nie.

55. Daarenteen regverdig die stemkrag van Kaapstad ook nie die skepping van 'n verdere stedelike kiesafdeling nie. Dit sou meebring 'n daling in die belading van die stedelike setels, met die gevolg dat die uitgestrekte en ylbevolkte dele van die provinsie nie na wense ontlaai kon word nie.

56. Die vraag ontstaan nou oor die wyse waarop die aanwas bo die kwota van kiesers in die verskillende dele van die stad aangewend moet word. Nie alleen ten opsigte van die afbakening van die stedelike kiesafdelings op sigself nie, maar ook hoe en aan watter kiesafdeling nie oortollige kiesers van Kaapstad afgegee moet word. U Kommissie kon geen regverdiging vind om die kiesers van Milnerton, wat suiwer stedelik van aard is, in die plattelandse kiesafdeling Malmesbury te laat nie. U Kommissie is ook van mening dat die kiesers van Bellville suiwer stedelik van aard is en by die stadskompleks tuishoort en nie in 'n kiesafdeling soos Stellenbosch nie. U Kommissie was verder van mening dat, indien moontlik, die kiesers van Tiervlei en Bellville-Suid, wat tans onder Hottentots Holland ressorteer, in die stedelike kompleks opgeneem moet word. Getalsoorwegings het egter nie toegelaat dat al dié kiesers in die stedelike gebied opgeneem word nie. U Kommissie het verder ook gevoel dat waar daar oortollige stedelike kiesers is, hulle, indien moontlik, in een kiesafdeling geplaas moet word en by voorkeur in 'n omstedelike gebied of 'n kiesafdeling met groot dorpe. Die enigste kiesers wat weggeneem kon word is dié van Milnerton en die noordelike voorstede en dié wat in die omstedelike gebied van Kaapse Vlakte geregistreer is. Die kiesers van die noordelike voorstede verleen hulle nie tot byvoeging aan een van die plattelandse kiesafdelings nie. Die kiesers van Milnerton het met die res van die kiesers van Malmesbury feitlik geen gemeenskaplike belang nie. Daar is voorgestel dat die kiesers van Bellville in 'n nuwe setel geplaas moet word. Hierdie setel sou bestaan uit die bestaande kiesafdeling Malmesbury, met uitsluiting van Milnerton, Blaauwberg Strand, die helfte van die dorp Wellington, dié gedeelte van Wellington distrik wat teen die berg lê en die dorp Malmesbury self, en sou volgens voorstel „Bellville" genoem word. Dit sou beteken dat 6,114 stedelike kiesers by Bellville hulle naam verleen aan 'n groot plattelandse kiesafdeling wat van Wellington strek tot aan die weskus. Dit sou verder beteken dat voorstedelike kiesers van Kaapstad opgeneem word in 'n groot plattelandse gebied waarmee hulle weinig in gemeen het. U Kommissie voel dat daar ewemin regverdiging bestaan vir die byvoeging van Bellville aan so 'n kiesafdeling as vir die byvoeging van Milnerton aan Malmesbury. Beide gebiede is streng stedelik van aard. Langs hierdie noordelike deel van die stad is daar geen onstedelike ontwikkeling van enige omvang nie. Om hierdie kiesers by 'n omstedelike gebied te voeg was dus buite die kwessie.

57. Daarenteen is daar aan die vlakte se kant van die stad groot omstedelike ontwikkeling, asook 'n aantal klein plasies wat vir jare al in die kiesafdeling Hottentots Holland val. U Kommissie het dus tot die besluit gekom dat die byvoeging aan Hottentots Holland van die orige

54. In the electoral area of Cape Town, the central point of the concentration of voters shifted considerably. From an analysis of the statistics it appeared that there was a considerable increase in the number of voters in the constituencies of South Peninsula and Wynberg and also in the northern suburbs and the Cape Flats. It also brought to light that the increase of voters in the older part of the city, consisting at the previous delimitation of the constituencies of Salt River, Woodstock, Cape Town Castle, Greenpoint, Cape Town Gardens and Sea Point, was so slight that a constituency in this area had to be eliminated. The increase of voters in the northern suburbs and the addition of the urban voters from Malmesbury and Stellenbosch to this area necessitated the creation of a new seat in the northern suburbs. Even with a heavy loading of the Cape Town constituencies it was not possible—unless this loading was to become unreasonably heavy—to concentrate all the urban voters within the urban constituencies.

55. On the other hand, the voting strength of Cape Town does not justify the creation of a further urban constituency. This would involve a lowering of the loading of the urban seats, with the result that the extensive and sparsely populated areas of the province could not be unloaded as desired.

56. The question now arises as to the manner in which the increase of voters above the quota in the various parts of the city should be disposed of, not only in respect of the delimitation of the urban constituencies themselves, but also how and to which constituency the surplus voters of Cape Town should be surrendered. Your Commission could find no justification for leaving the voters of Milnerton, which is purely urban in character, inside the rural constituency of Malmesbury. Your Commission is also of the opinion that the voters of Bellville are of a purely urban nature, belonging rather to the urban complex than to a constituency like Stellenbosch. Your Commission was further of the opinion that, if possible, the voters of Tiervlei and Bellville South, at present falling under Hottentots Holland, should be incorporated in the urban complex. Numerical considerations, however, did not permit of the incorporation of all those voters into the urban area. Your Commission further felt that where these were superfluous urban voters they should, if possible, be placed in one constituency and preferably in a peri-urban area or a constituency having large towns. The only voters who could be taken away were those of Milnerton and the northern suburbs and those registered in the peri-urban area of the Cape Flats. The voters of the northern suburbs cannot conveniently be added to one of the rural constituencies. The voters of Milnerton have practically no common interests with the rest of the voters of Malmesbury. It was suggested that the voters of Bellville be placed in a new seat. This seat was to consist of the existing constituency of Malmesbury, with the exclusion of Milnerton, Blaauwberg Strand, half of the town of Wellington, that part of Wellington District situated on the slopes of the mountain and the town of Malmesbury itself, for which the name "Bellville" was proposed. This would mean that 6,114 urban voters at Bellville would give their names to a large rural constituency extending from Wellington to the West Coast. It would further mean the incorporation of suburban voters of Cape Town into a large urban area with which they have little in common. Your Commission felt that there was as little justification for the addition of Bellville to such a constituency as for the addition of Milnerton to Malmesbury. Both areas are of a strictly urban nature. Along this northern part of the town there has been no peri-urban development of any importance. To add these voters to a peri-urban area was, therefore, out of the question.

57. On the other hand, in the direction of the Flats there has been extensive peri-urban development; there is also a number of small farms which for many years have formed part of the constituency of Hottentots Holland. Your Commission therefore decided that the addition of the remaining voters of Cape Town to Hottentots Holland would least disturb the whole of the urban complex and that those voters would be quite at home

kiesers van Kaapstad die minste geweld doen aan die hele stedelike kompleks en dat dié kiesers 'n tuiste sou vind in 'n gebied waar daar reeds soortgelyke kiesers is. Die byvoeging van die kiesers aan Hottentots Holland, wat reeds oor kwota was, het beteken dat Hottentots Holland, op sy beurt, weer 'n aansienlike getal kiesers sou moet afstaan. Die aanwas van kiesers in Paarl was sodanig dat dit nie moontlik was om die oortollige kiesers in Somerset-Wes noordwaarts deur Stellenbosch te stoot sonder om ingrypende veranderings teweeg te bring nie. Tegelykertyd is gevoel dat daar 'n tekort aan kiesers bestaan in die kiesafdelings, wat van Worcester en Caledon strek ten suide van die berge tot by Humansdorp en dat kiesers in hierdie rigting verplaas kan word. Onder die omstandighede het u Kommissie dus tot die gevolgtrekking gekom dat Hottentots Holland die aangewese kiesafdeling is om die oortollige kiesers te absorbeer. Die uitwerking hiervan sal later bespreek word.

58. Suid-Skiereiland is 23·5 persent oor kwota. Seepunt is 2·5 persent onder kwota. U Kommissie is van mening dat Seepunt aansienlik hoër belaai moet word, en het tegelykertyd ook gevoel dat nadat die Constantiagebied by die laaste afbakening uit die kiesafdeling Suid-Skiereiland verplaas is, Houtbaai nie langer goed by die kiesafdeling Suid-Skiereiland pas nie. U Kommissie het dus die stemdistrik wat Houtbaai insluit by Seepunt gevoeg waaronder hy goed ressorteer beide uit die oogpunt van gemeenskaplike belang as verbindings. Dit het Suid-Skiereiland nog met 'n aansienlike surplus van kiesers gelaat. By die laaste afbakening is die plaaslike bestuurgebied van Bergvliet in twee gedeel. Dit het destyds nie saak gemaak nie, want dié deel van Bergvliet wat in Suid-Skiereiland geleë was, was toe nog nie as 'n woongebied ontwikkel nie. U Kommissie het dus besluit om hierdie gedeelte ook oor te plaas teneinde Bergvliet in sy geheel te herstel. Selfs hierna was daar nog 'n aansienlike oorskot van kiesers in Suid-Skiereiland en ten einde Suid-Skiesreiland se kwota tot op die gewenste sterkte te bring, het u Kommissie 'n groot deel van die Retreat-gebied wat onderkant die treinspoor geleë is, aan Wynberg gevoeg. Dit het Suid-Skiereiland van geaardheid nie veel verander nie en het beteken dat drie groepe kiesers van hom afgegee word aan gebiede by wie hulle beter tuishoort.

59. Die kiesafdeling Wynberg was reeds 30·6 persent oor kwota en met die byvoeging van die verdere kiesers uit Suid-Skiereiland het dit toe te staan gebring op meer as 40 persent bo kwota. Uit die aard van die saak moes hierdie setel dus 'n groot deel van sy kiesers afstaan en die vraag het ontstaan van watter deel. U Kommissie het gevoel dat die gebied Bergvliet en Constantia goed aansluit by die aangrensende kiesafdeling Claremont en dat die orige gedeelte van Wynberg dan uit kiesers van 'n meer homogene geaardheid sou bestaan. U Kommissie het gevolglik hierdie dele afgegee aan Claremont. Tegelykertyd het u Kommissie dié deel van Wynberg wat onderkant die stasie en langs Youngsfield lê en in Claremont geval het, teruggeplaas by Wynberg. Sodoende is 'n deel van die kiesafdeling Claremont wat geografies en uit die oogpunt van gemeenskaplike belange gesien, baie beter by Wynberg as by Claremont pas, teruggeplaas in die kiesafdeling Wynberg waar dit tuishoort. Hierdie kiesafdeling bevat die hele dorpsgebied van Wynberg en is taamlik dig bewoon deur kiesers van 'n soortgelyke aard. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie besluit om Wynberg 12·2 persent te belaai.

60. Die kiesafdeling Claremont was 2·2 persent bokant kwota en in u Kommissie se mening te laag belaai. Die dorpsgebied van Claremont is met 'n winkelhaak aan hierdie kiesafdeling gesny en, behalwe vir die mense wat in die Lansdowneweg-gebied woon, toon hulle weinig gemeenskap van belange met die res van die kiesafdeling. U Kommissie het derhalwe besluit om die dorpsgebied van Claremont af te sny en om die Newlands Houselandgoed uit Rondebosch by Claremont te voeg, as synde mense wat 'n groter gemeenskaplikheid van belange toon met die res van die kiesafdeling. U Kommissie het vervolgens om dieselfde redes die kiesers wat onderkant Rosmead Avenue woon, oorgeplaas na Kaapse Vlakte.

in an area already having voters of a similar type. The addition of the voters to Hottentots Holland, already above quota, meant that Hottentots Holland would in turn have to surrender a considerable number of voters. The increase of voters in Paarl was such that it was not possible to force the superfluous voters in Somerset West northwards through Stellenbosch without bringing about drastic changes. At the same time it was felt that a deficiency of voters existed in the constituencies extending from Worcester and Caledon south of the mountains to Humansdorp and that voters could be transferred in this direction. Under the circumstances your Commission, therefore, came to the conclusion that Hottentots Holland was the proper constituency to absorb the superfluous voters. The effect of this will be discussed at a later stage.

58. South Peninsula is 23·5 per cent above quota. Sea Point is 2·5 per cent below quota. Your Commission was of the opinion that Sea Point should be loaded to a considerably heavier degree, and at the same time felt that, after the transfer of the Constantia area from the constituency of South Peninsula at the previous delimitation, Hout Bay no longer fitted in well with the constituency of South Peninsula. Your Commission, therefore, added the polling district which included Hout Bay to Sea Point where it fits in well, both from the point of view of common interests and communications. This still left South Peninsula with a considerable surplus of voters. At the previous delimitation the local authority area of Bergvliet was split into two. At that time it was of no importance as that part of Bergvliet situated in the South Peninsula had not yet developed as a residential area. Your Commission, therefore, decided also to transfer this part in order to restore Bergvliet in its entirety. Even then there still remained a considerable surplus of voters in South Peninsula and, in order to bring the South Peninsula quota to the desired strength, your Commission added a large part of the Retreat area situated below the railway line, to Wynberg. This did not change the character of South Peninsula to any great extent and meant that three groups of voters were surrendered by it to areas where they more properly belonged.

59. The constituency of Wynberg was already 30·6 per cent above quota and with the addition of the further voters from South Peninsula it was brought up to more than 40 per cent above quota. In consequence this seat had to surrender a large number of its voters, and the question arose: Which part? Your Commission felt that the area Bergvliet and Constantia fitted in well with the adjoining constituency of Claremont and that the remaining portion of Wynberg would then consist of voters of a more homogeneous character. Your Commission accordingly surrendered these parts to Claremont. At the same time your Commission retransferred to Wynberg that part situated below the station and adjoining Youngsfield, which previously belonged to Claremont. Thus a part of the constituency of Claremont which geographically and from the community of interests point of view fitted in much better with Wynberg than with Claremont, was retransferred to the constituency of Wynberg where it belonged. This constituency comprises the whole of the Township of Wynberg and is fairly densely populated by voters of a similar type. Under these circumstances your Commission decided to load Wynberg by 12·2 per cent.

60. The constituency of Claremont was 2·2 per cent above quota and in the opinion of your Commission not sufficiently loaded. The Township of Claremont adjoins this constituency at an angle and, except for the voters in the Lansdowne Road area, there is little community of interest with the rest of the constituency. Your Commission, therefore, decided to cut off the Township of Claremont and to transfer the Newlands House Estate from Rondebosch to Claremont, as the voters concerned show a greater community of interests with the rest of the constituency. Thus, for the same reasons, your Commission transferred the voters residing below Rosmead Avenue to Cape Flats. These voters fitted in better with Cape

Dit is mense wat beter by Kaapse Vlakte pas. Indien die syfers dit toegelaat het, sou u Kommissie graag gedeelte van die kiesers wat langs Lansdowneweg woon en nou nog in die kiesafdeling onder bespreking val, afgegee het aan Kaapse Vlakte, dog ongelukkig laat die syfers dit nie toe nie. Hierdie kiesafdeling, wat baie homogeen is, is 9·3 persent belaai. Die dorpsgebied Claremont het sy naam aan hierdie kiesafdeling verleen en aangesien dit nou daarvan afgesny is, is die setel Constantia hernoem.

61. Die kiesafdeling Kaapse Vlakte was 33·4 persent bokant kwota, met die gevolg dat dit 'n aansienlike aantal kiesers moes afstaan. Die kiesafdeling het gestrek van Valsbaaikus af langs Grassy Park tot by die hoofspoorlyn om sodoende Pinelands, Athlone, Crawford, Lansdowne en Ottery in te sluit. U Kommissie het gevoel dat die bewoners van Pinelands weinig gemeenskaplike belange het met die bewoners van die res van die kiesafdeling. Die verbindings tussen Pinelands en die res van die kiesafdeling is ook van 'n karige aard. Volgens u Kommissie se mening pas die kiesers van Pinelands beter aan by en het hulle 'n groter mate van gemeenskaplike belange met, die kiesers van Rondebosch wat onderkant Campgroundweg lê. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie die Pinelandse kiesers oorgeplaas uit Kaapse Vlakte en gevoeg by die Rondebosch-Mowbray kompleks. Hierdie kiesers tesame met die kiesers wat reeds uit Claremont verkry is, het laasgenoemde twee kiesafdelings ver oorlaai. U Kommissie het gemeen dat die kiesers op Pinelands die beste aansluit met die kiesers van Rondebosch wat onderkant die Campground-weg woon. Dit is kiesers wat tot 'n groot mate gemeenskaplike belange het en om dié rede het u Kommissie hulle in een kiesafdeling geplaas en dit Pinelands genoem. Hierdie setel is 11·1 persent belaai, daar dit 'n digbewoonde deel is. Die gevolg van hierdie verandering is dat die oorblywende kiesers van die bestaande kiesafdeling Rondebosch en Mowbray hoofsaaklik tussen Campground-weg en die berg lê. Hierdie gebied sluit in die besigheidsdele van Claremont, Rondebosch en Mowbray en is ook 'n gebied waar daar baie woonstelle en losieshuise is en het origens verskeie woongebiede van dieselfde geaardheid. Dit het te veel kiesers gehad vir een setel en u Kommissie het dus dié deel van Observatory wat meer 'n werkersbuurt is en wat onder die kiesafdeling Mowbray ressorteer, afgesny en sodoende die kiesafdeling meer gelyksoortig gemaak. Die setel is Rondebosch genoem, daar dit die dorp Rondebosch insluit wat 'n sentrale deel van die kiesafdeling is. Daar hierdie setel dig bewoon is, is dit 10·4 persent belaai.

62. Die kiesafdeling Seepunt, nadat Houtbaai daaraan gevoeg was, was, volgens u Kommissie, nog nie swaar genoeg belaai nie. Verdere kiesers is derhalwe verkry deur 'n klein blok kiesers langs die seekus uit Groenpunt by te voeg.

63. Groenpunt was 1·9 persent onder kwota en dit is deur een van die partye voorgestel dat hierdie tekort aangevul word deur Milnerton aan Groenpunt te voeg en die setel dan Tafelbaai te noem. As beweergrede hiervoor is aangevoer dat Milnerton weinig gemeenskap van belang het met enige gebied in sy onmiddellike omgewing en dat die kiesers in Milnerton groter gemeenskap van belang met dié in Groenpunt het as met dié in enige ander naburige gebied. U Kommissie is van mening dat dit wel so is dat die kiesers op Milnerton weinig gemeenskaplike belang toon met die kiesers in sy onmiddellike omgewing en ook dat hulle tot op sekere hoogte groter gemeenskaplike belang toon met die kiesers in Groenpunt, dog u Kommissie het gevoel dat die afstand tussen Groenpunt en Milnerton, tesame met die feit dat die gebied wat hulle aanmekaar sou skakel feitlik onbewoonde strandkus is, faktore is wat so 'n samevoeging nie wenslik maak nie. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie besluit om Groenpunt se gebrek aan kiesers aan te vul deur die byvoeging van dié deel van die kiesafdeling Kaapstad-Tuine wat langs Seinheuwel lê en bekend staan as die „Slamse Buurt", sowel as die Botaniese Tuine en die Parlementshuis. U Kommissie is van mening dat dit die kiesers is wat die beste aanpas by die bestaande kiesafdeling Groenpunt. Daar is teen hierdie byvoeging van

Flats. Had numbers made it possible, your Commission would have preferred to surrender to Cape Flats part of the voters residing along Lansdown Road at present falling in the constituency under discussion, but unfortunately the numbers do not allow of this. This constituency, which is very homogeneous, is loaded by 9·3 per cent. The constituency derived its name from the Township of Claremont and as it has now been separated from it, the seat has been re-named Constantia.

61. The Cape Flats constituency was 33·4 per cent above quota, with result that it had to surrender a considerable number of voters. The constituency extended from False Bay Coast along Grassy Park to the main railway line, thus including Pinelands, Athlone, Crawford, Lansdowne and Ottery. Your Commission felt that the residents of Pinelands had few interests in common with the residents of the rest of the constituency. The communications between Pinelands and the remainder of the constituency are also rather inadequate. In the opinion of your Commission the voters of Pinelands fit in better and have a larger measure of common interests with the voters of Rondebosch below Campground Road. Under these circumstances your Commission transferred the Pinelands voters from Cape Flats and added them to the Rondebosch-Mowbray complex. These voters, together with the voters from Claremont unduly overloaded the latter two constituencies. Your Commission was of the opinion the Pinelands voters fitted in best with the voters of Rondebosch residing below the Campground Road. Because these voters have many common interests your Commission placed them in one constituency which it named Pinelands. This seat was loaded by 11·1 per cent as it is densely populated. The result of this change is that the remaining voters of the existing constituency of Rondebosch and Mowbray are mainly situated between Campground Road and the mountain. This area includes the business areas of Claremont, Rondebosch and Mowbray and is also an area with many flats and boardinghouses, and furthermore includes several residential areas of the same character. It had too many voters for one seat, and your Commission therefore removed that part of Observatory which is predominently a workers' area and falls under the constituency of Mowbray, thus making the constituency more homogeneous. The seat was called Rondebosch because it includes the town Rondebosch which is a central part of the constituency. As this seat is densely populated, it was given a load of 10·4 per cent.

62. After the addition of Hout Bay the constituency of Sea Point was, in the opinion of your Commission, not loaded sufficiently. Further voters were, therefore, obtained by the addition from Green Point of a small block of voters along the coast.

63. Green Point was 1·9 per cent below quota and it was proposed by one of the parties that this deficiency be supplied by adding Milnerton to Green Point and that the seat be named Table Bay. The reasons advanced were that Milnerton had little community of interests with any area in its immediate vicinity and that the voters of Milnerton had greater community of interests with those of Green Point than with those of any neighbouring area. Your Commission agrees that the Milnerton voters show little community of interests with the voters in its immediate vicinity and also that they, to a certain degree, have more common interests with the voters of Green Point, but felt that the distance between Green Point and Milnerton, together with the fact that the area which was to link them was practically unpopulated beach, were factors making such a combination undesireable. Under these circumstances your Commission decided to supplement Green Point's deficiency of voters by the addition of that part of the constituency of Cape Town Gardens adjoining Signal Hill and known as the Malay Quarter, as well as the Botanical Gardens and the Houses of Parliament. Your Commission is of the opinion that these voters are best suited for inclusion in the existing Green Point constituency. Objection was raised to this

kiesers beswaar gemaak op grond daarvan dat die ou Kompanjie se tuine, wat sy naam aan die kiesafdeling Tuine verleen, nie meer in die kiesafdeling Tuine val nie. U Kommissie beskou dit nie as 'n ernstige beswaar nie, want dit is nie slegs dié deel van die ou Kompanjie se tuine wat vandag nog as 'n park bestaan, wat sy naam aan die deel van die stad verleen het nie, dog die tuine soos hulle destyds bestaan het en hulle het ingesluit 'n groot gedeelte van die gebied wat vandag nog in die kiesafdeling Tuine val. Deur hierdie kiesers aan Groenpunt te voeg, is die setel 12·1 persent belaai wat u Kommissie, met die oog op die digtheid van die bevolking, as 'n geskikte belading beskou het.

64. Die bestaande kiesafdeling Kaapstad-Tuine was 2 persent onder kwota. Deur die reeds gemelde gebied aan Groenpunt af te staan het veroorsaak dat Tuine heelwat kiesers moes bykry en u Kommissie het dus Vredehoek by Tuine gevoeg. Die gevolg hiervan is dat die kiesafdeling Kaapstad-Tuine hoofsaaklik uit goeie woongebiede bestaan. Weens dit feit dat dit 'n baie digbewoonde deel is, het u Kommissie die kiesafdeling met 13·8 persent belaai.

65. Deur die gebied van Vredehoek uit Kaapstad-Kasteel te neem het meegebring dat laasgenoemde setel feitlik 'n werkers-kiesafdeling geword het. Die kiesafdeling was 1·9 persent bo kwota dog nadat Vredehoek afgestaan is, was hy ver onder kwota. U Kommissie het gevoel dat hierdie kiesafdeling, wat dig bewoon is, swaar belaai moes word en het dus 4,818 kiesers uit Woodstock wat uitstekend by hom aanpas, bygevoeg om sy syfer op 11·2 persent bokant kwota te staan te bring.

66. Die verplasing van so 'n groot getal kiesers uit Woodstock en die tekort aan kiesers in Soutrivier het die gevolg gehad dat Woodstock as setel moes verdwyn.

67. Na die verplasing van Pinelands uit Kaapse Vlakte het hierdie setel 'n aansienlike aantal kiesers nodig gehad en, soos reeds gemeld, moes daar ook 'n tuiste gevind word vir ongeveer 2,000 Skiereilandse kiesers in die kiesafdeling Hottentots Holland. Volgens die mening van u Kommissie is die kiesers van Philippi en Ottery wat 'n groot aantal kleinboere insluit en wat van 'n omstedelike en semi-plattelandse geaardheid is, die mees geskikte kiesers om by Hottentots Holland te voeg. U Kommissie het derhalwe hierdie gebied (stemdistrik 555) met 1,917 kiesers uit Kaapse Vlakte geneem. Die gevolg hiervan is dat die gebiede wat in die kiesafdeling Kaapse Vlakte oorbly òf suiwer Kleurling-gebiede òf gemengde gebiede is. U Kommissie het gevoel dat by die versterking van die stemkrag in hierdie gebied die beginsel van gemeenskaplike belange vereis dat soortgelyke gebiede bygevoeg moet word. Die gebied wat reeds uit Claremont aan Kaapse Vlakte gevoeg was, is so 'n gebied. U Kommissie het toe verder die suidelike gedeelte van Elsiesrivier uit stemdistrik No. 1105 by hierdie kiesafdeling gevoeg. Dit is ook hoofsaaklik 'n gemengde gebied bewoon deur mindergegoede mense. Dit het die kiesafdeling Kaapse Vlakte nog benede kwota gelaat en u Kommissie het dus Kensington Estate, 'n gebied baie gelyksoortig aan dié gedeelte van stemdistrik 1105 wat reeds bygevoeg is, ook toegevoeg om hierdie kiesafdeling 11·1 persent te belaai en 'n setel te skep wat 'n eensoortige geaardheid het en waarin goeie verbindings bestaan.

68. Deur die kiesers in die suidelike gedeelte van die kiesafdeling Kaapse Vlakte aan Hottentots Holland te voeg, het u Kommissie verhoed dat 'n surplus kiesers in die omgewing van Soutrivier ontstaan. Dit is volgens u Kommissie se mening 'n belangrike saak, want die oorgang by Soutrivier is feitlik die enigste aansluitingspunt met die noordelike voorstede. As die setel Soutrivier behou moet word, is dit nie moontlik om die oortollige kiesers wat uit die suidelike gedeelte van die skiereiland verkry was, oor die Soutrivierbrug te neem in die rigting van die noordelike voorstede nie. U Kommissie het dus die stemkrag van die kiesafdeling Soutrivier in die eerste plek aangevul met die oorblywende kiesers van die setel Woodstock. Die gebied Brooklyn en Maitland wat oorkant die treinspoor geleë is, is weggeneem, asook 'n aantal kiesers in die omgewing van Observatory-stasie. Daardeur is Soutrivier —'n dig bewoonde gebied—12·3 persent belaai, wat as 'n redelike belading beskou is.

addition of voters on the grounds that the old Company Gardens, after which the Gardens constituency was named, no longer fell within the constituency of Gardens. Your Commission does not regard this as a serious objection, because it is not that part of the old Company's Gardens alone which today still exists as a park which gave its name to that part of the city, but the gardens as they existed at that time, and these included a large portion of the area at present still falling within the Gardens constituency. By adding these voters to Green point, the seat was loaded by 12·1 per cent, which your Commission, in view of the density of the population, regards as a suitable loading.

64. The existing Cape Town Gardens constituency was 2 per cent below quota. The surrender of the abovementioned area to Green Point made it necessary to add a considerable number of voters to Gardens and your Commission therefore joined Vredehoek to Gardens. The result of this is that the constituency of Cape Town Gardens consists mainly of good residential areas. In view of its very dense population, your Commission loaded the constituency by 13·8 per cent.

65. By eliminating the Vredehoek area from Cape Town Castle, the latter seat has virtually become a workers' constituency. The constituency was 1·9 per cent above quota, but after the surrender of Vredehoek it was far below quota. Your Commission felt that this constituency, which is densely populated, should be heavily loaded and therefore added 4,818 voters from Woodstock who fit in very well with it thereby raising its figure to 11·2 per cent above quota.

66. The transfer of such a large number of voters from Woodstock and the deficiency of voters in Salt River resulted in the elimination of Woodstock as a seat.

67. After the transfer of Pinelands from Cape Flats this seat required a considerable number of voters and, as already stated, a home had to be found for approximately 2,000 Peninsula voters in the constituency of Hottentots Holland. In the opinion of your Commission the voters of Philippi and Ottery, which includes a large number of small farmers and which is of a peri-urban and semi-rural character, were the most suitable voters for addition to Hottentots Holland. Your Commission, therefore, separated this area (Polling District No. 555), with 1,917 voters, from Cape Flats. The result of this is that the areas remaining in the constituency of Cape Flats are either purely Coloured or mixed areas. Your Commission felt that in increasing the voting strength of this district the principle of community of interests required the addition of areas of a similar character. The area already added to Cape Flats from Claremont, is such an area. Your Commission further added the southern portion of Elsies River from Polling District No. 1105 to this constituency. This is also primarily a mixed area with a less well-to-do population. This left the constituency of Cape Flats still below quota and your Commission therefore also added Kensington Estate, an area very similar to that portion of Polling District No. 1105 already added thereby, loading this constituency by 11·1 per cent and creating a seat of a homogeneous character having good communication.

68. By adding the voters in the southern portion of the Cape Flats constituency to Hottentots Holland, your Commission prevented a surplus of voters in the vicinity of Salt River. In the opinion of your Commission, this is an important matter, for the crossing at Salt River is practically the only link with the northern suburbs. If the Salt River seat is to be retained, it is impossible to take the superfluous voters obtained from the southern part of the peninsula, over the Salt River bridge in the direction of the northern suburbs. Your Commission, therefore, in the first place supplemented the voting strength of the Salt River constituency with the remaining voters of the Woodstock seat. The area Brooklyn and Maitland, situated across the railway line, was transferred, as well as a number of voters in the vicinity of Observatory station. This resulted in Salt River—a densely populated area—being loaded by 12·3 per cent, which was considered reasonable.

69. Valkenberg, Maitland, Brooklyn, Rugby en Milnerton is bymekaar gevoeg om die nuwe setel Maitland te skep. Die kiesers in Observatory wat tussen die Onder-Hoofweg en Valkenberg en die Sterrewag woon, is by hierdie kiesafdeling gevoeg. Van hierdie kiesers is werksaam in Valkenberg en origens pas hulle ook uitstekend aan by dié soort kiesers wat in Maitland, Brooklyn en Rugby gevind word. Die verbindings tussen kiesers in die omgewing van Observatory-stasie en die kiesers in die ander deel van die kiesafdeling is nie goed nie, dog u Kommissie was van mening dat dit beter is om hulle bymekaar te voeg as om die enigste ander alternatief te volg, nl. om die hart van die kiesafdeling Soutrivier aan Maitland af te staan. Die kiesafdeling Maitland is 10·2 persent belaai.

70. Deur Kensington en Brooklyn uit Vasco, wat 17·5 persent oor kwota was, te neem, het sy syfer tot onderkant kwota te staan gekom. Die tekort aan kiesers is aangevul deur Eppingdorp en Elsiesrivier by Vasco te voeg. Deur dit te doen is 'n klein en baie homogene kiesafdeling geskep wat 11·3 persent belaai is.

71. Deur Eppingdorp en Elsierivier uit die kiesafdeling Parow te neem, is die syfer vir Parow tot ver onderkant kwota te staan gebring. Die huidige kiesafdeling Parow bestaan reeds uit die dorpsgebied Parow en 'n gedeelte van Bellville. Deur stemdistrik 135 by die kiesafdeling te voeg is die dorpsgebied van Bellville wat ten noorde van die Somerset-Wes spoorlyn lê, as 'n eenheid herstel en is 'n baie eensoortige kiesafdeling geskep wat 12·1 persent belaai is. Hierdie kiesafdeling is Bellville-Parow genoem, aangesien dit nou die grootste gedeelte van Bellville insluit.

72. Deur dié deel van Bellville wat voorheen by Stellenbosch was, aan die kiesafdeling Bellville-Parow te sny, het dit nodig geword om verdere stemkrag vir Stellenbosch te vind. Die kiesers is verkry deur die gebied van Drakenstein en Fransch Hoek uit die Paarl en Stellenbosch oor te plaas. Daar die syfer vir Paarl 13 persent bo die kwota was, was dit nodig dat hy kiesers afstaan en die enigste kiesers wat geskik was om verplaas te word, is gemelde twee gebiede, en die enigste plek waarheen hierdie gebiede eintlik verplaas kan word, is Stellenbosch. Die gevolg hiervan was dat die syfer vir Stellenbsoch op ·4 persent onder kwota te staan gekom het. U Kommissie sou graag Stellenbosch 'n paar persent wou belaai het, dog daar is in sy onmiddellike omgewing geen gebied wat bygevoeg kan word om so 'n belading te bewerkstellig sonder om òf gemeenskaplikheidsbelange òf bestaande grense ernstige te verstoor nie.

73. Deur die gebiede van Drakenstein en Fransch Hoek aan Stellenbosch te voeg, is die syfer vir Paarl tot onder die kwota gebring. U Kommissie het die moontlikheid sterk oorweeg om òf Drakenstein òf Fransch Hoek by Paarl te laat, dog hierdie twee gebiede vorm so 'n eenheid dat dit nie wenslik is om hulle te skei nie. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie die gebied Rawsonville aan Paarl gevoeg. U Kommissie het egter gevoel dat die kiesafdeling Paarl, weens die feit dat dit hoofsaaklik uit dorpskiesers bestaan, belaai moet word. Dit was ongelukkig nie moontlik om 'n geskikte gedeelte van die kiesafdeling Malmesbury aan Paarl te voeg sonder om ernstige verstorings in ander rigtings te veroorsaak nie. Die gevolg is dat Paarl nou oor die berg strek maar daar bestaan uitstekende padverbindings tussen Rawsonville en Paarl noudat die nasionale pad oopgestel is en die tipe boerdery in die twee gebiede bring ook 'n gemeenskaplikheid van belange mee.

74. Deur die gebiede Ottery en Philippi aan Hottentots Holland te voeg, is sy syfer, wat 17 persent bokant kwota was, op 34 persent bokant kwota te staan gebring. Dit is aan ons voorgestel dat hierdie setel kiesers moet afgee deur die dorpe Somerset-Wes en Gordonsbaai aan Caledon af te staan. Hierteen is daar sterk beswaar gemaak op grond van die feit dat die Strand en Somerset-Wes feitlik een dorpskompleks uitmaak en dat hierdie twee dorpe saam met Gordonsbaai bymekaar hoort. U Kommissie het gevoel dat hierdie beswaar wel geldig is, dog het voor die moeilikheid te staan gekom dat, indien Somerset-Wes en Gordonsbaai nie aan die kiesafdeling

69. Valkenberg, Maitland, Brooklyn, Rugby and Milnerton were amalgamated to create the new seat Maitland. The Observatory voters residing between the Lower Main Road and Valkenberg and the observatory, were added to this constituency. Some of these voters are employed in Valkenberg and moreover fit in very well with the type of voter found in Maitland, Brooklyn and Rugby. The communications between voters in the vicinity of Observatory station and those in the other part of the constituency, are not satisfactory, but your Commission considered it more desirable to amalgamate them than to follow the only alternative course, viz., to surrender the very heart of the Salt River constituency to Maitland. The Maitland constituency was loaded by 10·2 per cent.

70. By taking Kensington and Brooklyn from Vasco, which was 17·5 per cent, its figure was reduced to below quota. The deficiency of voters was supplied by adding Epping Township and Elsies River to Vasco. Thus, a small and very homogeneous constituency, which was loaded by 11·3 per cent, was created.

71. By removing Epping Township and Elsies River from the Parow constituency, the figure for Parow was reduced to far below quota. The present constituency of Parow already consists of the township of Parow and a portion of Bellville. By adding Polling District No. 135 to the constituency, the township of Bellville situated to the north of the Somerset West railway line, was restored as a unity and a very homogeneous constituency was created which was loaded by 12·1 per cent. This constituency was named Bellville-Parow, as it now includes the major portion of Bellville.

72. By the addition of that part of Bellville previously included in Stellenbosch to the Bellville-Parow constituency, it became necessary to find further voting strength for Stellenbosch. The voters were obtained by the transfer of the Drakenstein and French Hoek area from Paarl to Stellenbosch. As the figure for Paarl was 13 per cent above quota it was necessary for it to surrender voters, and the only voters suitable for transfer were the two areas referred to, and the only place to which these areas may suitably be transferred is Stellenbosch. The result was that the figure for Stellenbosch was reduced to ·4 per cent below quota. Your Commission would have preferred to impose a load of a few per cent on Stellenbosch, but in its immediate vicinity there is no area which can be added to effect such a loading without seriously disturbing either community of interests or existing boundaries.

73. By adding the Drakenstein and French Hoek areas to Stellenbosch, the figure for Paarl was reduced to below quota. Your Commission strongly considered the possibility of leaving either Drakenstein or French Hoek with Paarl, but these two areas form such a complete whole that it would not be desirable to separate them. Under these circumstances your Commission added the Rawsonville area to Paarl. Your Commission felt, however, that the Paarl constituency, owing to the fact that it consists mainly of urban voters, should be loaded. It was, unfortunately, not possible to add a suitable portion of the constituency of Malmesbury to Paarl without causing serious disturbances in other directions. The result is that Paarl now extends over the mountain, but there are excellent road communications between Rawsonville and Paarl since the national road has been opened, and community of interests is also ensured by the type of farming in the two areas.

74. By adding the Ottery and Philippi areas to Hottentots Holland, the latter's figure which was 17 per cent above quota, was increased to 34 per cent above quota. It was suggested that this seat should shed voters by surrendering the towns of Somerset West and Gordons Bay to Caledon. Strong objection was raised on the grounds that the Strand and Somerset West virtually form a single urban complex and that these two towns, with Gordons Bay, belong together. Your Commission felt that there were valid grounds for this objection, but was faced with the difficulty that if Somerset West and

Caledon gevoeg word nie, kiesers uit die noordelike voorstede van Kaapstad geneem sou moet word, wat 'n versnippering van dié gebied sou veroorsaak en sou meebring dat stedelike kiesers in 'n suiwer plattelandse gebied geplaas word waarmee hulle geen of weining gemeenskaplikheid van belang het. Dit sou ook beteken dat die stedelike kiesers van Kaapstad wat nie 'n tuiste in die stedelike kiesafdelings kan vind nie in, meer as een plattelandse of omstedelike kiesafdelings geplaas sal moet word.

75. Daarenteen kom die toevoeging van Somerset-Wes en Gordonsbaai aan Caledon neer op die plasing van twee dorpe in 'n kiesafdeling waar daar reeds sulke dorpe is, en waar daar uitstekende pad- en spoorwegverbindings is. As gevolg van die ontwikkeling van die paaie in hierdie gebied is Sir Lowry's Pas nie meer 'n versperring wat die verkeer tussen die mense bo-op die berg en dié onder die berg ernstig belemmer nie. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie gevoel dat dit meer gegewens is om Gordonsbaai en Somerset-Wes van die Strand te skei as om 'n gedeelte van die stedelike gebied uit die Kaapstadse kompleks te neem. Hierdie stap het die verdere voordeel dat dit die tekort aan stemme in die kusstrook tussen Caledon en Humansdorp aanvul en onnodige groot grensverskuiwings in dié gebied verhoed deur kiesers van weerskante af in die gebied in te bring. Deur Gordonsbaai en Somerset-Wes uit die ou kiesafdeling Hottentots Holland te neem, kom sy syfer op 1 persent onder kwota te staan. Daar is nie geskikte kiesers om die setel verder aan te vul nie en daar die setel net soos in die verlede 'n taamlike heterogene kiesafdeling is, het u Kommissie gevoel dat dit beter was om dit effens ontlaai te laat as om kiesers toe te voeg wat beter pas waar hulle reeds opgeneem is. Hierdie veranderings het meegebring dat die kiesafdeling geskei is van die Hottentots Holland-bergreeks en dus dié deel verloor wat die naam aan die setel verleen het. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie die setel Valsbaai hernoem.

76. Die toevoeging van Somerset-Wes en Gordonsbaai aan die setel Caledon het vereis dat hierdie kiesafdeling stemme afgee. Getalsoorwegings het dit onmoontlik gemaak om die dorp Caledon in die kiesafdeling te hou. U Kommissie het ook gevoel dat daar 'n groter gemeenskaplikheid van belang tussen Hermanus, Somerset-Wes en Gordonsbaai bestaan as wat daar tussen Caledon, Somerset-Wes en Gordonsbaai bestaan. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie 'n kiesafdeling geskep wat Villiersdorp en Hermanus insluit. Die vraag het toe ontstaan of Gansbaai en Stanford nie ook in hierdie kiesafdeling moet wees nie. U Kommissie was van mening dat Gansbaai nie by hierdie kiesafdeling tuishoort nie, maar het aanvanklik gemeen dat Stanford daarby behoort. Na verdere argument en oorweging het u Kommissie tot die besluit gekom dat aangesien dele van die Riviersonderend Vallei alreeds aan hierdie kiesafdeling gevoeg is en aangesien die setel tot vlak teen die dorpie Greyton loop, dit beter sou wees om die dorp Greyton aan die setel te voeg en sodoende groter eenheid in die Riviersonderend Vallei te verkry, en ook om die eenheid van Stanford en Gansbaai te bewaar. Hierdie kiesafdeling is weens sy uitgestrektheid en taamlike bergagtige terrein, 4·2 persent ontlaai.

77. Die vraag het ontstaan watter naam aan hierdie kiesafdeling gegee moes word. Aangesien dit die Hottentots Holland bergreeks en in alle waarskynlikheid ook aan die oostekant die deel van die gebied insluit wat destyds as Hottentots Holland bekend was, het u Kommissie besluit om die naam Hottentots Holland aan hierdie kiesafdeling te gee.

78. Die syfer vir die kiesafdeling Worcester is deur die verlies van Rawsonville tot onder kwota te staan gebring. Weens die feit dat dié kiesafdeling die dorpe Worcester en Robertson insluit en dus vir 'n groot deel digbewoon is, was u Kommissie van mening dat dit belaai moet word. Om dit te bewerkstellig het u Kommissie McGregor wat teenaan Robertson lê en wat natuurlikerwyse daarby hoort, aangevoeg tesame met die grootste gedeelte van stemdistrik No. 920, om sodoende vir Worcester 'n belading van 3·5 persent te gee.

Gordons Bay were not added to the Caledon constituency, voters would have to be taken from the northern suburbs of Cape Town, which would result in a disintegration of this area and the placing of urban voters in a purely rural area with which they have little or no community of interests. It would also result in the transfer of the urban voters of Cape Town who could not find a home in the urban constituencies, to more than one rural or peri-urban constituency.

75. On he other hand, the addition of Somerset West and Gordons Bay to Caledon means the placing of two towns in a constituency already embracing such towns and having excellent road and rail communications. As a result of the development of roads in this area, Sir Lowry's Pass is no longer a serious obstruction to communications between voters on the mountain and those under the mountain. Under these circumstances your Commission favoured the separation of Gordons Bay and Somerset West from The Strand rather than the removal of a portion of the urban area from the Cape Town complex. This step had the further advantage of supplying the deficiency of votes in the coastal area between Caledon and Humansdorp and of preventing an unnecessarily large modification of boundaries in this area by bringing in voters from both sides. By the removal of Gordons Bay and Somerset West from the old Hottentots Holland constituency, its figure was brought down to 1 per cent below quota. There are no suitable voters for the further supplementation of this seat and, as the seat is a reasonably heterogeneous area, as it was in the past, your Commission felt that it would be better to leave it slightly unloaded than to add voters more suitably placed in their present constituency. These changes had the effect of separating this constituency from the Hottentots Holland mountain range so that the constituency lost that section from which the seat derived its name. In the circumstances your Commission re-named the seat False Bay.

76. The addition of Somerset West and Gordons Bay to the Caledon seat made it necessary for this constituency to surrender voters. Numerical considerations made it impossible to retain the town Caledon in the constituency. Your Commission also felt that greater community of interests existed between Hermanus, Somerset West and Gordons Bay than between Caledon, Somerset West and Gordons Bay. Under these circumstances your Commission created a constituency which includes Villiersdorp and Hermanus. The question then arose whether Gansbaai and Stanford should not also be incorporated in this constituency. Your Commission was of the opinion that Gansbaai should not be included in this constituency, but originally felt that Stanford should be so included. After further argument and consideration, your Commission arrived at the conclusion that, as portions of the Riviersonderend Valley had already been added to this constituency and as the seat extended to a point very close to the village of Greyton, it would be more desirable to add Greyton to the seat and thus achieve greater unity in the Riviersonderend Valley, and also to preserve the unity of Stanford and Gansbaai. This constituency was unloaded by 4·2 per cent because of its extensive and fairly mountainous nature.

77. The question arose as to what name should be given to this constituency. As it includes the Hottentots Holland mountain range and to the east probably also part of the area at the time known as Hottentots Holland, your Commission decided to give the name Hottentots Holland to this constituency.

78. The figure for the Worcester constituency fell to below the quota as a result of the loss of Rawsonville. Because of the fact that this constituency included the towns of Worcester and Robertson, and is therefore densely populated to a great extent, your Commission was of the opinion that it should be loaded. To achieve this, your Commission added McGregor, which adjoins Robertson and which naturally belonged with it, together with the major portion of Polling District No. 920, thus giving Worcester a load of 3·5 per cent.

79. Die kiesers wat oorgebly het van die kiesafdeling Caledon is aan Bredasdorp gevoeg asook Ashton en dié deel van Bonnievale wat aan die see se kant van die berge lê. Dié gedeelte van die magistraatsdistrik Heidelberg wat voorheen deel uitgemaak het van die kiesafdeling Bredasdorp, is afgesny, asook sekere stemdistrikte wat in die magistraatsdistrik Swellendam geleë is. Die nuwe kiesafdeling word Caledon-Bredasdorp genoem en is 3·9 persent ontlaai.

80. Aan Swellendam is dié dele van die distrik Ladismith wat voorheen by Ceres was, gevoeg. Dit was 'n onnatuurlike skeiding en die byvoeging van hierdie deel laat 'n beter geheel ontstaan. Verder het Swellendam 'n gedeelte van die gebied ontvang wat van Bredasdorp geneem is en het op sy beurt Riversdal aan Mosselbaai afgestaan. Die kiesafdeling is hierdeur heelwat groter gemaak en is 8·6 persent ontlaai.

81. Aan Oudtshoorn, wat 14·8 persent onder kwota was, het u Kommissie die dorp Ladismith gegee—'n tipiese klein karroogebied. Dit het die gevolg gehad dat die drie klein karroo-dorpe Ladismith, Calitzdorp en Oudtshoorn in hierdie kiesafdeling saamgevoeg is. Die verdere tekort aan kiesers is aangevul deur die byvoeging van 'n gedeelte van die distrik Uniondale uit die kiesafdeling Humansdorp.

82. Mosselbaai se tekort aan kiesers is aangesuiwer deur die byvoeging van Riversdal. Sy ontlading kom op 5·8 persent te staan. U Kommissie sou ook graag dié deel van hierdie setel wat aan die noordekant van die berge lê, aan Oudtshoorn gegee het, dog syfers het dit ongelukkig nie toegelaat nie.

83. Die kiesafdeling George is 'n digbewoonde kiesafdeling en u Kommissie het dit goedgevind om dit ·1 persent te belaai deur die byvoeging van die bosgedeeltes om Knysna en Plettenbergbaai. Dit beteken dat die bosdele wat tradisioneel by die kiesafdelings George en Humansdorp hoort, nog steeds in dié twee kiesafdelings ressorteer.

84. Deur die afstaan van stemkrag aan Oudtshoorn en George het Humansdorp wat reeds 21·7 persent onder kwota was, baie kiesers kortgekom. Hierdie tekort is aangevul deur die plattelandse gebied van die kiesafdeling Uitenhage, wat aan die see se kant van die Winterhoek lê, by Humansdorp te voeg, asook stemdistrikte Nos. 587 en 588 uit Port Elizabeth-distrik, wat plattelandse gebiede is en voorheen onder Humansdorp ressorteer het. Dit het Humansdorp se kiesers op 11·8 persent onder kwota te staan gebring. Aangesien hierdie kiesafdeling oor 'n baie bergagtige terrein strek, baie moeilike verbindings het en 'n groot verskeidenheid van belange dek, het u Kommissie dit aansienlik ontlaai.

85. Port Elizabeth-Suid is feitlik onveranderd gelaat, behalwe vir die verplasing van 'n klein gebied wat aan die noordekant van die Baakensrivier lê. Dit is 'n taamlike heterogene kiesafdeling, maar weens die feit dat die Baakensrivier 'n natuurlike skeiding is wat slegs op enkele plekke oorbrug is, is dit nie moontlik om hierdie setel meer homogeen te vorm nie.

86. Port Elizabeth-Distrik was 39·2 persent oor die kwota en Port Elizabeth-Sentraal 2·2 persent onder kwota. Dit is gevind dat nadat al die plattelandse gedeeltes van Port Elizabeth-Distrik weggeneem is, daar nogtans genoeg kiesers oor was om die tekort in Port Elizabeth-Sentraal aan te vul en om die setels behoorlik te belaai. Die stemkrag van Port Elizabeth-Sentraal is uit Port Elizabeth-Noord aangevul deur die toevoeging van 'n streek langs die kus wat goed aanpas by die geaardheid van Port Elizabeth-Sentraal. Deur die plattelandse dele van Port Elizabeth-Distrik aan omliggende kiesafdelings te voeg het die kiesafdeling 'n onbevredigende vorm aangeneem. Dit het baie uiteenlopende belange bevat en die verbindings was swak. Om hierdie toestand te verbeter het u Kommissie 'n nuwe setel geskep, nl. Port Elizabeth-Wes wat al langs die Kaapseweg strek. Sodoende is die meer gegoede dele van die stad in een kiesafdeling saamgevoeg en kry die setel uitstekende verbinding met kiesers wat 'n groot mate van gemeenskaplikheid van belange besit. Syfers het dit egter nie moontlik gemaak om hierby te volstaan nie, aangesien daar in hierdie deel van die stad nie voldoende stemkrag was nie. Dit was derhalwe

79. The remaining voters of the constituency of Caledon, were added to Bredasdorp, as also Ashton and that part of Bonnievale situated on the seaward side of the mountains. That portion of the Magisterial District of Heidelberg previously forming part of the Bredasdorp constituency, was taken away, as well as certain Electoral Districts situated in the Magisterial District of Swellendam. The new constituency was named Caledon-Bredasdorp and was unloaded by 3·9 per cent.

'80. To Swellendam was added those portions of the District of Ladismith which previously belonged to Ceres. This separation was an unnatural one and the addition of this portion resulted in a more complete whole. Further, Swellendam received part of the area taken from Bredasdorp and in turn surrendered Riversdale to Mossel Bay. In this manner, the constituency was considerably enlarged and unloaded by 8·6 per cent.

81. To Oudtshoorn, 14·8 per cent below quota, your Commission added the town of Ladismith—a typical Little Karoo area. In the result the three Little Karoo towns of Ladismith, Calitzdorp and Oudtshoorn were joined in this constituency. The remaining deficiency of voters was supplied by the addition of a portion of the District of Uniondale from the constituency of Humansdorp.

82. The deficiency of voters in Mossel Bay was supplied by the addition of Riversdale. Its unloading amounts to 5·8 per cent. Your Commission would also gladly have given to Oudtshoorn that part of the seat which is situated to the north of the mountains, but numbers unfortunately made this impossible.

83. The constituency of George is a densely populated constituency and your Commission thought fit to load it by ·1 per cent by adding the forest areas surrounding Knysna and Plettenberg Bay. This means that the forest areas traditionally belonging to the George and Humansdorp constituencies, will continue to fall within these two constituencies.

84. After the surrender of voting strength to Oudtshoorn and George, Humansdorp—already 21·7 per cent below quota—had a deficiency of a considerable number of voters. This deficiency was supplied by the addition to Humansdorp of the rural area of the Uitenhage constituency situated to the seaward side of the Winterhoek, as well as Polling Districts Nos. 587 and 588 from Port Elizabeth District, being rural areas formerly falling under Humansdorp. This brought the voters of Humansdorp up to 11·8 per cent below quota. As this constituency is to a large extent of a very mountainous nature, has to contend with communication difficulties and shows great diversity of interests, your Commission unloaded it considerably.

85. Port Elizabeth South was virtually left unchanged, except for the transfer of a small area situated to the north of the Baakens River. This is a fairly heterogeneous constituency, but, as the Baakens River forms a natural dividing line bridged only at a few places, it is not possible to make this seat more homogeneous.

86. Port Elizabeth District was 39·2 per cent above quota and Port Elizabeth Central 2·2 per cent below quota. It was found that after the removal of all the rural areas of Port Elizabeth District sufficient voters nevertheless remained to supply the deficiency in Port Elizabeth Central and to load the seats properly. The voting strength of Port Elizabeth Central was supplemented from Port Elizabeth North by the addition of a strip along the coast which fits in well with the character of Port Elizabeth Central. The addition of the rural areas of Port Elizabeth District to adjoining rural constituencies, gave this constituency an unsatisfactory shape. It had many divergent interests and poor communications. To improve this condition, your Commission created a new seat, viz. Port Elizabeth West, which extends all along the Cape Road. Thus the more well-to-do parts of the city were combined into one constituency and the seat was given excellent communications with voters possessing a large measure of community of interests. Numbers however, called for further adjustments as this part of the city fell below the required voting strength. It was therefore,

nodig om die kiesafdeling op getalsterkte te bring deur òf Schauderdorpsgebied òf 'n deel van die werkersdeel aan die noordekant van die stad in te neem. Die keuse tussen hierdie twee het afgehang van die geaardheid van die setel Port Elizabeth-Noord. Nadat die kiesers langs die Kaapseweg saamgevoeg is, het dit moontlik geword om Port Elizabeth-Noord 'n setel te maak wat hoofsaaklik uit 'n werkers- en 'n fabrieksdeel bestaan indien Schauder nie daarin geplaas word nie. Schauder is grotendeels 'n Kleurling-gebied en pas ewe min by Port Elizabeth-Noord as by Port Elizabeth-Wes. Sy ligging is egter sodanig dat hy by een van hierdie twee kiesafdelings ingelyf moes word. U Kommissie het dus voor die keuse te staan gekom om Port Elizabeth-Noord as 'n fabrieks- en werkerskiesafdeling te behou en Schauder by Port Elizabeth-Wes te plaas of om Schauder by Port Elizabeth-Noord te plaas in ruiling vir 'n werkersgedeelte en die gemeenskaplikheid van belang in altwee die setels te verstoor. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie gevoel dat daar geen regverdiging bestaan nie vir die verstoring van gemeenskaplikheid van belang in altwee die setels waar dit in een bewaar kan word. U Kommissie het Schauder dus by Port Elizabeth-Wes geplaas en die enersheid van belange in Port Elizabeth-Noord bewaar.

'87. Die kiesafdeling Uitenhage is 12·5 persent bo kwota. Deur die plattelandse en semi-plattelandse gebiede van Uitenhage af te gee en die stemdistrik No. 953 uit Port Elizabeth-Distrik by te voeg is dit moontlik gevind om hierdie kiesafdeling 'n suiwer stedelike kiesafdeling te maak met 'n belading van 3·3 persent.

88. Die kiesafdeling Oos-Londen-Stad was 9·5 persent onder kwota. Die tekort aan kiesers is aangevul deur die industriële gebied op die westelike oewer en 'n gedeelte van Belgravia uit die kiesafdeling Oos-Londen-Noord aan te voeg. As gevolg hiervan moes daar kiesers gevind word vir Oos-Londen-Noord. Dit is gedoen deur die gedeelte van die voorstad Cambridge wat by die laaste afbakening by King William's Town gevoeg is, by hierdie kiesafdeling in te lyf. Die hele gebied van Cambridge is hierdeur in een kiesafdeling geplaas. Die tekort is verder aangesuiwer deur die inlywing van die stedelike gebied van Abbotsford.

89. Gevolglik het die kiesafdeling King William's Town aansienlik stemkrag verloor. Hierdie setel het reeds die omstedelike gebiede van Oos-Londen wat ten ooste van die Buffelsrivier lê, ingesluit. Al die stedelike en omstedelike kiesers wat teen weste van die rivier lê, het geval in die kiesafdeling Fort Beaufort. U Kommissie het gevoel dat, net soos in die geval van Kaapstad, dit wenslik is om al hierdie stedelike en omstedelike kiesers, indien moontlik, in een kiesafdeling te plaas. Onder hierdie omstandighede is hierdie deel van Fort Beaufort tesame met die magistraatsdistrik van Peddie, met uitsondering van een stemdistrik, by King William's Town gevoeg. Dit het King William's Town te veel kiesers besorg en as gevolg hiervan is Kei Road, Frankfort en Braunschweich uit die kiesafdeling verplaas.

90. Die tekort aan kiesers in Somerset-Oos is aangevul uit die plattelandse gedeeltes wat Uitenhage afgestaan het. Dit het die gevolg gehad dat, nadat Somerset-Oos 9 persent ontlaai is, hy, op sy beurt, die twee stemdistrikte wat in die magistraatsgebied van Cradock val, kon afstaan.

91. Die tekort aan kiesers in Albany is aangevul deur Redhouse en dié deel wat Uitenhage langs die kus afgestaan het, aan Albany te gee. Dit het die syfer vir Albany oor die kwota gebring en as gevolg hiervan moes Albany die dorpe Riebeeck-Oos en Fort Brown afstaan. Dit het die gevolg dat die grootste gedeelte van hierdie kiesafdeling al langs die pad lê wat van Grahamstad na Port Elizabeth loop en die setel is 4·1 persent ontlaai.

92. Die kiesafdeling Transkeigebied—'n uitgestrekte setel—was slegs 6·2 persent onder kwota. Die uitgestrektheid en die ylbevolkdheid van hierdie setel het 'n groter ontlading regverdig. U Kommissie het egter slegs stemdistrik 522 (Mount Fletcher) aan Aliwal afgestaan. Die rede waarom die kiesafdeling nie verder ontlaai is nie, is omdat dit baie moeilik is om gebiede daarvan af te staan sonder om die beginsel van gemeenskaplike belang

necessary to raise the numerical strength of this constituency by adding to it either Schauder Township or a portion of the workers' area to the North of the city. The choice between these two depended on the character of the Port Elizabeth North seat. After grouping the voters along the Cape Road, it became possible to make Port Elizabeth North a seat consisting mainly of a workers' and factory area if Schauder remained excluded. Schauder is mainly a Coloured area fitting neither into Port Elizabeth North nor into Port Elizabeth West. Its situation, however, is such that it had to be incorporated into one of these constituencies. Your Commission therefore, had to choose between retaining Port Elizabeth North as a factory and workers' constituency and adding Schauder to Port Elizabeth West, or adding Schauder to Port Elizabeth North in exchange for a workers' area and so disturb the community of interests in both seats. In the circumstances your Commission felt that there was no justification for disturbing community of interests in both seats where it could be left undisturbed in one. Your Commission, therefore, added Schauder to Port Elizabeth West and preserved the community or interests in Port Elizabeth North.

87. The constituency of Uitenhage is 12·5 above quota. By surrendering the rural and semi-rural areas of Uitenhage and adding to it Polling District No. 953 from Port Elizabeth District, it was found possible to make this constituency a purely urban constituency with a load of 3·3 per cent.

88. The constituency of East London City was 9·5 per cent below quota. The deficiency of voters was supplied by the addition of the industrial area on the west bank and a portion of Belgravia from the East London North constituency. As a result of this, voters had to be found for East London North. This was achieved by the incorporation into this constituency of that portion of the suburb Cambridge which had been added to King William's Town at the previous delimitation. The entire area of Cambridge was thus included in one constituency. The deficiency was further supplied by the incorporation of the urban area of Abbotsford.

89. As a result of this King William's Town lost considerable voting strength. The peri-urban areas of East London situated to the east of the Buffalo River was already included in this seat. All the urban and peri-urban voters to the west of the river fell in the Fort Beaufort constituency. Your Commission felt that, as in the case of Cape Town, it would be desirable to group all these urban and peri-urban voters in one constituency if possible. In these circumstances this portion of Fort Beaufort together with the Magisterial District of Peddie, with the exception of one polling district, was added to King William's Town. This gave King William's Town a surplus of voters and as a result Kei Road, Frankfort and Braunschweich were transferred from this constituency.

90. The deficiency of voters in Somerset East was supplied from the rural area surrendered by Uitenhage. In the result Somerset East, after being unloaded by 9 per cent, was in a position to surrender, in turn, the two polling districts falling in the Magisterial Area of Cradock.

91. The deficiency of voters in Albany was supplied by surrendering Redhouse to Albany, as well as that portion along the coast surrendered by Uitenhage. This raised the figure for Albany above the quota, and as a result of this Albany had to surrender the towns Riebeeck East and Fort Brown. Consequently the major portion of that constituency came to be situated along the road from Grahamstown to Port Elizabeth, and the seat was unloaded by 4·1 per cent.

92. The Transkeian Territories constituency—an extensive seat—was only 6·2 below quota. The extensiveness and the sparsity of population of this seat justified a heavier unload. Your Commission, however, surrendered only Polling District No. 522 (Mount Fletcher) to Aliwal. The reason why this constituency was not further unloaded, was that it was most difficult to surrender portions of it without violating the principle of community

geweld aan te doen. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie hierdie kiesafdeling feitlik onveranderd gelaat met 'n ontlading van 7·6 persent.

93. Die kiesafdeling Fort Beaufort was 'n heterogene kiesafdeling wat gestrek het van die voorstede van Oos-Londen tot by Tarkastad. Soos reeds gemeld het u Kommissie Peddie, dele van King William's Town en die voorstede van Oos-Londen van hom weggeneem. Om hom die nodige aantal kiesers te gee is dié dele wat van Albany afgestaan is, aan Fort Beaufort gevoeg tesame met Cathcart en Stutterheim, en ook die gebiede wat King William's Town prysgegee het. U Kommissie voel dat daar 'n groot mate van gemeenskaplikheid van belang bestaan tussen die gebiede wat King William's Town afgestaan het, en Stutterheim. Tarkastad is by Cradock gevoeg en sodoende is die Tarkastad-magistraatsdistrik as 'n eenheid herstel en die kiesers geplaas in 'n kiesafdeling waar hulle beter tuishoort.

94. As gevolg van die afstaan van Cathcart is Queenstown tot ver onder kwota gebring. Die tekort aan kiesers is aangevul deur die byvoeging van Dordrecht, Sterkstroom en Molteno wat goed aanpas by Queenstown en goeie verbinding met Queenstown het.

95. Die kiesafdeling Aliwal is feitlik onveranderd gelaat behalwe vir die byvoeging van Jamestown, Zwempoort en Mount Fletcher. Laasgenoemde is 'n naturellegebied dog een wat goed by die kiesafdeling tuishoort, wat reeds die naturellegebied Herschel bevat.

96. Malmesbury wat 5·6 persent oor die kwota was het, soos reeds vermeld, Milnerton afgestaan. Milnerton is deel van stemdistrik No. 138 wat ook Blaauwberg en sekere plattelandse dele insluit. U Kommissie het slegs die dorpsgebied van Milnerton, wat 'n voorstad van Kaapstad is, uit Malmesbury geneem; die ander plattelandse gebiede van hierdie stemdistrik is by Malmesbury gelaat. Om vir hierdie verlies van kiesers te vergoed, het u Kommissie Riebeeck Kasteel en stemdistrik 645, wat om die dorp Malmesbury lê, bygevoeg.

97. Van Moorreesburg is die gebied Tulbagh en Wolseley afgesny. Dit is twee gebiede wat natuurlikerwyse by Ceres aansluit en min gemeenskaplikheid van belang met Moorreesburg het. Om Moorreesburg se kieserstal op die sterkte te bring wat u Kommissie wenslik ag, is Porterville, 'n graandeel, bygevoeg en ook Aurora en die kusdeel van Piketberg tot by Elandsbaai. Die gevolg hiervan is dat Moorreesburg feitlik 'n suiwere graan- en vissers-kiesafdeling geword het.

98. Die verlies van Porterville en Aurora deur die kiesafdeling Piketberg is vergoed deur die byvoeging van Van Rhynsdorp uit die kiesafdeling Namakwaland wat goed by Clanwilliam pas en ou historiese bande met laasgenoemde het. Die onderste gedeelte van die Olifantsrivier is ook by hierdie kiesafdeling gevoeg, met die gevolg dat die hele nedersettingsgebied langs die rivier tans in een kiesafdeling val, wat verder die gevolg het dat feitlik die hele bewoonde en bewerkte deel van die bekken van die Olifantsrivier onder een kiesafdeling ressorteer. Hierdie kiesafdeling is 7·7 persent ontlaai.

99. Die kiesafdeling Namakwaland, wat 15·4 persent onder kwota was, is as gevolg van die afstaan van gemelde gebiede, verder onder kwota gebring. Dit is aangevul deur die hele Boesmanland by hierdie kiesafdeling te voeg en hom met 'n ontlading van 14·1 persent te laat. Aangesien die kiesafdeling 'n buitengewoon groot oppervlakte beslaan, is u Kommissie van mening dat dit feitlik die maksimum ontlading regverdig.

100. Die kiesafdeling Ceres het Tulbagh en Wolseley ontvang en dié gedeelte van Ladismith wat beter by Swellendam pas, afgestaan. Die Karroo-gedeelte van Calvinia wat agter die Cedarberge lê, is ook aan die setel gevoeg. Dit het meegebring dat sekere dele van Sutherland aan Beaufort-Wes afgestaan moes word.

101. Die dorpe Calvinia en Williston is by Beaufort-Wes gevoeg en Beaufort-Wes het, op sy beurt, die magistraatsdistrik Willowmore aan Graaff-Reinet afgestaan, 'n gedeelte wat ewe goed by Graaff-Reinet as by Beaufort-Wes pas. Sodoende is Beaufort-Wes 10·4 persent ontlaai. Met die oog op die uitgestrektheid van hierdie setel wou u Kommissie dit graag verder ontlaai het, dog weens die gebrek aan gebiede wat u Kommissie verder kon belaai, was dit nie moontlik nie.

of interests. In these circumstances your Commission left this constituency virtually unchanged with an unload of 7·6 per cent.

93. The constituency of Fort Beaufort was a heterogeneous constituency extending from the suburbs of East London to Tarkastad. As already stated, your Commission removed Peddie, parts of King William's Town and the suburbs of East London from it. In order to ensure the required number of voters, those parts which had been surrendered by Albany were added to Fort Beaufort together with Cathcart and Stutterheim, as well as the areas surrendered by King William's Town. Your Commission feels that there exists a large measure of community of interests between the areas surrendered by King Williams' Town, and Stutterheim. Tarkastad was added to Cradock and thus the Tarkastad Magisterial District was restored as a unity and the voters placed in a constituency where they were more at home.

94. As a result of the surrender of Cathcart, Queenstown was brought down to far below quota. The deficiency of voters was supplied by the addition of Dordrecht, Sterkstroom and Molteno which fit in well and have good communications with Queenstown.

95. The constituency of Aliwal was left virtually unchanged except for the addition of Jamestown, Zwempoort and Mount Fletcher. The latter is a native area but one which fits in well with this constituency which already included the native area of Herschel.

96. As already stated Malmesbury, 5·6 per cent above quota, surrendered Milnerton. Milnerton was a portion of Electoral Division No. 138 which also included Blaauwberg and certain rural areas. Your Commission transferred only the township of Milnerton, a suburb of Cape Town, from Malmesbury, leaving the other rural areas of this polling district with Malmesbury. To compensate for this loss of voters your Commission added Riebeeck Kasteel and Polling District No. 645, situated around the town of Malmesbury.

97. The Tulbagh and Wolseley areas were removed from Moorreesburg. These two areas have a natural link with Ceres and little community of interest with Moorreesburg. In order to raise the number of voters in Moorreesburg to the strength considered desirable by your Commission, Porterville, a grain area, was added, as well as Aurora and the coastal area of Piketberg up to Elands Bay. The result of this is that Moorreesburg has virtually become a purely grain and fishermen's constituency.

98. The loss of Porterville and Aurora suffered by the Piketberg constituency was made good by the addition of Van Rhynsdorp from the Namaqualand constituency which fits in well with Clanwilliam and has old historical ties with the latter. The lower part of the Olifants River was also added to this constituency, with the result that the whole of the settlement area along the river now falls in one constituency, with the further result that practically the whole of the inhabited and cultivated portion of the Olifants River basin falls in one constituency. This constituency was unloaded by 7·7 per cent.

99. The constituency of Namaqualand, which was 15·4 per cent below quota, was brought down further below quota by surrendering the areas mentioned. It was supplemented by adding the whole of Bushmanland to this constituency and leaving it with an unload of 14·1 per cent. Owing to the exceptionally large area of this constituency, your Commission is of the opinion that practically the maximum unload is justified.

100. The Ceres constituency received Tulbagh and Wolseley and surrendered that portion of Ladismith better suited to Swellendam. The Karoo area of Calvinia situated behind the Cedar mountains was also added to this seat. This involved the surrender of certain portions of Sutherland to Beaufort West.

101. The towns of Calvinia and Williston were added to Beaufort West and Beaufort West in turn surrendered to Graaff-Reinet the Magisterial District of Willowmore, an area fitting in as well with Graaff-Reinet as with Beaufort West. Thus Beaufort West was unloaded by 10·4 per cent. In view of the extensiveness of this seat, your Commission would have preferred to unload it still further, but this was not possible because there were no areas which could be further loaded by your Commission.

102. Die setel Victoria-Wes het die besproeiingsgebied langs die Grootrivier wat voorheen onder Calvinia ressorteer het, bygekry, sodat die besproeiingsgebiede aan die suidelike oewer van die Grootrivier van Karos tot by Douglas in een kiesafdeling val. Dit het genoodsaak dat hierdie setel die dorp Victoria-Wes moes afgee. Die kiesafdeling is 11·6 persent ontlaai en u Kommissie is van mening dat 'n groter ontlading in hierdie geval geregverdig sou wees. Aangesien die dorp Victoria-Wes nie langer in hierdie kiesafdeling val nie, word dit Prieska genoem.

103. Dit was vir u Kommissie moontlik om die kiesafdelings Gordonia en Vryburg onveranderd te laat.

104. Die syfer vir die kiesafdeling Kuruman is 18 persent onder kwota. U Kommissie het die kiesafdeling 14·2 persent ontlaai en die tekort aangevul deur stemdistrikte 635, 640, 639 en 544 ten weste van die Hartsrivier uit die kiesafdeling Kimberley-Distrik by te voeg.

105. Kimberley-stad het u Kommissie met 8·5 persent belaai deur die toevoeging van 'n verdere deel van Beaconsfield uit Kimberley-distrik.

106. Kimberley-distrik het u Kommissie 9·5 persent ontlaai en dit op hierdie syfer te staan gebring deur dié deel van die magistraatsdistrik Herbert wat aan die Vrystaat grens, aan die kiesafdeling te voeg. Dit is 'n besproeiingsdeel wat goed by die kiesafdeling aanpas.

107. Deur die kiesafdelings Gordonia en Vryburg onveranderd te laat en die stemkrag van Kuruman en Kimberley-stad uit Kimberley-distrik aan te vul en die byvoeging van die gebied Herbert by Kimberley-distrik ten einde laasgenoemde kiesafdeling op die gewenste syfer te staan te bring, was dit vir u Kommissie moontlik om die Grootrivier as 'n natuurlike skeiding in hierdie gebied te behou. U Kommissie is van mening dat die Grootrivier, uit alle oogpunte vir doeleindes van afbakening gesien, 'n natuurlike grens is wat nie lig verontagsaam kan word nie.

108. De Aar-Colesberg het die Kommissie feitlik onveranderd gelaat.

109. Graaff-Reinet, wat, soos reeds gemeld is, Williston en Victoria-Wes bygekry, het u Kommissie 9·9 persent ontlaai deur die afstaan van Middelburg aan Cradock.

110. Deur die byvoeging van dié gedeelte van Tarkastad wat voorheen onder Fort Beaufort ressorteer het, en die tweede stemdistrikte van die magistraatsdistrik Cradock wat voorheen in Somerset-Oos geleë was, en die byvoeging van die hele magistraatsdistrik van Middelburg, is die syfer van Cradock te staan gebring op 10·9 persent onder kwota, wat, met die oog op sy grootte, as 'n redelike ontlading beskou is.

DIE PROVINSIE NATAL.

A. Volksraad.

111. Soos reeds gemeld was daar 157,149 kiesers in Natal op 30 April 1952 geregistreer. Die provinsiale kwota is 10,477. Daar was nege stedelike en sewe plattelandse setels; vier van die stedelike setels was bo die kwota en vyf onderkant kwota. Die setels wat bokant kwota was, is Durban Berea, 4·3 persent, Durban-Noord, 13·8 persent, Durban-Pinetown (werklik semi-stedelik), 17·7 persent en Durban-Umlazi, 44·5 persent. Die res van die stedelike setels was onder kwota met persentasies wat gevarieer het tussen 2·6 persent en 19·4 persent. Die plattelandse setels was almal onder kwota met persentasies wat gewissel het van 5·7 tot 26·8 persent. Soos ook alreeds gemeld, moes Natal een setel afstaan aan Transvaal wat die getal setels in Natal op 15 te staan gebring het. Dit is uit bostaande feite duidelik dat by die herafbakening van Natal daar aansienlike grensverskuiwings moes plaasvind, wat ook werklik gebeur het; die enigste setel ten opsigte waarvan die grense onveranderd kon bly, met 'n ontlading van 9·2 persent, was Natalse Suidkus.

112. Die verlies van gemelde setel laat die moeilike vraag ontstaan—watter bestaande Natalse setel moet verdwyn? By die vorige afbakening in 1947 het die kieserstal in Durban reeds so toegeneem in verhouding tot die kieserstalle op die platteland, dat dit nie moontlik was om die ses platelandse kiesafdelings te behou sonder om

102. The Victoria West seat gained the irrigation area along the Orange River previously falling under Calvinia, so that the irrigation areas on the southern bank of the Orange River, from Karos to Douglas, fall within one constituency. This necessitated the surrender by this seat of the town of Victoria West. The constituency was unloaded by 11·6 per cent and your Commission is of the opinion that an increased unload would be justified in this case. As the town of Victoria West no longer falls within this constituency, it was named Prieska.

103. Your Commission found it possible to leave the constituencies of Gordonia and Vryburg unchanged.

104. The figure for the Kuruman constituency is 18 per cent below quota. Your Commission unloaded this constituency by 14·2 per cent, supply the deficiency by the addition of Polling Districts Nos. 635, 640, 639 and 544 to the west of the Harts River, from the constituency of Kimberley District.

105. Your Commission imposed a load of 8·5 per cent on Kimberley City by adding a further portion of Beaconsfield from Kimberley District.

106. Your Commission unloaded Kimberley District by 9·5 per cent obtaining this figure by adding to this constituency that portion of the Magisterial District of Herbert which borders on the Free State. This is an irrigation area suitable for inclusion in this constituency.

107. By leaving the constituencies of Gordonia and Vryburg unchanged and by supplementing the voting strength of Kuruman and Kimberley City from Kimberley District and by the addition of the Herbert area to Kimberley District in order to raise the latter constituency to the required figure, it was possible for your Commission to retain the Orange River as a natural dividing line in this area. Your Commission is of the opinion that the Orange River, viewed from all angles for purposes of delimitation, is a natural boundary which cannot easily be ignored.

108. Your Commission left De Aar-Colesberg virtually unchanged.

109. Graaff-Reinet which, as already stated, gained Williston and Victoria West, was unloaded by your Commission to the extent of 9·9 per cent by the surrender of Middelburg to Cradock.

110. The figure for Cradock was increased to 10·9 per cent below quota, which, in view of its size was considered a reasonable unload, by the addition of that portion of Tarkastad which had previously fallen within Fort Beaufort, and the two Polling Districts of the Magisterial District of Cradock previously situated in Somerset East, and the addition of the whole of the Magisterial District of Middelburg.

THE PROVINCE OF NATAL.

A. House of Assembly.

111. As previously stated, 157,149 voters were registered in Natal as at 30th April, 1952. The provincial quota is 10,477. There were nine urban and seven rural seats; four of the urban seats were above quota and five below quota. The seats above quota were Durban Berea, 4·3 per cent, Durban North, 13·8 per cent, Durban Pinetown (actually semi-urban), 17·7 per cent, and Durban Umlazi, 44·5 per cent. The remaining urban seats were below quota, the percentage varying from 2·6 per cent to 19·4 per cent. The rural seats were all below quota, the percentages varying from 5·7 to 26·8 per cent. It was further stated that Natal had to surrender one seat to the Transvaal, which brought the number of Natal seats to 15. From the above facts it is clear that considerable modification of boundaries was necessary in the redelimitation of Natal, which proved to be the case; the only seat whose boundaries could be left unchanged, with an unload of 9·2 per cent, was Natal South Coast.

112. The loss of the seat referred to, gives rise to the difficult question—which of the existing Natal seats is to disappear? At the previous delimitation in 1947 the number of voters in Durban had in relation to the number of voters in the rural areas already increased to such an extent that it was not possible to retain the six rural constituencies without the addition of a number of urban

'n aantal stedelike kiesers uit die stadsgebied van Durban by die platteland te voeg nie. Al die belanghebbendes en alle politieke partye het die destydse Kommissie versoek om die ses plattelandse kiesafdelings te behou en was dit eens dat dit gedoen moes word selfs ten koste van die byvoeging aan die plattelandse gebied van 'n aantal stedelike kiesers uit Durban. U vorige Kommissie het aan hierdie versoek gehoor gegee en ongeveer 900 stedelike kiesers by Redhill uit die stadsgebied van Durban by Zululand gevoeg ten einde die tekort aan kiesers op die platteland aan te suiwer.

113. By die huidige afbakening is daar gevind dat die stad Pietermaritzburg genoeg kiesers het vir een en 'n halwe kiesafdeling. Die setel Pietermaritzburg-stad wat 10 persent onder kwota is, kon dus maklik met geskikte kiesers aangevul word en kan daar geen sprake wees dat hierdie setel moet verdwyn nie. Hieruit volg dat òf die Durbanse stedelike gebied òf die Natalse platteland 'n setel sal moet prysgee.

114. Die ses plattelandse setels (met uitsondering van Pietermaritzburg-distrik) het tesame 50,177 kiesers. Dit op sigself is 3,253 minder kiesers as wat nodig is om die bestaande setels te behou nadat al ses tot op 15 persent ontlaai is. As Pietermaritzburg-Stad—'n digbewoonde gebied—slegs net op kwota gebring word met kiesers uit die kiesafdeling Pietermaritzburg-Distrik, sal die distriksetel 73 stemme onder die maksimum toelaatbare ontlading wees. Hierdie tekort sal dus met minstens 73 stemme uit die plattelandse gebied aangevul moet word. Die stedelike kiesers van Durban-Stad in die omgewing van Redhill, wat met die laaste afbakening by die kiesafdeling Zululand gevoeg is, het in die afgelope 5 jaar tot 1,342 aangewas. As die setel Pietermaritzburg-Distrik en die ses plattelandse setels almal behou moet word, beteken dit dat daar minstens 5,273 (3,858 plus 73 plus 1,342) stedelike kiesers van Durban by die platteland gevoeg moet word. Daar bestaan egter geen regverdiging om al die plattelandse setels met 15 persent te ontlaai nie, of om Pietermaritzburg-Stad slegs op kwota te bring nie. Laasgenoemde is in digbewoonde gebied en behoort belaai te word. As die plattelandse setels tot 'n redelike mate ontlaai word en Pietermaritzburg-Stad redelik belaai word, wat beteken dat laasgenoemde meer kiesers uit die kiesafdeling Pietermaritzburg-Distrik sal moet neem, sal daar 7,000 of 8,000 kiesers uit Durban-Stad verplaas moet word. Daar bestaan geen regverdiging vir so 'n stap nie en u Kommissie het dus tot die besluit gekom dat die platteland 'n setel moet prysgee. Dit bring egter mee dat ongeveer 2,000 kiesers wat voorheen onder die plattelandse kiesafdelings en die setel Pietermaritzburg-Distrik ressorteer het, 'n nuwe tuiste moet vind.

115. Hierdie besluit van u Kommissie het die volgende twee vrae laat ontstaan:—

(*a*) Watter plattelandse setel moet verdwyn, en
(*b*) in watter kiesafdeling die oortollige plattelandse kiesers geplaas moet word.

116. U Kommissie gaan nou oor om die eerste van hierdie twee vrae te behandel. Bloot uit getalsoorwegings gesien is u Kommissie van mening dat dit Zululand is wat behoort te verdwyn. Van al die plattelandse kiesafdelings het Zululand sy kiesersgetal die minste gehandhaaf, want die mate waartoe hy dit wel gedoen het, is grotendeels toe te skryf aan die vermeerdering van die stedelike kiesers by Redhill. Nieteenstaande sterk vertoë van die suikerbedryf dat Zululand, en as sulks die suikerbedryf in Noord-Natal, nie versnipper moes word nie, het u Kommissie ernstige oorweging geskenk aan die moontlikheid om Zululand as setel te laat verdwyn. Na ontleding van die syfers en bestudering van die geografiese omstandighede en verbindingsweë in hierdie streek, is gevind dat die Zululandse kiesers nie doeltreffend aangewend kon word om die tekorte in die ander plattelandse kiesafdelings aan te suiwer nie. Die verdwyning van hierdie setel sou 'n versnippering of 'n sodanige verskuiwing van grense van alle bestaande plattelandse kiesafdelings meegebring het, dat die oorblywende kiesafdelings nie meer hulle oorspronklike karakter sou behou het nie.

voters from the urban area of Durban to the rural areas. All the interested parties as well as the political parties requested the then Commission to retain the six rural constituencies and were agreed that this should be done even if it meant the addition to the rural area of a number of urban voters from Durban. The previous Commission acceded to this request and added approximately 900 urban voters at Redhill from the urban area of Durban to Zululand in order to supply the deficiency of voters in the rural areas.

113. At the present delimitation it was found that the city of Pietermaritzburg had sufficient voters for one and a half constituencies. The Pietermaritzburg City seat, which was 10 per cent below quota, could, therefore, easily be supplemented with suitable voters and there could be no question of the disappearance of this seat. From this it followed that either the Durban urban area or the Natal rural area had to surrender a seat.

114. The six rural seats (with the exception of Pietermaritzburg District) have a total of 50,177 voters, i.e. 3,253 fewer voters than the number required to retain the existing seats after the six seats had been unloaded to the extent of 15 per cent. If Pietermaritzburg City—a densely populated area—had merely to be raised to quota by adding votersfrom the constituency of Pietermaritzburg District, the district seat would be 73 votes below the maximum permissible unload. This deficiency would therefore have to be supplemented with at least 73 votes from the rural area. The urban voters of Durban City in the vicinity of Redhill, added to Zululand at the last delimitation, had increased to 1,342 during the past five years. If the seat Pietermaritzburg District and the six rural areas have to be retained, it would mean the addition of at least 5,273 (3,858 plus 73 plus 1,342) urban voters from Durban to the rural area. There is, however, no justification for unloading all the rural seats by 15 per cent, or for merely bringing Pietermaritzburg City up to quota. The latter is a densely populated area and should be loaded. If the rural seats are unloaded to a reasonable extent and Pietermaritzburg City is reasonably loaded, which means that the latter has to draw more voters from the constituency of Pietermaritzburg District, this would necessitate the transfer of seven or eight thousand voters from Durban City. Your Commission saw no justification for such a step and therefore, decided that the rural areas had to surrender a seat. This, however, will make it necessary to find a new home for approximately 2,000 voters previously falling within the rural constituencies and the Pietermaritzburg District seat.

115. Two questions arose from this decision by your Commission, viz.—

(*a*) Which of the rural seats is to disappear, and
(*b*) which constituency is to absorb the superfluous rural voters?

116. Your Commission now proceeds to deal with the first of these two questions. On the basis of numerical considerations alone your Commission is of the opinion that Zululand is the seat to be eliminated. Of all the rural constituencies, Zululand was least successful in maintaining its number of voters, and the extent to which it was successful in this respect is largely due to the increase of the urban voters at Redhill. Despite strong representations from the sugar industry to the effect that Zululand, and as such the sugar industry in Northern Natal, should not be split, your Commission gave earnest consideration to the possibility of eliminating Zululand as a seat. After an analysis of the figures and a study of the geographical conditions and communications in this area, it was found that the Zululand voters could not be effectively used to supply the deficiencies in the other rural constituencies. The elimination of this seat would cause such a splitting or such a shifting of the boundaries of all the existing rural constituencies that the remaining constituencies would no longer retain their original character.

117. Die afskaffing van Vryheid, Drakensberg en Natalse Suidkus sou dieselfde ongewenste gevolge meebring het as wat in die geval van Zululand ondervind is. Wat Natalse Suidkus betref, is daar nog die verdere beswaar dat die setel bo alle ander plattelandse kiesafdelings, dié een is wat sy kieserstal tot die grootste mate gehandhaaf het en as sulke die minste rede vir afskaffing gegee het. Die kiesafdeling Newcastle is ietwat meer geskik vir uitskakeling as die reeds genoemde setel, dog ook in sy geval is daar ernstige geografiese en verbindingsbesware teen die aanwending van sy kiesers ter aanvulling van die tekorte in die oorblywende kiesafdelings; daarbenewens is daar ook nie die gewenste gemeenskaplikheid van belang tussen sy kiesers en dié van die aangrensende gebiede nie.

118. Daar bly alleen die kiesafdeling Kliprivier oor. Hierdie kiesafdeling, uit 'n getalsoogpunt gesien, is verreweg nie die swakste van die plattelandse kiesafdelings nie, dog sy geografiese ligging is sodanig dat hy omring is van plattelandse kiesafdelings wat juis versterk moet word. Sy kiesers is van alle kiesafdelings geografiese die beste beskikbaar vir aansuiwering van die tekorte in die omliggende kiesafdelings. Wat verbindings betref en die geaardheid van sy kiesers kon hulle beter aangewend word ter aansuiwering van die tekorte as wat die geval by die ander setels was, en u Kommissie het dus besluit dat Kliprivier die setel is wat moet verdwyn. Daar het tog ernstige moeilikhede ontstaan oor die plasing van hierdie kiesers in die omliggende kiesafdelings, maar dié word bespreek waar u Kommissie die besondere setels behandel.

119. Nadat die kiesers van Redhill aan Durban teruggegee was, was die tekort aan kiesers in Zululand so groot dat dit nie heeltemal aangesuiwer kon word deur dele van die setel Vryheid aan die noorde van Zululand aan te sny nie sonder om die kiesafdeling Vryheid so te versnipper dat hy sy wesenlike geaardheid verloor. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie die tekort aan kiesers in Zululand gedeeltelik in die noorde aangevul deur die magistraatsdistrikte Mahlabatini en Nongoma uit Vryheid te haal en by Zululand voeg. Dit is gebiede wat voorheen by Zululand was. Die verdere tekort is aangesuiwer uit Kliprivier en wel deur die byvoeging van die gebied New Hanover en gedeelte van die magistraatsdistrik Pietermaritzburg. Dit is nie die mees gewenste manier om Zululand se stemkrag aan te vul nie, dog daar is geen ander kiesers wat volgens u Kommissie se mening meer geskik is om by Zululand gevoeg te word tensy groot geweld aan die ander bestaande grense gedoen word nie. Een van die ongewenste gevolge van hierdie indeling is die versnippering van die basbedryf in die gebiede van Krantzkop, Greytown en New Hanover. Toe u Kommissie sy voorlopige planne voorgelê het, is daar voorgestel dat, liewers as om laasgenoemde gebiede by Zululand te voeg, u Kommissie 900 kiesers uit Durban na Zululand moes oorplaas. U Kommissie is van mening dat daar geen regverdiging hoegenaamd bestaan om so 'n weg te volg nie. Dit sou beteken dat 900 kiesers uit die Durbanse stadsgebied geplaas word in 'n plattelandse kiesafdeling wat vanuit 'n voorstad van Durban sou strek tot aan die Portugese grens. Tussen die mense in Durban-Noord of Redhill en die mense in Zululand kan, uit die aard van omstandighede, weinig gemeenskaplike belange bestaan. Dit sou beteken dat stedelike kiesers in 'n suiwer plattelandse kiesafdeling geplaas word. Hierdie mense wat by Durban se sakewêreld, industrieë en stadsaangeleenthede inskakel, sou by 'n groep mense geplaas word wie se belange hoofsaaklik by die suikerbedryf, die landbou en naturelle-administrasie inskakel. Dit is vir u Kommissie haas onmoontlik om enige gemeenskap van belange tussen sulke kiesers en suiwer Zululandse kiesers te vind. Daarenteen is die byvoeging van die gebied New Hanover, soos reeds vermeld, nie die ideale oplossing nie, maar dit is tog die samevoeging van een groep boere by 'n ander; die plasing van een plattelandse dorpsgebied by ander plattelandse dorpsgebiede; die plasing in dieselfde kiesafdeling van die omstedelike gebied by Pietermaritzburg en die omstedelike gebied aan die Noordkus van Durban. Hierdie oplossing is, volgens die mening van u Kommissie, die enigste moontlike oplossing, gesien in die lig van die tekort aan kiesers in die noordelike gedeeltes van

117. The elimination of Vryheid, Drakensberg and Natal South Coast would have the same undesirable results as those experienced in the case of Zululand. As far as Natal South Coast is concerned, there is the further objection that this seat, compared with all other rural constituencies, most successfully maintained its number of voters and as such gave least reason for elimination. There are slightly better reasons for the elimination of the Newcastle constituency but here, too, there are serious geographical objections and also objections in respect of communications to its voters being used to supply the deficiencies in the remaining constituencies; moreover there is not the desired community of interests between its workers and those of the adjoining areas.

118. Only the Klip River constituency remains. This constituency, from a numerical point of view, is far from being the weakest of the rural constituencies, but its geographical position is such that it is surrounded by rural constituencies which in fact require to be strengthened. Of all the constituencies, its are geographically the most readily available for supplying the deficiencies in the surrounding constituencies. As far as the communications and the type of its voters are concerned, they are more suitable than those in the case of the other seats for supplying the deficiencies, and your Commission, therefore, decided that Klip River was the seat to be eliminated. Nevertheless serious difficulties arose in connection with the placing of these voters in the surrounding constituencies, but these your Commission discusses in dealing with the individual seats.

119. After the return of the Redhill voters to Durban, the deficiency of voters in Zululand was so great that it could not be fully supplied by the addition of portions of the Vryheid seat north of Zululand without splitting the constituency of Vryheid to such an extent that it would lose its essential character. Under these circumstances your Commission supplied the deficiency of voters in Zululand partly by removing the Magisterial District of Mahlabatini and Nongoma from Vryheid and adding them to Zululand. These areas previously belong to Zululand. The further deficiency was supplied from Klip River by adding the area of New Hanover and a portion of the Magisterial District of Pietermaritzburg. This is not the best way to supplement the voting strength of Zululand, but there are no other voters who, in the opinion of your Commission, are suitable for adding to Zululand without seriously disturbing the other existing boundaries. One of the undesirable results of this grouping would be the splitting of the wattle industry in the Krantzkop, Greytown and New Hanover areas. When your Commission submitted its provisional plans it was suggested that your Commission should transfer 900 voters from Durban to Zululand rather than add those areas to Zululand. Your Commission was of the opinion that there was no justification whatsoever for the adoption of such a course. It would involve the transfer of 900 voters from the Durban urban area to a rural constituency extending from a suburb of Durban to the Portuguese border. Circumstances are such that there can be very little community of interest between the voters of Durban North or Redhill and those in Zululand. This would amount to the placing of Durban urban voters in a purely rural constituency. These voters, who are closely associated with Durban's business world, its industries and urban affairs, would be grouped with people whose interests are mainly associated with the sugar industry, agriculture and native administration. It was well-nigh impossible for your Commission to find any community of interests between such voters and the voters of Zululand proper. On the other hand, the addition of the New Hanover area is not, as already stated, the ideal solution, but it at least amounts to the grouping together of farming communities; the joining of one rural township to another rural township; the inclusion in the same constituency of the peri-urban area at Pietermaritzburg and the peri-urban area of the North Coast Durban. This solution was, in the opinion of your Commission, the only possible solution in the light of the deficiency of voters in the northern

Natal. Weens die uitgestrektheid van hierdie setel, sy langwerpige vorm wat verkeer verder bemoeilik, en die moeilikheid wat ondervind is om geskikte kiesers vir byvoeging te vind, het u Kommissie die setel 14·9 persent ontlaai.

120. Die tekort aan kiesers in Newcastle is deur u Kommissie gedeeltelik uit Vryheid aangevul deur die byvoeging van, met uitsondering van een stemdistrik, die hele magistraatsdistrik van Utrecht. Die kiesers was reeds by vorige afbakenings by Newcastle geplaas en provinsiaal val hulle onder die bestaande indeling vandag ook saam. Die tekort is verder aangevul deur 'n gedeelte van die distrik Helpmekaar by Newcastle te voeg. Die gevolg hiervan is dat die wesenlike geaardheid van die bestaande kiesafdeling Newcastle behoue bly. Weens die uitgestrektheid van hierdie kiesafdeling, sy moeilike verbindings en uiteenlopende belange, het u Kommissie hom 12 persent ontlaai.

121. Die tekort aan kiesers in die setel Vryheid is aangevul deur die magistraatsdistrikte Krantzkop, Umvoti, Msinga en Weenen feitlik in hul geheel by Vryheid te voeg. Verder is dié deel van Helpmekaar wat nie by Newcastle gevoeg is nie, ook by hierdie setel geplaas. Die gevolg hiervan is dat Weenen, Helpmekaar, Umvoti en Krantzkorp hulle parlementêr sowel as provinsiaal in dieselfde kiesafdelings bevind. Hierdie setel lê grotendeels langs die pad tussen Vryheid en Pietermaritzburg—een van die hoof verkeersweë in Natal. As die verspreiding van kiesers dit toegelaat het, sou u Kommissie graag New Hanover in plaas van Weenen in hierdie kiesafdeling geplaas het, maar ongelukkig is u Kommissie deur syfers verplig om van so 'n weg af te sien. Die kiesafdeling is feitlik tot die maksimum ontlaai. Dit is genoodsaak veral deur twee omstandighede: die uitgestrektheid van die kiesafdeling en die moeilikheid wat ondervind is om aangrensende gebiede te kry wat natuurlik by hom aanpas om een gemeenskaplike geheel te vorm.

122. U Kommissie het die kiesafdeling Natalse Suidkus (9·2 persent onder kwota) onveranderd gelaat, alhoewel u Kommissie van mening was dat weens sy uitgestrektheid hy wel verder ontlaai kon word. Die verdere ontlading sou egter meegebring het dat daar kiesers afgegee moes word wat nie maklik by die aangrensende gemeenskappe sou aanpas nie.

123. U Kommissie het die kiesafdeling Drakensberg in oppervlakte heelwat kleiner gemaak deur die byvoeging van Ladysmith. Die setel het gestrek oor 'n bergagtige terrein met moeilike verbindings en u Kommissie het gevoel dat dit in belang van 'n goeie afbakening is om hierdie setel, indien moontlik, kleiner te maak sonder om gemeenskaplike belange prys te gee, deur 'n gedeelte van die bergagtige streke te verplaas. Dit is gedoen deur die magistraatsdistrikte Polela, Ixopo en Alfred af te staan. Deur Ladysmith by te voeg strek hierdie setel nou hoofsaaklik langs die hoofpad wat van Durban na die Vrystaat en Transvaal oor Pietermaritzburg en Ladysmith loop. Weens die grootte van hierdie kiesafdelings en sy bergagtige terrein, het u Kommissie hom 11·3 ontlaai.

124. Die vraagstuk betreffende die plasing van die plattelandse kiesers wat oorgebly het nadat die reedsgenoemde dele van Drakensberg en dié wat voorheen onder Pietermaritzburg-Distrik ressorteer het, weggeneem is, is een waarby u Kommissie lank stilgestaan het. In beginsel voel u Kommissie dat dit verkeerd is, indien dit vermy kan word, om plattelandse kiesers aan stedelike gebiede te voeg, en omgekeerd, om stedelike kiesers aan plattelandse gebiede te voeg. U Kommissie is egter van mening dat die gebied langs die pad tussen Pietermaritzburg en Durban nòg 'n suiwer plattelandse nòg 'n suiwer stedelike gebied is, dog een is wat as 'n omstedelike gebied beskou kan word en dat dit juis die geskikste is om gedeelte van die oortollige plattelandse kiesers te absorbeer. In so'n gebied sal plattelandse kiesers hulle nie geheel-en-al ontuis voel nie, en sal die bewoners van sodanige gebied sulke kiesers nie geheel-en-al as vreemde indringers beskou nie. Daar, soos uit die bespreking van Durban-Stad sal blyk, Pinetown 'n aansienlike getal kiesers aan die suiwer stedelike setels van Durban moes afstaan en as gevolg daarvan self kiesers kortgekom het, het u Kommissie 'n gedeelte van hierdie kiesers aan dié

parts of Natal. Because of the extensive nature of this seat, its oblong shape which further hampers traffic, and the difficulty experienced in finding suitable voters for addition, your Commission unloaded this seat by 14·9 per cent.

120. The deficiency of voters in Newcastle was partially supplied by your Commission by the addition from Vryheid of the whole of the Magisterial District of Utrecht, with the exception of one polling district. These voters were added to Newcastle at previous delimitations and provincially they are at present also grouped together under the existing division. The deficiency was further supplied by adding to Newcastle a portion of the Helpmekaar district. As a result the essential character of the existing constituency of Newcastle was preserved. Because of the extensive nature of this constituency, its difficult communications and divergent interests, your Commission unloaded it by 12 per cent.

121. The deficiency of voters in the Vryheid seat was supplied by the addition to Vryheid of almost the whole of the Magisterial Districts of Krantzkop, Umvoti, Msinga and Weenen. Furthermore, that portion of Helpmekaar not added to Newcastle was also included in in this seat, with the result that Weenen, Helpmekaar, Umvoti and Krantzkop now fall parliamentarily as well as provincially in the same constituencies. This seat is largely situated along the Vryheid-Pietermaritzburg road—one of the main roads in Natal. Had the distribution of voters rendered it possible, your Commission would have preferred to include New Hanover instead of Weenen in this constituency, but unfortunately numerical considerations compelled your Commission to abandon the idea. Virtually the maximum unload was applied to this constituency, for which two circumstances in particular were responsible: The extensive nature of the constituency and the difficulty experienced in obtaining adjoining areas which link up with it naturally to form one complete whole.

122. The Natal South Coast constituency (9·2 per cent below quota) was left unchanged although your Commission was of the opinion that it could be still further unloaded in view of its extensive area. Any further unloading, however, would have involved the surrender of voters whose inclusion in the adjoining seats would not have been feasible.

123. Your Commission considerably reduced the area of the Drakensberg constituency by the addition of Ladysmith. The seat included a mountainous area with difficult communications, and your Commission felt that it would be in keeping with the principles of sound delimitation to reduce the area of this seat, if possible, without sacrificing community of interests, by transferring a portion of the mountainous regions. This was achieved by surrendering the Magisterial Districts of Polela, Ixopo and Alfred. After the addition of Ladysmith, this seat now extends for the greater part along the main road from Durban to the Free State and the Transvaal via Pietermaritzburg and Ladysmith. Because of the size of this constituency and its mountainous terrain, your Commission unloaded it by 11·3 per cent.

124. The question of the disposal of the rural voters remaining after the removal of the portions of Drakensberg already referred to and those previously falling in the Pietermaritzburg District constituency was one which engaged the attention of your Commission for some considerable time. In principle your Commission felt that it was wrong, if at all avoidable, to add rural voters to urban areas, and, vice versa, to add urban voters to rural areas. Your Commission was, however, of the opinion that the area along the Pietermaritzburg-Durban road was neither a purely rural nor a purely urban area, but one which could be regarded as a peri-urban area, and that this was the most suitable area to absorb the surplus rural voters. In such an area rural voters would not feel themselves complete strangers, and the inhabitants of such an area would not regard such voters as intruders. In view of the fact that Pinetown, as will appear from the discussion of Durban City, had to surrender a considerable number of voters to the purely urban seats of Durban and thus itself was in need of voters, your Commission added a portion of these voters to this area by making

gebied gevoeg deur die setel Pinetown uit Durban te laat strek tot teenaan Pietermaritzburg. Dit beteken dat hierdie setel feitlik al langs die hoofweg tussen Durban en Pietermaritzburg geleë is. Die setel is 5 persent ontlaai.

125. Die kiesafdeling Pinetown kon egter nie al die oortollige plattelandse kiesers absorbeer nie en u Kommissie het die gebiede wat aan die suide van Drakensberg afgesny is, in die kiesafdeling Pietermaritzburg-Distrik geplaas. Uit 'n verkeers-oogpunt gesien, skakel die kiesers van Alfred, Ixopo en Polela eintlik makliker by Pietermaritzburg as by Drakensberg. Die kiesafdeling Pietermaritzburg-Distrik is 10·5 persent ontlaai en Pietermaritzburg-Stad is 10·8 persent belaai deur die byvoeging van Alexander Park aan die oostelike oewer van die Umsunduzi-rivier.

126. In sy voorlopige plan het u Kommissie aan die hand gedoen dat die kiesafdeling Pietermaritzburg-Distrik vernoem word tot Ixopo. By die finale vergadering van die Kommissie te Pietermaritzburg is egter voorgestel dat die oorspronklike naam behou moet word. Na afloop van die vergadering het verskillende liggame en indiwidue wat belange by Ixopo het, of daar woonagtig is, skriftelik vertoë tot die Kommissie gerig dat die naam van die kiesafdeling Ixopo moet bly.

127. U Kommissie was egter van mening dat aangesien die oorgrote meerderheid van die kiesers, ongeveer 7,500, kiesers is wat in die omgewing van Pietermaritzburg woon, dit billik sou wees om die naam Pietermaritzburg-Distrik te behou.

128. Met uitsondering van Durban-Umlazi, Durban-Noord en Durban-Pinetown—laasgenoemde is nie 'n suiwer Durbanse setel nie—was al die Durbanse setels onder kwota. Nadat die 1,342 kiesers van Redhill teruggegee is, was Durban-Noord 27 persent bokant kwota. Durban-Umlazi wat aan die suide lê, was 44·5 persent oor die kwota en Durban-Pinetown wat aan die weste lê was 17·7 persent oor die kwota. Die sentrale deel van Durban het die setels bevat wat onder kwota was. Dit was dus duidelik dat as daar die minste moontlike verskuiwings van grense moet wees, die sentrale gebied uit gemelde drie rigtings gevoed moes word, dit was ook gevind dat Durban-Umlazi wat die verste oor kwota was, stemme nie maklik kan afgee aan die ander kiesafdelings nie met die oog op die swak verbindings oor die Umbilorivier.

129. U Kommissie het 2,560 stemme uit Umlazi aan die noordelike oewer van die Umbilorivier aan die kiesafdeling Umbilo, en 1,504 kiesers bestaande uit gedeelte van Bellair aan Pinetown gevoeg, en sodoende die gebied Bellair wat voorheen onder die twee kiesafdelings verdeel was, saamgevoeg. Dit het Durban-Umlazi gelaat met 'n belading van 5·7 persent. Die setel is een van drie setels in Durban wat 'n groot oppervlakte beslaan en onder die omstandighede het u Kommissie dit heelwat minder belaai as die ander kleiner en digbewoonde setels.

130. Durban-Point was 16·5 persent onder kwota, en u Kommissie het die tekort aan stemme aangevul deur 3,124 kiesers uit Durban-Sentraal aan Durban-Point te gee en 57 kiesers uit Durban-Noord. Dit het Durban-Point op 13·8 persent bokant kwota te staan gebring. Daar dit 'n baie klein en digbewoonde gebied is, het u Kommissie gevoel dat dit swaar belaai moes word.

131. Durban-Sentraal was reeds 19·4 persent onder kwota en nadat die 3,124 kiesers aan Durban-Point gevoeg is, was die setel bykans 50 persent onder kwota. Hierdie tekort aan kiesers is in die eerste plek aangevul deur 1,748 kiesers uit Durban-Noord by hierdie setel te voeg en 3,470 kiesers uit die digter bewoonde deel van Durban-Musgrave. Hierdie setel wat 'n baie klein oppervlakte beslaan, het u Kommissie 13·1 persent belaai.

132. U Kommissie het Durban-Noord met 6·5 persent belaai waarop hierdie kiesafdeling te staan gekom het nadat die reeds gemelde gebied en nog 'n klein gebied aan Durban-Musgrave afgestaan is. Dit is een van die drie setels in Durban wat 'n groot oppervlakte beslaan en bevat kiesers wat baie eensoortig is.

133. Die tekort aan kiesers in Durban-Musgrave het u Kommissie aangevul met 4,877 kiesers uit Durban-Berea. Hierdie kiesers pas baie goed aan by die kiesers wat in Durban-Musgrave oorgebly het nadat die tekort aan

Pinetown a seat extending from Durban to the Pietermaritzburg boundaries. This seat is now almost entirely situated along the Durban-Pietermaritzburg main road. The seat was unloaded 5 per cent.

125. The constituency of Pinetown was, however, not able to absorb all the surplus rural voters and your Commission transferred the areas removed on the south side of Drakensberg to the Pietermaritzburg District constituency. In fact, from a communications point of view the voters of Alfred, Ixopo and Polela link up more readily with Pietermaritzburg than with Drakensberg. The Pietermaritzburg District constituency was loaded by 10·5 per cent and Pietermaritzburg City was loaded by 10·8 per cent by the addition of Alexander Park on the eastern bank of the Umsunduzi River.

126. In its provisional plan your Commission suggested that the constituency of Pietermaritzburg District be renamed Ixopo. At the final meeting of the Commission at Pietermaritzburg it was, however, proposed that the original name be retained. After the meeting various bodies and individuals having interests at Ixopo or residing there, made written representations to your Commission for the retention of Ixopo as the name of the constituency.

127. Your Commission, however, was of the opinion that, as the vast majority of the voters, approximately 7,500, resided in the vicinity of Pietermaritzburg, it would be fair to retain the name Pietermaritzburg District.

128. With the exception of Durban Umlazi, Durban North and Durabn Pinetown—the latter was not a purely Durban seat—all the Durban seats were below quota. After the re-transfer of the 1,342 Redhill voters, Durban North was 27 per cent above quota. Durban Umlazi, stuated to the south, was 44·5 per cent above quota and Durban Pinetown, situated to the west, was 17·7 per cent above quota. The seats below quota were situated in the central part of Durban. It was therefore, clear that, in order to reduce the shifting of boundaries to a minimum, the central area had to be supplemented from the three directions mentioned. It was found that Durban Umlazi, which carried the highest percentage above quota, could not conveniently surrender votes to the other constituencies in view of the poor communications across the Umbilo River.

129. Your Commission added 2,560 votes from Umlazi on the north bank of the Umbilo River to the constituency of Umbilo, and 1,504 voters, i.e. portion of Bellair, to Pinetown, and thus united the Bellair area previously divided between the two constituencies. This left Durban Umlazi with a load of 5·7 per cent. The seat was one of three seats in Durban extending over a large area and in the circumstances your Commission imposed on it a considerably smaller load than on the other smaller and densely populated seats.

130. Durban Point was 16·5 per cent below quota, and your Commission supplied the deficiency of votes by giving 3,124 voters from Durban Central to Durban Point, as well as 57 voters from Durban North. This brought Durban Point to 13·8 per cent above quota. As this is a very small and densely populated area, your Commission felt that a heavy load should be imposed.

131. Durban Central was already 19·4 per cent below quota and after the addition of 3,124 voters to Durban Point, the seat was almost 50 per cent below quota. This deficiency was supplied in the first place by the addition of 1,748 voters from Durban North to this seat and 3,470 voters from the more densely populated area of Durban Musgrave. This seat, which covers a very small area, was loaded by 13·1 per cent.

132. Your Commission imposed a load of 6·5 per cent on Durban North, i.e. the figure obtained for this constituency after the surrender of the area referred to as well as a small area to Musgrave. This is one of the three seats in Durban covering a large area, and having voters of a very homogeneous type.

133. The deficiency of voters in Durban Musgrave was supplemented by your Commission with 4,877 voters from Durban Berea. These voters fitted in well with the voters remaining in Musgrave after the deficiency of voters in

kiesers in Durban-Sentraal aangevul was. U Kommissie sou graag die tekort aan kiesers in hierdie setel aangevul het deur die byvoeging van kiesers aan die westekant van Ridge-weg, maar ongelukkig het die syfers dit nie toegelaat nie. Hierdie setel, wat dig bewoon is, is 11·3 persent belaai.

134. Durban-Umbilo het 'n kiesafdeling van werkers gebly deur die byvoeging van die reeds gemelde gebied uit Umlazi. U Kommissie het dit 11·2 persent belaai.

135. Durban-Berea het, nadat dit 4,877 kiesers aan Durban-Musgrave en nog 200 kiesers aan Durban-Umbilo afgestaan het, ver onder kwota te staan gekom. Om die kieserstal op sterkte te bring het u Kommissie stemdistrikte Nos. 2, 3, 15 en 16 met 5,176 kiesers uit Durban-Pinetown geneem en by hierdie setel gevoeg. Die setel beslaan die grootste oppervlakte van die Durbanse setels en u Kommissie het dit 5·3 persent belaai.

136. Soos uit die voorgaande blyk, is die plattelandse gebiede sterk ontlaai en die stedelike gebiede swaar belaai. Volgens die mening van u Kommissie is hierdie handelswyse nodig gewees weens die feit dat bykans 90 persent van die totale oppervlakte van Natal deur vyf plattelandse setels gedek word. Hierdie setels is yl bevolk, strek oor bergagtige en heuwelagtige terrein met moeilike verkeersweë en dit was, ten gevolge van hul uitgestrektheid, soms uiters moeilik om die gewenste gemeenskaplikheid van belang te vind wat u Kommissie graag by die skepping van enige setel wil sien.

B. Provinsiale Raad.

137. Die provinsiale afbakening van Natal het, in die eerste plek, van die Volksraadafbakening verskil deurdat by hierdie afbakening nie 'n setel moes verdwyn nie. Net soos by die Volksraadsafbakening was daar 'n groot tekort aan kiesers in die plattelandse gebiede. Die tekort aan plattelandse kiesers is egter provinsiaal makliker opgelos as wat die geval was by die Volksraadsafbakening en wel deur die 522 plattelandse kiesers uit die semi-stedelike kiesafdelings Durban-distrik terug te gee en die verplasing van 272 plattelandse kiesers van Umkomaas. Deur dit te doen is die tekort aan kiesers op die platteland maklik aangesuiwer. Geeneen van die plattelandse kiesafdelings het óf verdwyn óf in wese of karakter verander nie. Die naam van die setel Umvoti is op versoek van alle partye verander tot Weenen.

138. In die stedelike gebied van Durban het die kiesers in die suidelike voorstede sterk toegeneem terwyl daar in die middestad 'n sterk afname was. Dit het die gevolg gehad dat die kiesafdelings in die middestad oor Ridge-weg geneem is om 'n verdere gedeelte van die kiesers van Durban-distrik te absorbeer. Met die uitsny van hierdie verdere getal kiesers en die toename van kiesers in die suidelike voorstede het dit nodig geword om die kiesafdeling Durban-Distrik te laat verdwyn en in sy plek is die setel Umhlatuzana geskep om die aanwas van kiesers in die suidelike voorstede op te neem. Die grense van die setel Stamford Hill het deur die afstaan van kiesers aan Durban-Tuine so verskuif dat sy naam nie meer tekenend is nie en word dus vervang deur die naam Durban-Umgeni.

DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Volksraad en Provinsiale Raad.

139. Die totale getal kiesers in Transvaal geregistreer op 30 April 1952 was 693,108. Op grond van hierdie syfer is die provinsie, soos reeds gemeld, op 68 setels geregtig, wat 'n vermeerdering van twee is by die vorige afbakening.

In 1947 was daar 578,722 kiesers in Transvaal. Die 66 setels destyds aan Transvaal toegeken, is in drie groepe ingedeel, soos volg:—

8 setels in die Pretoria-gebied;
34 setels in die Witwatersrand-gebied;
24 setels in die plattelandse gebied.

Durban Central had been supplied. Your Commission would have preferred to supply the deficiency of voters in this seat by adding voters to the west of Ridge Road, but unfortunately numbers precluded this. This densely populated seat was loaded by 11·3 per cent.

134. Durban Umbilo remained a workers' constituency as a result of the addition of the area from Umlazi already mentioned. Your Commission loaded it by 11·2 per cent.

135. Durban Berea was reduced to far below quota by the surrender of 4,877 voters to Durban Musgrave and a further 200 voters to Durban Umbilo. To bring the number of voters up to strength, your Commission removed Polling Districts Nos. 2, 3, 15 and 16, carrying 5,176 voters, from Durban Pinetown and added them to this seat. This seat covers a larger area than any of the other Durban seats and your Commission loaded it by 5·3 per cent.

136. As will appear from the foregoing, the rural areas were substantially unloaded and the urban areas heavily loaded. In the opinion of your Commission this was necessary because of the fact that 5 rural seats cover almost 90 per cent of the total area of Natal. These seats are sparsely populated and extend over mountainous and hilly terrain with different communications; at times it was, as a result of their extensive nature, extremely difficult to find that community of interests which your Commission have desired in dealing with the creation of any particular seat.

B. Provincial Council.

137. The Provincial delimitation of Natal differed, in the first place, from Parliamentary delimitation in that it was not necessary to eliminate a seat at this delimitation. As in the case of the Parliamentary delimitation, there was a large deficiency of voters in the rural areas. The problem of the deficiency of rural voters was, however, more easily solved at the Provincial than at the Parliamentary delimitation. This was achieved by returning 522 rural voters from the semi-urban constituencies to Durban District and transferring 272 rural voters from Umkomaas. In this manner the deficiency of voters in the rural areas was easily supplied. Not a single rural constituency was eliminated or changed in essence or character. The name of the seat Umvoti was changed to Weenen at the request of all parties.

138. In the rural area of Durban there was a considerable increase of voters in the southern suburbs, compared with a substantial decrease of voters in the centre of the city. This resulted in the extension of the constituencies in the central part of the city over Ridge Road to absorb a further portion of the voters of Durban District. The removal of this further number of voters and the increase of voters in the southern suburbs necessitated the elimination of the constituency of Durban District, and in its place the seat Umhlatuzana was created to absorb the increase of voters in the southern suburbs. The surrender of voters to Durban Gardens caused such a radical modification of the boundaries of the seat Stamford Hill that its name was no longer appropriate and consequently changed to Durban Umgeni.

THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

House of Assembly and Provincial Council.

139. The total number of voters registered in the Transvaal as at 30th April, 1952, was 693,108. On the basis of this figure the province, as already stated, was entitled to 68 seats, representing an increase of two compared with the previous delimitation. In 1947 there were 578,722 voters in the Transvaal. The 66 seats allocated to the Transvaal at that time were divided into three groups, as follows:—

8 Seats in the Pretoria area;
34 seats in the Witwatersrand area;
24 seats in the rural area.

140. Op 30 April 1952 was daar 85,582 geregistreerde kiesers in die sogenaamde Pretoria-gebied, 'n vermeerdering sedert 1947 van 11,656 kiesers, of 15·7 persent. Daar was 381,447 geregistreerde kiesers in die sogenaamde Witwatersrand-gebied, 'n vermeerdering van 62,093 kiesers, of 19·4 persent. In die sogenaamde plattelandse gebied het die getal kiesers 226,079 bedra, 'n vermeerdering van 40,637 of 21·9 persent.

141. Die grootste toename het in die Vereeniging-sektor plaasgevind. Die syfer vir Vereeniging het van 9,089 tot 17,336 gestyg, met die gevolg dat die kiesers in Vereeniging die provinsiale kwota met 70·1 persent oorskry. Die oprigting van die yster- en staalfabriek te Vanderbijlpark in die besonder en die industriële uitbreiding in die algemeen is vir hierdie groot toename verantwoordelik.

142. Langsaan Vereeniging is die kiesafdeling Losberg, wat as gevolg van die uitbreiding in die Blyvooruitzichtgebied, 35·9 persent bo die kwota staan.

143. Koedoespoort, wat noordoos van Pretoria lê, is tot 'n mate as gevolg van die oprigting van nuwe spoorwegwerksplase te Kilnerton tot 38·4 persent bo kwota opgestoot. Die tweede grootste toename kom in die gebied tussen Pretoria en die Witwatersrand voor, d.w.s. in die kiesafdeling Kempton Park, wat 47·9 persent bo kwota is.

144. Die ruitvormige gebied met Pretoria en Vereeniging as teenoorgestelde uithoeke aan die noorde en die suide en Krugersdorp en Springs teenoor mekaar aan die westelike en oostelike hoeke, is die mees digbevolkte gebied in Transvaal. Vyf-en-veertig van die huidige ses-en-sestig Transvaalse kiesafdelings is binne die gebied geleë. Van die 693,108 kiesers in Transvaal is 510,314 in hierdie gebied saamgetrek—inderdaad eenderde van die Unie se stemkrag van 1,539,802 kiesers. Hierdie sametrekking van kiesers is van die grootste belang by die oplossing van die belangrike vraag, nl. die vraag waar die twee bykomende setels geskep moet word.

145. By sy eerste openbare vergadering te Pretoria is u Kommissie breedvoerig toegespreek oor waar hierdie twee nuwe setels geplaas moet word. Die partye was dit eens dat een van die nuwe setels in die omgewing van Vereeniging en Vanderbijlpark geplaas moet word. Die kiesafdeling Vereeniging het 'n surplus van 7,143 kiesers gehad. Hierdie surplus is veroorsaak deur die ontwikkeling in Vanderbijlpark, wat 4,802 kiesers het. Geen ander gebied in die provinsie het so 'n aanwas in stemkrag getoon nie. Die aangrensende kiesafdeling Losberg het 'n aanwas van 35·9 persent getoon. Hierdie twee kiesafdelings het dus voldoende kiesers vir drie kiesafdelings gehad. U Kommissie het derhalwe besluit om een van die nuwe setels in hierdie gebied te skep.

146. Een van die partye het voorgestel dat die ander nuwe setel in die omgewing van Bronkhorstspruit geskep word. Hierdie voorstel sou ten einde 'n genoegsame getal kiesers in hierdie omgewing te versamel, 'n grootskaalse verskuiwing van grense meebring. Dit sou ook die ontlading van plattelandse kiesafdelings tot oor veertien persent gebring het, 'n ontlading wat u Kommissie onder huidige omstandighede as ongewens beskou het.

147. Dit is deur die ander politieke party betoog dat die provinsie op twee bykomende setels geregtig geword het hoofsaaklik as gevolg van die aanwas van kiesers op die Witwatersrand en dat dit derhalwe paslik is dat een van die nuwe setels daar geskep moet word, en wel in die gebied Westdene-Mayfair, en dat dit Melville genoem word.

148. Die verteenwoordiger van 'n ander politieke party het 'n stap verder gegaan. Hy het Vereeniging se aanspraak op een van die twee nuwe setels erken. Ook het hy die voorstel ondersteun dat die tweede nuwe setel in die omgewing van Melville geskep word. Hy het egter aangevoer dat die Witwatersrand op nog 'n setel, ten koste van die platteland, geregtig was. Geen aanduiding van waar die bykomende setel geskep moet word, is verstrek nie.

149. Die beslissende faktor by die besluit van waar 'n nuwe setel ingestel moet word, is die sametrekking van voldoende kiesers in 'n besondere gebied. By ontleding

140. On 30th April, 1952, there were 85,582 registered voters in the so-called Pretoria area, an increase since 1947 of 11,656 voters, or 15·7 per cent. There were 381,447 registered voters in the so-called Witwatersrand area, an increase of 62,093 voters, or 19·4 per cent. In the so-called rural area the voters amounted to 226,079, an increase of 40,637, or 21·9 per cent.

141. The largest increase occurred in the Vereeniging sector. The figure for Vereeniging rose from 9,089 to 17,336, with the result that the voters in Vereeniging exceeded the provincial quota by 70·1 per cent. The establishment of the iron and steel factory at Vanderbijlpark in particular and the industrial expansion in general was responsible for this large increase.

142. Adjoining Vereeniging was the Constituency of Losberg which, as a result of the expansion of the Blyvooruitzicht area, stood at 35·9 per cent above the quota.

143. Koedoespoort, situated to the north-east of Pretoria, was, owing partly to the construction of new railway workshops at Kilnerton, raised to 38·4 per cent above quota. The second largest increase occurred in the area between Pretoria and the Witwatersrand i.e. in the Constituency of Kempton Park, which was 47·9 per cent above quota.

144. The diamond-shaped area with Pretoria and Vereeniging as opposite angles in the north and the south, and with Krugersdorp and Springs in the western and eastern angles respectively, is the most densely populated area in the Transvaal. Forty-five of the present sixty-six Transvaal constituencies are situated within this area. 510,314 of the 693,108 voters in the Transvaal are concentrated in this area—in fact, one-third of the Union's voting strength of 1,539,802 voters. This concentration of voters was of the utmost importance in solving the important problem concerning the location of the two additional seats.

145. At its first public meeting in Pretoria, your Commission was addressed at length on the question as to where these two new seats should be created. The parties were agreed that one of the new seats should be in the vicinity of Vereeniging and Vanderbijlpark. The Constituency of Vereeniging had a surplus of 7,143 voters. This surplus was caused by the development at Vanderbijlpak, which has 4,802 voters. No other area in the province has shown such a increase in voting strength. The adjoining Constituency of Losberg showed an increase of 35·9 per cent. These two constituencies, therefore, had sufficient voters for three constituencies. Your Commission accordingly decided to create one of the new seats in this area.

146. One of the parties proposed that the other new seat be created in the vicinity of Bronkhorstspruit. This proposal would have involved a large-scale shifting of boundaries in order to bring together a sufficient number of voters in this area. It would also have raised the unload of rural constituencies to above fourteen per cent, an unload which your Commission considered undesirable in the present circumstances.

147. The other political party contended that the province had become entitled to two additional seats mainly as a result of the increase of voters on the Witwatersrand and that it would therefore be appropriate to create one of the new seats there, viz. in the area Westdene-Mayfair, and suggested that it be named Melville.

148. The representative of another political party went a step further. He recognised Vereeniging's claim to one of the two new seats. He also supported the proposal that the second new seat be created in the vicinity of Melville. He, however, advanced the argument that the Witwatersrand was entitled to yet another seat at the expense of the rural areas. No indication was given as to where the new seat should be created.

149. The decisive factor in deciding where a new seat should be established, is the concentration of sufficient voters in a particular area. From an analysis of the figures

van die syfer is dit duidelik dat die oorweldigende aanwas van kiesers in die ruitvormige gebied hierbo vermeld, plaasgevind het en dat dit die enigste gebied in Transvaal was wat 'n verdere setel kon dra sonder om ongewenste gevolge by die afbakening mee te bring.

150. Nadat u Kommissie besluit het waar die twee nuwe setels geskep moet word, het hy sy beslissing aan die politieke partye en deur die pers aan die publiek bekendgemaak. By wyse van 'n verdere vergadering is die geleentheid aan alle belanghebbendes gegee om verdere vertoë tot u Kommissie te rig. By hierdie vergadering het een van die partye 'n alternatiewe voorstel ingedien, nl. dat 'n setel aan die noordelike perimeter van die Witwatersrand geplaas word. Die ander party het by sy oorspronklike keuse van Melville as nuwe setel bly staan.

151. Ter ondersteuning van die alternatiewe voorstel is aangevoer dat daar 'n surplus van kiesers langs die noordelike grense van die Witwatersrand is, en dat dit die aangewese plek is om die nuwe setel te skep. Daar is op gewys dat Johannesburg-Noord (met 13,436 kiesers), Edenvale (met 12,900 kiesers) en Kempton Park (met 15,072 kiesers) onderskeidelik 31·8 persent, 26·6 persent en 47·9 persent bo die kwota is en hierbenewens dat Pretoria-Distrik (met 12,095 kiesers) 18·7 persent bo die kwota is. Die voorgestelde setel is 'n samestelling van omstedelike gebiede, vir die grootste gedeelte bewoon deur persone wat òf in Johannesburg òf in Pretoria werksaam is. Dit bevat 4,439 kiesers uit Johannesburg-Noord, 186 uit Johannesburg-Wes, 2,297 uit Edenvale en 3,593 uit Pretoria-Distrik.

152. Die voorgestelde kiesafdeling Melville word geskep deur 6,229 kiesers uit Johannesburg-Wes (13,131 kiesers en 28·8 persent bo die kwota), 1,537 kiesers uit Westdene (11,898 kiesers en 16·7 persent bo die kwota) en 3,077 kiesers uit Mayfair (9,653 kiesers en 5·3 persent onder die kwota) te neem. Johannesburg-Wes, wat langs hierdie weg 6,229 kiesers afstaan, word dan vergoed deur 2,495 kiesers uit Parktown en 3,078 kiesers uit Johannesburg-Noord te neem. Mayfair word vergoed deur 2,681 kiesers uit Langlaagte en 'n verdere 3,170 uit Westdene te neem, wat op sy beurt vergoed word met 4,585 kiesers uit Maraisburg.

153. Die beslissende faktor is hier ook die sametrekking van kiesers in voldoende getalle om 'n nuwe setel te skep. Daar is voldoende kiesers in beide van hierdie gebiede om sodanige setel te skep, dog die sametrekking aan die noordelike perimeter van die Witwatersrand is groter as dié by Melville, en die skepping van 'n setel aan die perimeter sal minder grensverskuiwings veroorsaak en meewerk om bestaande kiesafdelings hul wesenlike karakter te laat behou. Die skepping van 'n setel by Melville is, weens die feit dat dit te veel van die kiesers in die kiesafdeling onmiddellik ten weste van Johannesburg sou absorbeer, as minder gewens beskou. Hierdie kiesers is nodig en byderhand om die tekort aan kiesers in die kiesafdelings van die middestad aan te vul. Hul inlywing by Melville sou uitgeloop het op 'n abnormaal klein belading van hierdie stedelike kiesafdelings. Op hierdie grondslag is Von Brandis byvoorbeeld met slegs 8·2 persent belaai, Hospitaal met 7 persent, Hillbrow met 7·8 persent, Yeoville met 6·6 persent en Troyeville met 7 persent, wat die Kommissie as geheel-en-al buite verhouding en ontoereikend vir die kleinste dog mees digbewoonde kiesafdelings in die Unie beskou. U Kommissie het derhalwe tot die besluit gekom dat die tweede nuwe setel aan die noordelike perimeter van die Witwatersrand geskep moet word.

154. Bloot vir die gerief word die kiesafdelings in die volgende orde behandel—

(*a*) die Pretoriase kiesafdelings (8);
(*b*) die plattelandse kiesafdelings (23);
(*c*) die Vereeniging-kiesafdelings (2);
(*d*) die Witwatersrandse kiesafdelings (35).

(*a*) *Die Pretoriase Kiesafdelings.*

155. Daar is 85,582 geregistreerde kiesers in die agt Pretoriase kiesafdelings, d.w.s. 'n gemiddelde van 10,698 kiesers per setel, 'n gemiddelde belading van 5 persent.

it was clear that the overwhelming increase of voters occurred in the diamond-shaped area mentioned above, and that this was the only area in the Transvaal which carry a further seat without causing undesirable results at the delimitation.

150. After your Commission had decided where the two new seats should be created its decision was notified to the political parties and published in the Press. A further meeting was held in order to give all interested parties an opportunity to make further representations to your Commission. At this meeting one of the parties submitted an alternative proposal, viz., that a seat be created on the northern perimeter of the Witwatersrand. The other party stood by its original choice of Melville as the new seat.

151. In support of the alternative proposal it was argued that there was a surplus of voters along the northern boundaries of the Witwatersrand, and that this was the proper place for the creation of a new seat. It was pointed out that Johannesburg North (with 13,436 voters) were 31·8 per cent, 26·6 per cent and 47·9 per cent above quota, respectively, and moreover that Pretoria District (with 12,095 voters) was 18·7 per cent above quota. The proposed seat would be a combination of peri-urban areas, mainly inhabited by persons employed in either Johannesburg or Pretoria. It would contain 4,439 voters from Johannesburg North, 186 from Johannesburg West, 2,297 from Edenvale and 3,593 from Pretoria District.

152. The proposed constituency of Melville was to be created by grouping 6,229 voters from Johannesburg West (13,131 voters and 28·8 per cent above quota), 1,537 voters from Westdene (11,898 voters and 16·7 per cent above quota) and 3,077 voters from Mayfair (9,653 voters and 5·3 per cent below quota). Johannesburg West, which would then surrender 6,229 voters, would be compensated by 2,495 voters from Parktown and 3,078 voters from Johannesburg North. Mayfair would be compensated by removing 2,681 voters from Langlaagte and a further 3,170 from Westdene, which in turn would be compensated by removing 2,681 voters from Langlaagte and a further 3,170 from Westdene, which in turn would be compensated by 4,585 voters from Maraisburg.

153. Also here the decisive factor would be the concentration of voters in sufficient numbers to create a new seat. There are sufficient voters in both these areas to create such a seat, but the concentration on the northern perimeter of the Witwatersrand is greater than that a Melville, and the creation of a seat on the perimeter would cause fewer boundary changes and would contribute towards the rentention by existing constituencies of their essential character. The creation of a seat at Melville was considered less desirable because of the fact that it would absorb too many of the voters in the constituency immediately west of Johannesburg. These voters were necessary and available to supply the deficiency of voters in the constituencies in the central part of the city. Their incorporation with Melville would result in an abnormally small load on these urban constituencies. On this basis Von Brandis would e.g. be loaded by only 8·2 per cent, Hospital by 7 per cent, Hillbrow by 7·8 per cent, Yeoville by 6·6 per cent and Troyeville by 7 per cent, which your Commission regards as entirely out of proportion and inadequate for the smallest yet most densely populated constituencies in the Union. Your Commission, therefore, came to the conclusion that the second new seat should be created on the northern perimeter of the Witwatersrand.

154. For the sake of convenience, the constituencies are dealth within the following order:—

(*a*) The Pretoria constituencies (8);
(*b*) the rural constituencies (23);
(*c*) the Vereeniging constituencies (2);
(*d*) the Witwatersrand constituencies (35).

(*a*) *Pretoria Constituencies.*

155. There were 85,582 registered voters in the eight Pretoria constituencies, i.e. an average of 10,698 voters per seat, an average load of five per cent.

156. U Kommissie is versoek om sekere wysigings in die buitegrense van hierdie kompleks aan te bring. Daar is voorgestel dat 'n aantal kiesers van Wonderboom na die aangrensende plattelandse kiesafdeling Brits oorgeplaas word, en dat 'n aantal kiesers uit Pretoria-Distrik nl. van Valhalla, Lyttelton en Hazelwood, by die Pretoria-kompleks ingelyf word en verder dat die gebied Menlo Park, met 832 kiesers, uit Pretoria-Oos na Pretoria-Distrik oorgeplaas word.

157. U Kommissie het die gebiede langs die buitegrense van die Pretoria-kompleks uit die lug en per motor noukeurig besigtig en in besonder die gebiede Valhalla, Clubview, Lyttelton, Menlo Park, Hazelwood, Silverton, Derdepoort en die gebiede wat stemdistrikte 615 en 616 dek.

158. Beide partye is dit eens dat 'n gedeelte van stemdistrik 615, bevattende 190 kiesers, uit die stedelike kompleks gehaal moet word. Die betrokke kiesers is hoofsaaklik boere en is deur die Lady Selborne-naturellelokasie van Pretoria geskei. U Kommissie is van oordeel dat hierdie gedeelte uit Wonderboom na die kiesafdeling Brits oorgeplaas moet word.

159. Beide Valhalla en Lyttelton val buite die Pretoriase munisipale grense. Daarbenewens is Lyttelton deur 'n groot bosreserwe van die stad geskei.

160. Die woonhuise in Menlo Park is van dieselfde aard as dié in die aangrensende Brooklyn en is heeltemal in die stadsgebied geïntegreer. Hierdie deel is deur die Kommissie van 1947 by Pretoria-Oos gevoeg.

161. Met een of twee uitsonderings is die huise in Hazelwood van baie laer gehalte as dié in Menlo Park en Waterkloof en pas nie goed daarby aan nie.

162. Stemdistrik 616 is redelik digbewoon deur perseelhouers wat in Pretoria werksaam is of wat daar sakebelange het of hul produkte in Pretoria bemark.

163. As die buitegrense van die setels in die Pretoria-kompleks onveranderd gelaat word, met uitsondering van 190 kiesers wat na Brits oorgeplaas is, sal die setels gemiddeld met vyf persent belaai wees, wat volgens die Kommissie se mening onder die huidige omstandighede 'n gepaste belading is. Dus bloot vir getalsoorwegings is daar geen rede om verdere kiesers by hierdie kompleks te voeg of weg te neem nie.

164. Die kiesafdelings Pretoria-Sunnyside, Pretoria-Stad en Pretoria-Sentraal is aldrie onder die kwota, onderskeidelik 9·9 persent, 16·6 persent en 16·2 persent. Pretoria-Wes, 'n taamlike uitgestrekte setel, is 5 persent bo kwota en Pretoria-Oos 7·2 persent bo kwota. Die kiesafdelings in die noordelike gedeelte van die stad, nl. Wonderboom, Gezina en Koedoespoort is onderskeidelik 22·5, 9·4 en 38·4 persent bo die kwota.

165. Pretoria-Sentraal en Pretoria-Stad is in wese middestad-kiesafdelings, en Pretoria-Sunnyside 'n kiesafdeling wat die ouer woonbuurte van die stad behels.

166. Die kiesafdeling Pretoria-Oos was, soos reeds gemeld, 7·2 persent bo die kwota. Dit bestaan grotendeels uit gegoede woonbuurtes met kiesers wat gemeenskaplike belange het. U Kommissie sou hierdie setel ietwat minder wou belaai het aangesien dit, in vergelyking met die ander Pretoriase setels, 'n taamlike groot oppervlakte beslaan, dog het gevoel dat hy nie enige grensveranderings bloot om dié rede moet aanbring nie en het derhalwe belsuit om die kiesafdeling onveranderd te laat en dus nòg Menlo Park daarvan weg te neem nòg Hazelwood by te voeg.

167. Pretoria-Sunnyside was, soos reeds gemeld, 9·9 persent onder kwota, en dit was derhalwe nodig om bykomende stemkrag vir dié setel te vind. Dit is 'n kiesafdeling wat amper uitsluitlik uit woongebiede bestaan en die vraag het ontstaan hoe die tekort aan kiesers aangevul moes word. In die eerste plek is die nuwe voorstad Groenkloof, wat aangrensend is, bygevoeg. Daar moes egter aansienlik meer kiesers gevind word om Sunnyside die gewenste belading te besorg en u Kommissie het gevolglik besluit om blok 164, met 689 kiesers, uit Pretoria-Sentraal en sekere blokke ten ooste van die Aapiesrivier uit die bestaande kiesafdeling Pretoria-Stad by te voeg. Sodoende word die voorstad Arcadia feitlik in sy geheel by een kiesafdeling ingelyf. Die kiesafdeling Sunnyside is 'n digbewoonde gebied en is met 7·4 persent belaai.

156. Your commission was requested to make certain alterations to the outer boundaries of this complex. It was proposed that a number of voters from Wonderboom be transferred to the adjoining rural constituency Brits, and that a number of voters from Pretoria District, viz. Valhalla, Lyttelton and Hazelwood be incorporated with the Pretoria complex and, further, that the area of Menlo Park, with 832 voters, be transferred from Pretoria East to Pretoria District.

157. Your Commission carried out a thorough inspection, from the air and by car, of the areas along the outer boundaries of the Pretoria complex, particularly the areas Valhalla, Clubview, Lyttleton, Menlo Park, Hazelwood, Silverton, Derdepoort and the areas covered by Polling Districts Nos. 615 and 616.

158. Both parties were agreed that a portion of Polling District No. 615 with 190 voters, should be removed from the urban complex. The voters in question are mainly farmers and are separated from Pretoria by the Lady Selbourne Native Location. Your Commission was of the opinion that this section should be transferred from Wonderboom to the Brits constituency.

159. Both Valhalla and Lyttleton fall outside the Pretoria Municipal boundaries. In addition, Lyttleton is seperated from the city by an extensive forest reserve.

160. The dwellings in Menlo Park are of the same type as those in the adjoining Brooklyn and are completely integrated in the urban area. This portion was added to Pretoria East by the 1947 Commission.

161. With one or two exceptions, the houses in Hazelwood are of a much poorer standard than those in Menlo Park and Waterkloof, and do not fit in well with the latter.

162. Polling District No. 616 is reasonably densely populated by plot holders who are employed in Pretoria or have business interests, or market produce, in Pretoria.

163. If the outer boundaries of the seats in the Pretoria complex were to be left unchanged, with the exception of 190 voters transferred to Brits, the seats would be loaded by five per cent on an average which, in the opinion of your Commission, would be a suitable load in the present circumstances. Therefore, purely on the grounds of numerical consideration there is no reason for adding to or removing from this complex any further voters.

164. The constituencies of Pretoria Sunnyside, Pretoria City and Pretoria Central were all below quota, viz. 9·9 per cent, 16·6 per cent and 16·2 per cent respectively. Pretoria West, a fairly extensive seat, was five per cent above the quota and Pretoria East, 7·2 per cent above quota. The constituencies in the northern area of the city, viz. Wonderboom, Gezina and Koedoespoort were 22·5, 9·4 and 38·4 per cent above quota respectively.

165. Pretoria Central and Pretoria City are essentially central urban constituencies, and Pretoria Sunnyside is a constituency embracing the older residential areas of the city.

166. The constituency of Pretoria East was, as already stated, 7·2 per cent above quota. It consists mainly of well-to-do residential areas with voters having common interests. Your Commission would have preferred to give this seat a somewhat smaller load as it covers, in comparison with the other Pretoria seats, a fairly large area, but felt that it should not effect any boundary modifications for this reason alone and, therefore, decided to leave the constituency unchanged, neither removing Menlo Park from it nor adding Hazelwood to it.

167. Pretoria Sunnyside was, as already stated, 9·9 per cent below quota, and it was, therefore, necessary to find additional voting strength for this seat. This is a constituency consisting almost exclusively of residential areas and the question arose as to how deficiency of voters should be supplied. In the first instance the new suburb Groenkloof, which adjoins is, was added. In order to give Sunnyside the desirable load a considerable number of additional voters had to be found, and your Commission accordingly decided to add block 164, with 689 voters, from Pretoria Central and certain blocks to the east of the Apies River from the existing constituency of Pretoria City. Thus almost the entire suburb of Arcadia was incorporated in one constituency. The constituency of Sunnyside is a densely populated area and was loaded by 7·4 per cent.

168. Deur die tekort aan kiesers in Pretoria-Sunnyside uit Pretoria-Stad en Pretoria-Sentraal aan te suiwer is die tekort in die middestad aansienlik vergroot, en die vraag het ontstaan of die tekort aangesuiwer moet word deur kiesers uit die noordelike kiesafdelings van Pretoria by te haal of om die tekort aan te vul deur die byvoeging van Valhalla en Lyttelton. U Kommissie is van mening dat die byvoeging van Lyttelton wat anderkant die bosreserwe lê, die insluiting van kiesers sou wees wat nie goed aansluit by die kiesers in die middestad nie, en hul afgesonderde ligging maak so 'n byvoeging nog verder ongewens.

169. Die surplus kiesers in die noordelike kiesafdelings van die stad pas daarenteen goed aan by dié in die middestad, waar daar ook uitstekende verbindings oor die Daspoort-reeks bestaan. Deur die tekort in die middestad op hierdie wyse aan te vul kan die bestaande kiesafdelings hul wesenlike karakter behou en word grensverskuiwings in die noordelike kiesafdelings tot die minimum beperk. Onder hierdie omstandighede het u Kommissie besluit om Lyttelton en Valhalla nie by die stadskompleks te voeg nie.

170. Daar die verbindings in die middestad met die kiesers in die noordelike gedeelte van die stad die beste aansluit by die kiesafdeling Pretoria-Stad, is dit in die eerste instansie nodig om die tekort aan stemkrag in Pretoria-Sentraal met kiesers ten suide van die Daspoort-reeks aan te vul. Hierin het die Kommissie gedeeltelik geslaag deur die kiesers uit Pretoria-Wes wat ten ooste van die treinspoor woon, by te voeg. Die tekort is verder aangesuiwer deur vyf blokke uit Pretoria-Stad ten ooste van Paul Krugerstraat in te lyf.

171. Deur die kiesers ten ooste van die treinspoor af te staan is Pretoria-Wes onder kwota gebring. Om die kiesafdeling op die gewenste syfer te staan te bring het u Kommissie Pretoria-Tuine en Hermanstad by Pretoria-Wes gevoeg. Die geografiese ligging van hierdie kiesers is sodanig dat u Kommissie hulle nie kon aanwend om die tekort in Pretoria-Sentraal aan te suiwer nie. Hul belange is ook sodanig dat hulle beter by Pretoria-Wes inskakel as by Pretoria-Sentraal. Die verbindings met Pretoria-Wes, beide per spoor en per pad, is goed, nieteenstaande die Daspoort-reeks. Deur hierdie veranderings is Pretoria-Sentraal en Pretoria-Wes onderskeidelik 6·1 en 2·6 persent belaai.

172. Deur 190 kiesers uit stemdistrik 615 aan Brits en Pretoria-Tuine en Hermanstad aan Pretoria-Wes af te staan is Wonderboom op 1·7 persent bo die kwota te staan gebring, wat as 'n gepaste belading beskou word met die oog op sy grootte.

173. Die tekort aan kiesers in Pretoria-Stad, nadat dié setel die voormelde gebiede afgestaan het, is aangesuiwer deur die byvoeging van Capital Park uit Gezina. Dit is hoofsaaklik 'n woongebied, met kiesers wat goed aanpas by die oorblywende kiesers in Pretoria-Stad.

174. Deur Capital Park af te staan het die kiesafdeling Gezina 'n lomp fatsoen aangeneem, wat die verbindings in dié kiesafdeling bemoeilik het. Die Kommissie het derhalwe die woongebiede Riviera en Rietondale uit dié kiesafdeling gehaal en by die kiesafdeling Koedoespoort gevoeg en die woongebiede Rietfontein en Wonderboom-Suid uit Koedoespoort by Gezina gevoeg. Gemeenskaplike belange is nie hierdeur benadeel nie en verbindings is verbeter.

175. Gezina is 5·4 persent belaai en Koedoespoort, wat die grootste en mins digbewoonde van die Pretoriase kiesafdelings is, is 1·5 persent belaai.

(b) Die plattelandse kiesafdelings.

176. Die gemiddelde ontlading van die drie-en-twintig kiesafdelings in hierdie groep is ongeveer 13·2 persent. Volgens die mening van u Kommissie is daar alle regverdiging vir 'n ontlading soos hierdie. Die drie-en-twintig kiesafdelings beslaan ongeveer 95 persent van die totale oppervlakte van Transvaal (110,450 vierkante myl). Met een of twee uitsonderings behels elkeen van hierdie setels 'n groter gebied as die totale oppervlakte van die oorblywende 45 setels in Transvaal. Die terrein is dikwels bergagtig en die verkeersmiddele gebrekkig. Weens hul grootte is kiesafdelings soos Marico, Waterberg, Pieters-

168. By supplying the deficiency of voters in Pretoria Sunnyside from Pretoria City and Pretoria Central, the deficiency in the central urban area was considerably increased, and the question arose whether the deficiency should be supplied by bringing in voters from the northern constituencies of Pretoria or whether the deficiency should be supplied by the addition of Valhalla and Lyttleton. Your Commission was of the opinion that the addition of Lyttleton, situated beyond the forest reserve, would meant the inclusion of voters not fitting in well with the voters of the central urban area, and their isolated situation made such an addition even more undesirable.

169. On the other hand the surplus of voters in the northern constituencies of the city, fit in well with those of the central urban area, where there are also excellent communications over the Daspoort range. By supplying the deficiency in the central urban area in this way, the existing constituencies could retain their essential character while the boundary modifications in the northern constituencies would be reduced to a minimum Under these circumstances your Commission decided not to add Lyttelton and Valhalla to the urban complex.

170. As the communications in the central urban area with the voters in the northern part of the city link up best with the constituency of Pretoria City, it became necessary to supplement the voting strength in Pretoria Central with voters south of the Daspoort range. Your Commission partly achieved this by adding the voters from Pretoria West residing east of the Railway line. The deficiency was further supplied by incorporating five blocks from Pretoria City east of Paul Kruger Street.

171. By surrendering the voters east of the railway line, Pretoria West was reduced to below quota. To obtain the desired figure for the constituency your Commission added Pretoria Gardens and Hermansstad to Pretoria West. The geographical position of these voters is such that your Commission could not use them to supply the deficiency in Pretoria Central. Their interests are also of such nature that they fit in better with Pretoria West than with Pretoria Central. The communications with Pretoria West, both by rail and by road are good, notwithstanding the Daspoort range. As a result of these changes, Pretoria Central and Pretoria West were loaded by 6·1 and 2·6 per cent respectively.

172. By the surrender of 190 voters from Polling District No. 615 to Brits and the surrender of Pretoria Gardens and Hermansstad to Pretoria West, Wonderboom was brought down to 1·7 per cent above quota, which was considered a suitable load in view of its size.

173. The deficiency of voters in Pretoria City, after this seat had surrendered the areas referred to, was supplied by the addition of Capital Park from Gezina. This is mainly a residential area, with voters who fit in well with the remaining voters in Pretoria City.

174. By surrendering Capital Park, the constituency of Gezina assumed an akward shape, making communications in this constituency difficult. The Commission, therefore, removed the residential areas of Riviera and Rietondale from this constituency and added them to the constituency of Koedoespoort, and transferred the residential areas of Rietfontein and Wonderboom South from Koedoespoort to Gezina. Common interests were not adversely affected by this and communications were improved.

175. Gezina was loaded by 5·4 per cent, and Koedoespoort the largest and least densely populated of the Pretoria constituencies, was loaded by 1·5 per cent.

(b) The Rural Constituencies.

176. The average unload of the twenty-three constituencies in this group, was approximately 13·2 per cent. In the opinion of your Commissioners there is every justification for such an unload. The twenty-three constituencies cover approximately 95 per cent of the total area of the Transvaal (110,450 square miles). With one or two exceptions, each of these seats covers a larger area than the total area of the remaining 45 seats in the Transvaal. The terrain is often mountainous and communications inadequate. Because of their size, constituencies like Marico, Waterberg, Pietersburg, Soutpansberg and Barberton were unloaded to the highest permissible extent.

burg, Soutpansberg en Barberton tot die hoogste toelaatbare mate ontlaai.

177. Die tekort aan kiesers in Christiana (20·8 persent onder die kwota) is aangevul deur stemdistrikte 179 (231 kiesers) en 182 (395 kiesers) uit Lichtenburg by te voeg. Die voordeel wat hierin bestaan is dat 'n groot deel van sy magistraatsdistrik nou aan Delareyville teruggegee word en saam met hierdie dorp onder een kiesafdeling ressorteer.

178. Lichtenburg se tekort (21·3 persent onder die kwota), wat deur die verlies van twee stemdistrikte aan Christiana vergroot is, is vergoed deur Stemdistrikte Nos. 578, 579, 434 en 440, met 'n totaal van 1,039 kiesers, uit Ventersdorp, en Stempdistrikte Nos. 438, 439 en 445 (gedeeltelik), met 'n totaal van 340 kiesers, uit Klerksdorp te neem.

179. Klerksdorp was die enigste kiesafdeling in Wes-Transvaal wat 'n klein oorskot (+1·8 persent) getoon het. Benewens die 340 kiesers alreeds gemeld, was hy in staat om 843 kiesers aan Wolmaransstad af te staan (nl. Stemdistrikte Nos. 219, 441 en 225).

180. Potchefstroom is onveranderd gelaat, met 9,836 kiesers (3·5 persent onder die kwota).

181. Wolmaransstad (–23 persent) het 843 kiesers, alreeds gemeld, uit Klerksdorp bygekry. Met hierdie uitsondering bly hy onveranderd.

182. Ventersdorp (23·2 persent) was in die gunstige posisie dat hy in staat was om 'n gedeelte van Losberg se oorskot te absorbeer, as vergoeding vir die afstaan van 1,039 kiesers aan Lichtenburg en 'n verdere verlies van 729 kiesers in die Koster-stemdistrik ten gunste van Marico. Ventersdorp het uit Losberg 'n gedeelte van Stemdistrik No. 234 met 2,916 kiesers geneem, nl. die gebied van Carletonville en die Blyvooruitzicht-myngebied.

183. Met uitsondering van die toevoeging van die Koster stemdistrik (729 kiesers), word Marico se bestaande grense behou. 'n Alternatiewe voorstel dat die tekort in Marico deur die toevoeging van Thabazimbi (946 kiesers) uit Rustenburg aangevul word, is verwerp, op grond daarvan dat daar geen verbinding tussen Thabazimbi en Marico se drie dorpe (Zeerust, Groot Marico en Rodeon) bestaan nie, terwyl daar goeie pad- en spoorverbindings tussen Koster en hierdie dorpe is. Daarenteen is Thabazimbi deur pad en spoorweg met Rustenburg verbind, waarby hy na regte tuishoort.

184. Dit was nie nodig om enige belangrike verandering in die Rustenburg-setel te maak nie. 'n Totaal van 476 kiesers, uit Stemdistrikte Nos. 410, 131 en 132, is aan Brits afgestaan.

185. Brits het die reeds vermelde 476 kiesers uit Rustenburg ontvang, 'n verdere 190 uit Wonderboom, en het drie klein Stemdistrikte afgegee, nl. No. 509 (met 132 kiesers) en No. 510 (met 75 kiesers) aan Waterberg, en No. 281 (met 193 kiesers) aan die nuwe setel (Noord-Rand). Laasgenoemde stemdistrik is die Pelindaba-gebied aan die bokant van Hartbeespoortdam, wat uitstekende padverbinding met die noordelike voorstede van Johannesburg het.

186. Waterberg (20·7 persent) het uit Soutpansberg Stemdistrik No. 366 (160 kiesers) ontvang. Hierdie stemdistrik is in die magistraatsdistrik Potgietersrus en kon bloot om getalsoorweging in die Soutpansberg-kiesafdeling geplaas gewees het. Dit is die enigste stemdistrik in die noorde van hierdie magistraatsdistrik wat nie binne die Waterberg-kiesafdeling val nie. Ander wysigings van minder belang is langs die suidelike grens van die kiesafdelings aangebring. Waterberg is met 14·9 persent ontlaai.

187. Pietersburg, met 10,010 kiesers (–1·8 persent) was in staat om kiesers af te staan. Albei die politieke partye het saamgestem dat Potgietersrus-dorp uit Pietersburg verwyder moet word. Die voorstel dat dit by die Waterberg-kiesafdeling ingelyf word is deur u Kommissie verwerp. 'n Soortgelyke voorstel is in 1947 van die hand gewys. Hierdie voorstel sou 'n verskuiwing van die hele bestaande westelike grens van Pietersburg meegebring het. U Kommissie het besluit om Potgietersrus in die Groblersdal kiesafdeling te plaas, waar gemeenskaplikheid van belange in die vorm van tabak- en grondboontjiekwekery aangetref word. Dit is miskien te betreur dat

177. The deficiency of voters in Christiana (20·8 per cent below quota) was supplied by the addition of Polling Districts Nos. 179 (231 voters) and 182 (395 voters) from Lichtenburg. The advantages attached to this was that a large part of its magisterial district was now returned to Delareyville and fell in the same constituency as this town.

178. Lichtenburg's deficiency (21·3 per cent below quota), which was increased by the loss of two polling districts to Christiana, was supplied by the addition of Polling Districts Nos. 578, 579, 434 and 440, with a total of 1,039 voters, from Ventersdorp, and Polling Districts Nos. 438, 439 and portion of 445, with a total of 340 voters, from Klerksdorp.

179. Klerksdorp was the only constituency in the Western Transvaal which showed a small surplus (1·8 per cent). In addition to the 340 voters already mentioned, it was able to surrender 843 voters to Wolmaransstad (viz. Polling Districts Nos. 219, 441 and 225).

180. Potchefstroom was left unchanged, with 9,836 voters (3·5 per cent below quota).

181. Wolmaransstad (–23 per cent) received 843 voters, already referred to, from Klerksdorp. With this exception, it remained unchanged.

182. Ventersdorp (–23·2 per cent) was in the favourable position of being able to absorb part of the Losberg surplus as compensation for the surender of 1,039 voters to Lichtenburg and a further loss of 729 voters in the Koster Polling District in favour of Marico. Ventersdorp took over a portion of Polling District No. 234, with 2,916 voters, from Losberg, viz, the area of Carletonville and the Blyvooruitsig mining area.

183. With the exception of the addition of the Koster Polling District (729 voters), the existing boundaries of Marico have been preserved. An alternative proposal that the deficiency in Marico be supplied by the addition of Thabazimbi (946 voters) from Rustenburg, was rejected on the grounds that there are no communications between Thabazimbi and the three towns of Marico (Zeerust, Groot-Marico and Rodeon), whereas there are good road and rail communications between Koster and these towns. On the other hand, Thabazimbi is connected by road and rail with Rustenburg, where it properly belongs.

184. It was not necessary to make any important change in the Rustenburg seat. A total of 476 voters, from Polling Districts 410, 131 and 132 was surrendered to Brits.

185. Brits received the 476 voters referred to from Rustenburg, a further 190 from Wonderboom, and surrendered three small polling districts, viz. No. 509 (with 132 voters) and No. 510 (with 75 voters) to Waterberg and No. 281 (with 193 voters) to the new seat (North Rand). The latter polling district is the Pelindaba area above Hartebeespoort Dam, which has excellent road communications with the northern suburbs of Johannesburg.

186. Waterberg (20·7 per cent) received Polling District No. 366 (160 voters) from Soutpansberg. This polling district lies in the Magisterial District of Potgietersrus and could have been placed within the Soutpansberg constituency on purely numerical grounds. It is the only polling district in the northern part of this magisterial district which does not fall within the constituency of Waterberg. Other minor changes were made along the southern boundary of this constituency. Waterberg was unloaded by 14·9 per cent.

187. Pietersburg, with 10,010 voters (–1·8 per cent) was able to surrender voters. Both political parties agreed that the town of Potgietersrus should be removed from Pietersburg. The proposal to incorporate it with the Waterberg constituency was rejected by your Commission. A similar proposal was rejected in 1947. This proposal would have involved the shifting of the entire existing western boundary of Pietersburg. Your Commission decided to place Potgietersrus within the constituency of Groblersdal, where there is community of interests in the form of tobacco and groundnuts cultivation. It is perhaps to be regretted that Groblersdal had to surrender

Groblersdal Zebediela (Stemdistrik No. 381 met 262 kiesers) in ruil vir Potgietersrus moes prysgee. Dit is egter bevredigend dat Zebediela belange in Pietersburg-dorp het. Pietersburg is sy besigheidsentrum, sy bron van arbeid en elektriese krag, en die padverbindings is goed. Pietersburg neem ook 534 kiesers uit Soutpansberg (Stemdistrikte Nos. 544, 545, 551 en 339): Dit het die maksimale ontlading.

188. Die enigste verandering in die kiesafdeling Soutpansberg is die verlies van bovermelde stemdistrikte—een is aan Waterberg gevoeg en vier aan Pietersburg. Soutpansberg is waarskynlik die grootste en meesylbewoonde kiesafdeling in Transvaal, en is met 14·9 persent ontlaai.

189. Die belangrikste verandering in die kiesafdeling Groblersdal is die aanwins van Potgietersrus, hierbo vermeld. In die suide staan dit aan Bethal-Middelburg 820 kiesers af (Stemdistrikte Nos. 322, 323, 326, 325 en gedeelte van 321) almal in die magistraatsdistrik Middelburg. Hierbenewens verloor dit 1,016 kiesers ten gunste van Witbank (Stemdistrikte Nos. 594, 333, 613, 398 en 406).

190. Daar is slegs een belangrike verandering in die kiesafdeling Lydenburg, nl. die aanwins uit Ermelo van Waterval-Bo, met 1,263 kiesers. Die meerderheid van hierdie kiesers is spoorwerkers, en hulle het moontlik groter gemeenskaplikheid van belange met Machadodorp en Belfast, albei spoorweg-aansluitings wat soos Waterval-Bo aan die Pretoria-Delagoabaailyn geleë is. Spoor- sowel as padverbindings tussen Waterval-Bo en Carolina en Ermelo (die kiesafdeling waarin Waterval-Bo tans ressorteer) loop oor Machadodorp. Sy padverbindings met Machadodorp en Belfast is uitstekend.

191. Barberton bly wesenlik onveranderd. Geringe grensverskuiwings is in drie gevalle gedoen, ten einde te voldoen aan die wense van sekere kiesers wat op moeilik bereikbare plase woon. Om hierdie rede verloor Barberton 26 kiesers en ontvang 22 in ruil daarvoor.

192. Ermelo word vir die verlies van Waterval-Bo vergoed deur die Sheepmoor- en Amsterdam-stemdistrikte (249 en 581 kiesers) uit Wakkerstroom en Stemdistrik No. 521 (245 kiesers) uit Bethal-Middelburg oor te plaas. Hierdie stemdistrikte val almal binne die magistraatsdistrik Ermelo, en met uitsondering van Stemdistrik No. 199 (wat in die kiesafdeling Standerton val) is die Ermelo magistraatsdistrik nou geheel-en-al in die kiesafdeling Ermelo geleë.

193. Die enigste veranderings in Bethal-Middelburg aangebring is dié wat reeds gemeld is, nl. die aanwins van gedeelte van die magistraatsdistrik Middelburg uit Groblersdal en die prysgee aan Ermelo van gedeelte van die magistraatsdistrik Ermelo. Bethal-Middelburg val nou in sy geheel binne die twee magistraatsdistrikte Bethal en Middelburg.

194. Wakkerstroom word vir die verlies van Sheepmoor en Amsterdam vergoed deur Stemdistrikte Nos. 478 (Paardekop) en 204 uit Standerton te neem. Paardekop is in die magistraatsdistrik Volksrust, wat nou heeltemal in die kiesafdeling Wakkerstroom val. Ongelukkig moes die ander stemdistrik weens getalsoorwegings uit die magistraatsdistrik Standerton gesny word.

195. Standerton word op sterkte gebring deur Stemdistrikte Nos. 215, 216, 210 en gedeelte van 209 ('n totaal van 1,229 kiesers) uit Heidelberg oor te plaas.

196. Benewens bovermelde kiesers af te staan, verloor Heidelberg ten gunste van Vereeniging, al die kiesers (330 in getal) wat binne die magistraatsdistrik Vereeniging woon. Verder gee Heidelberg uit Stemdistrik No. 456, 337 kiesers aan Alberton af. Een van die partye het voorgestel dat 495 kiesers uit hierdie stemdistrik aan Alberton afgestaan word. Die ander party het saamgestem vir sover dit 250 kiesers betref. In ruil vir hierdie verliese kry Heidelberg uit Witbank Stemdistrikte Nos. 291 en 122, met 1,710 kiesers. Die twee helftes van die magistraatsdistrik Delmas word hierdeur in een kiesafdeling saamgevat.

197. Benewens die stemdistrikte wat uit Groblersdal oorgeplaas is, neem Witbank 315 kiesers uit Pretoria-Distrik.

Zebediela (Polling District No. 381 with 262 voters) in exchange for Potgietersrus. It is, however, satisfactory that Zebediela has interests in the town of Pietersburg. Pietersburg is its business centre, its source of labour and electric power, and road communications are good. Pietersburg also receives 534 voters from Soutpansberg (Polling Districts 544, 545, 551 and 339). It was unloaded to its maximum.

188. The only change in the constituency of Soutpansberg is the loss of the above-mentioned polling districts—one was added to Waterberg and four to Pietersburg. Soutpansberg is probably the largest and most sparsely populated constituency in the Transvaal, and was unloaded by 14·9 per cent.

189. The most important change in the constituency of Groblersdal is the acquisition of Potgietersrus referred to above. In the south it surrendered 820 voters (Polling Districts Nos. 322, 323, 326, 325 and a portion of 321), all in the Magisterial District of Middelburg, to Bethal-Middelburg. Furthermore it lost 1,016 voters to Witbank (Polling Districts Nos. 594, 333, 613, 398 and 406).

190. There is only one important change in the constituency of Lydenburg, viz. the acquisition of Waterval Bo, with 1,263 voters from Ermelo. The majority of these voters are railway employees and they possibly have a greater community of interests with Machadodorp and Belfast, both railway junctions situated, like Waterval Bo, on the Pretoria-Delagoa Bay line. Rail, as well as road communications between Waterval Bo and Carolina and Ermelo (the constituency in which Waterval Bo falls at present) pass through Machadodorp. Its road communications with Machadodorp and Belfast are excellent.

191. Barberton remains essentially unchanged. Minor boundary adjustments were made in three cases in order to comply with the wishes of certain voters residing on farms to which access is difficult. For this reason, Barberton lost 26 voters and received 22 in exchange.

192. Ermelo was compensated for the loss of Waterval Bo by the transfer of the Sheepmoor and Amsterdam Polling Districts (249 and 581 voters) from Wakkerstroom, as well as Polling District No. 521 (245 voters) from Bethal-Middelburg. These polling districts all fall within the Magisterial District of Ermelo and, with the exception of Polling District No. 199 (which falls within the constituency of Standerton), the entire Ermelo Magisterial District is now situated within the constituency of Ermelo.

193. The only changes made in Bethal-Middelburg, are those already mentioned, viz. the acquisition of a portion of the Magisterial District of Middelburg from Groblersdal, and the surrender to Ermelo of a portion of the Magisterial District of Ermelo. Bethal-Middelburg now falls completely within the two Magisterial Districts of Bethal and Middelburg.

194. Wakkerstroom was compensated for the loss of Sheepmoor and Amsterdam by the acquisition of Polling Districts Nos. 478 (Perdekop) and 204 from Standerton. Perdekop is situated in the Magisterial District of Volksrus which falls entirely within the constituency of Wakkerstroom. Unfortunately the other polling district had to be excluded from Standerton for numerical reasons.

195. Standerton was brought up to strength by the transfer from Heidelberg of Polling Districts Nos. 215, 216, 210 and a portion of 209 (a total of 1,229 voters).

196. In addition to the surrender of the above-mentioned voters Heidelberg lost all the voters (330 in number) residing in the Magisterial District of Vereeniging, to Vereeniging. In addition Heidelberg surrendered 337 voters from Polling District No. 456 to Alberton. One of the parties proposed that 495 voters from this polling district be surrendered to Alberton. The other party was in agreement in so far as 250 voters were concerned. In exchange for these losses, Heidelberg receives from Witbank Polling Districts Nos. 291 and 122, with 1,710 voters. The two halves of the Magisterial districts of Delmas are united in one constituency in this way.

197. In addition to the polling districts transferred from Groblersdal, Witbank receives 315 voters from Pretoria District.

198. Pretoria-Distrik (+18·7 persent) was in staat om 2,718 kiesers in die suide aan die nuwe setel Noord-Rand af te staan. Die stemdistrikte wat hierdie kiesers bevat lê halfpad tussen Pretoria en Johannesburg. Zwartkop en Lyttelton bly in die kiesafdeling, terwyl Irene, Olifantsfontein, Kaalfontein en Half Way House onder die nuwe setel ressorteer.

199. Losberg (+35·9 persent) was in staat om baie kiesers af te staan. Die grootste toekenning (2,916 kiesers) is aan Ventersdorp gemaak. Ook het Losberg 2,431 kiesers in die Meyerton-gebied aan Vereeniging-Distrik gegee. Albei die partye het saamgestem dat dit uit Roodepoort 127 kiesers in die Zuurbekom-gebied sou ontvang en uit Langlaagte 488 kiesers wat suid-oos van Nancefield woon. 'n Voorstel dat Nancefield self ingesluit word, is verwerp.

(c) Die Vereeniging Kiesafdelings.

200. Die drie stemdistrikte van Vereeniging het 17,336 kiesers bevat. Hiervan is 12,383 in Vereeniging-dorp (Stemdistrik No. 453) geregistreer en 4,802 in Vanderbijlpark (Stemdistrik No. 247). As gevolg van hierdie getalle het dit vir die eerste keer moontlik geword om 'n kiesafdeling saam te stel wat in sy geheel binne munisipale grense geleë is. 'n Voorstel dat gevolg hieraan gegee word, is ingedien.

201. Die alternatiewe voorstel wat ingedien is, was een waarvolgens die ou gevestigde deel van die dorp in twee gesny word, en 4,008 van sy stemkrag daaruit geneem word om aan die distriksetel te gee. Dit is aangevoer dat Vereeniging besig was om te snel te ontwikkel en binnekort nogeens die kwota sou oorskry indien die dorp nie op die voorgestelde wyse verdeel word nie.

202. Hierdie betoog was onaanneembaar en u Kommissie kon nie insien op watter ander grond die plan geregverdig kon word nie. Die blokke wat volgens die voorgestelde plan weggesny word is in die hartjie van die besigheidsgebiede en woonbuurte van die dorp. Hulle lê ver van Vanderbijlpark, waarmee dit voorgestel word om hul te verbind, met geen regstreekse verkeersmiddele en met die Vereeniging-naturellelokasie tussenin geleë. Dieselfde bedenkings ontstaan teen 'n ander plan, waarvolgens die Three Rivers-dorpsgebied van Vereeniging geskei sou word.

203. Die plan waarvolgens Vereeniging-dorp onverdeeld gelaat word, het by u Kommissie byval gevind en is aanvaar. Vereeniging, soos nou afgebaken, omvat die hele besigheidsgebied, die ouer woonbuurte en die nuwe woonbuurte in die onmiddellike omgewing van die dorp.

204. Die kiesafdeling Vereeniging-Distrik is langs die perimeter van Vereeniging geleë. Dit val geheel-en-al binne die magistraatsdistrik Vereeniging. Dit bestaan grotendeels uit 'n nywerheidsgemeenskap. Afgesien van die Yster en Staalfabriek by Vanderbijlpark, is 'n aantal ander nywerhede langs die Germiston-Vereeniging-spoorlyn opgerig.

(d) Die Witwatersrandse Kiesafdelings.

205. Randfontein neem Stemdistrikte No. 240 (met 1,198 kiesers) en 289 (met 688 kiesers) uit Krugersdorp. Hierdie is die plattelandse gebiede—hoofsaaklik landbouersele—wat Noord en Wes van Krugersdorp geleë is. In ruil hiervoor gee Randfontein aan Krugersdorp dié gedeelte van Stemdistrik No. 63 wat Wes-Krugersdorp bevat. Wes-Krugersdorp, met 2,899 kiesers, is in werklikheid 'n voorstad van Krugersdorp, en sterk redes vir sy insluiting by Krugersdorp is aangevoer. Hierbenewens neem Randfontein 306 kiesers uit Roodepoort—'n gedeelte van Stemdistrik No. 458. 'n Voorstel dat Randfontein 3,212 kiesers uit Losberg neem, is verwerp.

206. Deur Wes-Krugersdorp in te neem en die groot plattelandse gebiede prys te gee, word Krugersdorp 'n stedelike kiesafdeling. Afgesien van Stemdistrikte Nos. 240 en 289, wat deur Randfontein oorgeneem word, gee Krugersdorp Stemdistrik No. 290, met 1,110 kiesers aan Roodepoort af. Hy gee aan Roodepoort 'n verdere 1,003 kiesers wat vir die grootste gedeelte in Wentworth Park woonagtig is. Wat betref grootte het die kiesafdeling aansienlik ingekrimp, en is met 8·4 persent belaai.

198. Pretoria District (+18·7 per cent) was able to surrender 2,718 voters in the south to the new seat of North Rand. The polling districts containing these voters are situated halfway between Pretoria and Johannesburg. Swartkop and Lyttelton remain in the constituency, whereas Irene, Olifantsfontein, Kaalfontein and Half Way House fall under the new seat.

199. Losberg (+35·9 per cent) was able to surrender a large number of voters. the largest allocation (2,916 voters) was made to Ventersdorp. Losberg also surrendered 2,431 voters in the Meyerton area to Vereeniging District. Both parties agreed that it should receive 127 voters from Roodepoort in the Suurbekom area, and 488 voters residing south-east of Nancefield from Langlaagte. A proposal that Nancefield itself be included, was rejected.

(c) The Vereeniging Constituencies.

200. The three polling districts of Vereeniging contained 17,336 voters. Of this number 12,383 were registered in the town of Vereeniging (polling district 453) and 4,802 in Vanderbijlpark (polling district 247). Owing to these numbers it became possible for the first time to create a constituency situated wholly within municipal boundaries. It was proposed that this be carried into effect.

201. The alternative proposal which was submitted was one which the old established part of the town would be devided in two and 4,008 of its voting strength removed from it and given to the district seat. It was argued that Vereeniging was developing rapidly and would soon again exceed the quota if the town were not divided in the proposed manner.

202. This argument was unacceptable, and your Commission could see no other justification for the plan. The blocks to be removed according to the proposed plan, are situated in the very centre of the business and residential areas of the town. They are far from Vanderbijlpark with which it was proposed to combine them, with no direct means of communications and with the Vereeniging native location situated in between. There were the same objections to another plan by which the Three Rivers Township would be separated from Vereeniging.

203. The plan which would leave the town undivided, met with the approval of your Commission, and was adopted. Vereeniging, as now delimited, embraces the entire business area, the older residential area and the new residential area in the immediate vicinity of the town.

204. The constituency of Vereeniging District is situated on the perimeter of Vereeniging. It falls entirely within the magisterial districts of Vereeniging, and consists mainly of an industrial community. Apart from the Iron and Steel Works at Vanderbijlpark a number of other industries have been established along the Germiston-Vereeniging railway line.

(d) The Witwatersrand Constituencies.

205. Randfontein gains polling districts 240 (with 1,198 voters) and 289 (with 688 voters) from Krugersdorp. These are the rural areas—mainly agricultural holdings situated to the north and west of Krugersdorp. In exchange Randfontein surrenders to Krugersdorp the portion of polling district 63, containing West Krugersdorp. West Krugersdorp, with 2,899 voters, is actually a suburb of Krugersdorp and strong reasons were advanced for its inclusion in Krugersdorp. In addition, Randfontein receives 306 voters from Roodepoort—a portion of polling district No. 458. A proposal that Randfontein should acquire 3,212 voters from Losberg, was rejected.

206. By the absorbtion of West Krugersdorp and the surrender of the large rural areas, Krugersdorp becomes an urban constituency. With the exclusion of polling districts 240 and 289, which are being taken over by Randfontein, Krugersdorp surrenders polling district 290, with 1,110 voters, to Roodepoort. It surrenders a further 1,003 voters, mostly resident in Wentworth Park, to Roodepoort. The constituency has shrunk considerably in size and was loaded by 8·4 per cent.

207. Nadat Roodepoort Stemdistrik No. 290 (1,110 kiesers) en die Wentworth Park-gebied (1,003 kiesers) van Krugersdorp ontvang het, was hy in staat om die grootste gedeelte van Stemdistrik No. 69 af te staan. Met uitsondering van die Discovery-dorpsgebied, word hierdie stemdistrik, omvattende Florida en Florida Park gebruik om, tesame met Florida-uitbreiding en Florida-Noord, 'n kiesafdeling genaamd „Florida" saam te stel, wat die plek inneem van wat vroeër Johannesburg-Wes was. Roodepoort staan 'n verdere 433 kiesers in die Suide af—306 aan Randfontein en 127 (Zuurbekom) aan Losberg.

208. Maraisburg neem uit Langlaagte Stemdistrik No. 609, met 1,142 kiesers, en gee aan Florida 1,468 kiesers (Florida-uitbreiding).

209. Florida, soos reeds gemeld, neem die plek van Johannesburg-Wes in, terwyl sy gegoede gedeelte soos Emmarentia (1,484 kiesers) na Parktown oorgeplaas en sy werkersklas-gebiede soos Melville, Auckland Park en Rossmore (3,725 kiesers) aan Westdene afgestaan word. Soos afgelei kan word van sy naam, bevat Florida hoofsaaklik die inwoners van Florida-dorp en sy uitbreidings 'n gemeenskap bestaande uit die hoër middelklas.

210. Hoewel Westdene 'n radikale grensverandering ondergaan, word dit nou 'n homogene setel bestaande uit die dorpe Westdene, Melville, Rossmore, Auckland Park en Cottesloe. Dit gee Brixton en Mayfair-Wes (3,532 kiesers) af aan Mayfair, en Crosby met sy omgewing (4,404 kiesers) aan Langlaagte. Die Langlaagte-spoorwegstasie word daardeur ook aan Langlaagte afgestaan.

211. Na die aanwins van Mayfair-Wes uit Westdene, is Mayfair in die posisie om hulp aan Johannesburg-Stad te verleen. Dit word gedoen deur die hele gebied suid van die spoorlyn (973 kiesers) af te gee. Mayfair is nou geheel-en-al Noord van die spoorlyn geleë. Ook gee dit Cottesloe af aan Westdene.

212. Langlaagte neem bovermelde 4,404 kiesers uit Westdene, en gee kiesers in die suide aan Maraisburg en Losberg af en aan Johannesburg-Stad in die noord-ooste. Dit staan af aan Maraisburg Stemdistrik No. 609 (Nancefield), met 1,142 kiesers, en aan Losberg Stemdistrik No. 457, met 488 kiesers. Dit gee aan Johannesburg-Stad 3,154 kiesers in die gebied wat aan Fordsburg grens, en 369 kiesers in die New Robinson-myngebied.

213. Turffontein het nagenoeg geen verandering ondergaan nie.

214. Die enigste verandering van betekenis in Rosettenville is die aanwins van The Hill. The Hill-uitbreiding en Linmeyer ('n totaal van 1,639 kiesers) uit Alberton. Hierdie dorpies grens aan Rosettenville en deel in sy geriewe. Alberton, aan die ander kant, is ver afgeleë, en sonder regstreekse verkeersmiddele.

215. Alberton doen verder afstand aan Kensington en Germiston van die vier blokke van Stemdistrik No. 56, met 1,394 kiesers, wat Noord van die Oosrand-spoorlyn lê. Hierdie blokke is etlike myle van Alberton verwyder en is daarvan deur uitgestrekte myngebiede geskei. Hierdie myngebiede, met 1,072 kiesers, word na Jeppes oorgeplaas. Die toevoegings aan Alberton is Stemdistrik No. 90 (Elsburg), met 1,055 kiesers uit Germiston-Distrik, en uit Heidelberg 337 kiesers in Stemdistrik No. 456.

216. Germiston-Distrik verloor 1,055 kiesers (uit Elsburg) ten gunste van Alberton, en 'n gedeelte van Delville, met 786 kiesers, ten gunste van Germiston. Dit neem Driehoek-stasie, met 490 kiesers, uit Germiston.

217. Benewens die twee veranderings hierbo vermeld, neem Germiston uit Kempton Park 681 kiesers wat in Primrose woon.

218. Geen verandering is in die kiesafdeling Boksburg aangebring nie.

219. Benoni (−12·2 persent) het 'n tekort wat aangevul word deur 1,753 kiesers wat in Benoni-uitbreiding en Northmead woon, uit Kempton Park te neem. Hy neem ook uit Noordoos-Rand (tans Geduld genaamd) die New Modderfontein- en Modderfontein Deep-myne, met 643 kiesers.

207. Roodepoort having received Polling District No. 290 (1,110 voters) and the Wentworth Park area (1,003 voters) from Krugersdorp, it was in a position to surrender the major part of polling district No. 69. With the exclusion of the Discovery Township, this polling district, including Florida and Florida Park, is being used, together with Florida Extension and Florida North, to form a constituency named "Florida" to take the place of the former Johannesburg West. Roodepoort surrenders an additional 433 voters in the South—306 to Randfontein and 127 (Suurbekom) to Losberg.

208. Maraisburg takes over polling district No. 609, with 1,142 voters, from Langlaagte, and surrenders 1,468 voters (Florida Extension) to Florida.

209. Florida, as stated, replaces Johannesburg West, its wealthier areas like Emmarentia (1,484 voters) being transferred to Parktown, and its working class areas like Melville, Auckland Park and Rossmore (3,725 voters) being surrendered to Westdene. As its name implies, Florida mainly contains the residents of the town of Florida and its extensions, a community consisting of the upper middle class.

210. Although Westdene has undergone a radical change of boundaries, it now becomes a homogeneous seat consisting of the towns of Westdene, Melville, Rossmore, Auckland Park and Cottesloe. It surrenders Brixton and Mayfair West (3,532 voters) to Mayfair, and Crosby with its environs (4,404 voters) to Langlaagte. The Langlaagte railway station is thus also surrendered to Langlaagte.

211. Having acquired Mayfair West from Westdene, Mayfair is in a position to help Johannesburg City. This is being done by surrendering the entire area south of the railway line (973 voters). Mayfair is now situated entirely north of the railway line. It also surrenders Cottesloe to Westdene.

212. Langlaagte acquires the 4,404 voters referred to from Westdene, and surrenders voters in the South to Maraisburg and Losberg and in the north-east to Johannesburg City. It surrenders polling district No. 609 (Nancefield) with 1,142 voters to Maraisburg and polling district No. 457, with 488 voters, to Losberg. It surrenders 3,154 voters in the area adjoining Fordsburg, and 369 voters in the New Robinson mining area, to Johannesburg City.

213. Turffontein has remained practically unchanged.

214. The only change of any importance in Rosettenville is the acquisition of The Hill, The Hill Extension and Linmeyer (with a total of 1,639 voters) from Alberton. These towns adjoin Rosettenville and share its facilities. Alberton, on the other hand, is more remote, and without any direct communications.

215. Alberton further surrenders to Kensington and Germiston the four blocks of polling district 56, with 1,394 voters situated north of the East Rand railway line. These blocks are several miles away from Alberton and separated from it by extensive mining areas. These mining areas, with 1,072 voters, are being transferred to Jeppes. The additions to Alberton are polling district No. 90 (Elsburg), with 1,055 voters, from Germiston District, and 337 voters in polling district No. 456 from Heidelberg.

216. Germiston District loses 1,055 voters (from Elsburg) to Alberton, and a portion of Delville, with 786 voters, to Germiston. It gains Driehoek Station, with 490 voters, from Germiston.

217. In addition to the two changes referred to above, Germiston receives 681 voters residing in Primrose, from Kempton Park.

218. No changes were made in the constituency of Boksburg.

219. Benoni (−12·2 per cent) had a deficiency which was supplied from Kempton Park by 1,753 voters residing in Benoni Extension and Northmead. It also takes the New Modderfontein and Modderfontein Deep Mines, with 643 voters, from North-east Rand (now named Geduld).

220. Die kiesafdeling Brakpan brei in grootte uit deur Government G.M. Areas, New State Areas en Brenthurst—uitbreiding in te neem. Eersgenoemde twee gebiede, met 670 kiesers, word uit Noordoos-Rand (Geduld) gensy en laasgenoemde, met 463 kiesers, uit Nigel. 'n Voorstel om gedeelte van Dalview in die kiesafdeling op te neem, is verwerp.

221. Nigel (+22·4 persent) het 'n oorskot aan kiesers, waarvan hy ontslae raak op die wyse alreeds vermeld, nl. deur 463 kiesers aan Brakpan en 1,315 aan Springs af te staan.

222. Geduld-dorpsgebied (2,670 kiesers) word uit Springs oorgeplaas na Noordoos-Rand. In ruil hiervoor ontvang Springs uit Noordoos-Rand die Strubenvale-dorpsgebied (1,269 kiesers). Hierdie ruiling is deur syfers genoodsaak. Verder neem hy nog 1,315 kiesers uit Nigel. Hierdie kiesers woon in stemdistrik 606, wat in die Suid-westelike hoek van die magistraatsdistrik Springs geleë is. Hierdie gebied bevat o.a. Pollak Park, Selcourt, Nuffield en die Daggafontein-myngebiede.

223. Die aanwins van Geduld-dorpsgebied deur Noordoos-Rand en die verlies van Strubenvale (ten gunste van Springs) en van stemdistrikte Nos. 99 en 103 (ten gunste van Benoni en Brakpan onderskeidelik) is alreeds melding van gemaak. Hierbenewens word stemdistrik No. 610 (1,208 kiesers na Kempton Park verskuif. As gevolg van hierdie oorplasing ressorteer die hele plaaslike gebied Brentwood, bestande uit landboupersele, onder die kiesafdeling Kempton Park. Aangesien die dorpsgebied Geduld in hierdie kiesafdeling geplaas is, het die Kommissie besluit om die kiesafdeling Geduld te hernoem.

224. Kempton Park (+47·9 persent) beskik oor 'n groot oorskot. Die oorplasing van 681 kiesers na Germiston en 1,753 na Benoni is reeds vermeld. Sy grootste verlies bestaan egter in die afgee van 3,003 kiesers aan Edenvale. Hierdie kiesers is dié wat in Fisher's Hill woon en in ander dorpsgebiede grensende aan Primrose. Primrose, wat in die kiesafdeling Edenvale lê, huisves mense van dieselfde klas as hierdie kiesers.

225. Edenvale is in grootte drasties verminder en dra nou die kenmerk van 'n stedelike kiesafdeling. Hiervoor is hoofsaaklik die skepping van die setel Noord-Rand verantwoordelik. Noord-Rand het uit Edenvale sy omstedelike stemdistrikte (Nos. 74 en 76), met 2,297 kiesers geneem. Die skepping van 'n nuwe setel lei onvermydelik tot die herindeling van een of meer van die bestaande kiesafdelings. Edenvale ly ook aan 'n verlies van 2,725 kiesers ten gunste van Orange Grove. Dit omvat die hele stemdistrik 82 met uitsondering van Dunvegan.

226. Orange Grove bekom 2,725 kiesers van Edenvale en staan aan Houghton 3,819 kiesers wat in Highlands-Noord en Bramley woon af. 'n Voorstel dat Orange Grove aan die Suide kiesers afstaan, het by u Kommissielede nie byval gevind nie weens die versperring wat deur heuwels langs die suidelike grens gevorm word.

227. Yeoville, Troyeville, Bezuidenhout en Kensington ondergaan geringe veranderings.

228. Jeppes (−2·4 persent) verkry bykomende kiesers in die Unie, nl. uit Alberton (1,520) en Rosettenville (104). Hy is derhalwe in staat om in sy eie behoeftes te voorsien en om Kensington (−6·2 persent) aan te help deur daaraan 621 kiesers af te staan.

229. Johannesburg-Stad is onder die kwota (−12·7 persent) en moet 3,154 kiesers neem uit Langlaagte en die gebied wat aan Fordsburg grens, en 'n verdere 369 onderkant hierdie gebied. Hy ontvang ook 973 kiesers uit Mayfair. Hierdie kiesers is meer as voldoende vir sy eie behoeftes, en stel hom instaat om die stemkrag van Von Brandis wat ook kiesers kortkom, an te vul deur 2,245 in die omgewing van Kazerne af te staan.

230. Met uitsondering van die aanwins van 2,245 uit Johannesburg-Stad, ondergaan Von Brandis geringe veranderings en dra 'n belading van 11·7 persent.

231. 'n Paar geringe veranderings is in Hospitaal aangebring. Dit is met 11 persent belaai.

232. Die enigste veranderings van betekenis in Hillbrow is die aanwins van 1,175 kiesers uit Houghton en die verlies van 887 ten gunste van Troyeville. Hillbrow dra 'n belading van 11·2 persent.

220. The constituency of Brakpan is being enlarged by the incorporation of Government G.M. Areas, New State Areas and Brenthurst Extension. The two former areas with 670 voters, were taken from North-east Rand (Geduld) and the latter, with 463 voters, from Nigel. A proposal to incorporate a portion of Dalview in this constituency was rejected.

221. Nigel (+22·4 per cent) had a surplus of voters of which it is disposing in the manner referred above, viz. by the surrender of 463 voters to Brakpan and 1,315 voters to Springs.

222. Geduld Township (2,670 voters) is being transferred from Springs to North-East Rand. In exchange Springs receives the Strubenvale Township (1,269 voters) from North-East Rand. This exchange was necessary for numerical reasons. In addition it takes 1,315 voters from Nigel. These voters reside in polling district 606, situated in the south-western corner of the magisterial district of Springs. This area contains inter alia, Pollak Park, Selcourt, Nuffield and the Daggafontein mining areas.

223. The acquisition by North-East Rand of Geduld Township and the loss of Strubenvale to Springs and of polling districts 99 and 103 to Benoni and Brakpan respectively, have already been mentioned. In addition to this, polling district 610 (1,208 voters) is being transferred to Kempton Park. As a result of this transfer, the entire local area of Brentwood, consisting of agricultural holdings, falls under the constituency of Kempton Park. Since the township of Geduld has been placed in this constituency, the Commission has decided to rename this constituency Geduld.

224. Kempton Park (+47·9 per cent) has a large surplus. The transfer of 681 voters to Germiston and 1,753 to Benoni, has already been mentioned. Its greatest loss is, however, the surrender of 3,003 voters to Edenvale. These voters reside in Fisher's Hill and in the other townships adjoining Primrose. The inhabitants of Primrose, situated in the constituency of Edenvale, are of the same type as these voters.

225. Edenvale has been drastically reduced in size and is now urban in character. The creation of the North Rand seat was mainly responsible for this. North Rand took from Edenvale its peri-urban polling districts (Nos. 74 and 76), with 2,297 voters. The creation of a new seat inevitably leads to the re-division of one or more of the existing constituencies. Edenvale also suffered a loss of 2,725 voters in favour of Orange Grove. This embraces the whole of polling district 82, with the exception of Dunvegan.

226. Orange Grove acquires 2,725 voters from Edenvale and surrenders 3,819 voters residing in Highlands North and Bramley to Houghton. A proposal that Orange Grove surrender voters to the south did not meet with the approval of your Commissioners because of the obstruction formed by hills along the sourthern boundary.

227. Yeoville, Troyeville, Bezuidenhout and Kensington have undergone minor changes.

228. Jeppes (−2·4 per cent) acquires additional voters in the south, viz. from Alberton (1,520) and Rosettenville (104). It is, therefore, in a position to meet its own requirements and to help Kensington (−6·2 per cent) by the surrender to it of 621 voters.

229. Johannesburg City was below (−12·7 per cent) quota and has to take 3,154 voters from Langlaagte and the area adjoining Fordsburg and a further 369 below this area. It also received 973 voters from Mayfair. These voters are more than enough to meet its own requirements and enable the constituency to supplement the voting strength of Von Brandis, which also has a deficiency of voters, by the surrender of 2,245 in the vicinity of Kazerne.

230. With the exception of the acquisition of 2,245 voters from Johannesburg City, Von Brandis has undergone only minor changes and was loaded by 11·7 per cent.

231. A few minor changes have been made in Hospital. It was loaded by 11 per cent.

232. The only changes of any importance in Hillbrow are the acquisition of 1,175 voters from Houghton and the loss of 887 to Troyeville. Hillbrow carries a load of 11·2 per cent.

233. Hillbrow, Hospitaal en Von Brandis is die mees digbevolkte kiesafdelings in die Unie, en is om dié rede swaar belaai. Terwyl ander kiesafdelings om een of ander rede of om meer as een rede belaai is, is hierdie kiesafdeling hoofsaaklik weens digtheid van bevolking belaai.

234. Parktown (−2·6 persent) kry 1,493 kiesers (Emmarentia) uit Florida (voorheen Johannesburg-Wes) en 665 kiesers uit Houghton. Hierdie is 'n welgestelde gebied wat vir inlywing by Parktown geskik is. Die ander verandering is van minder betekenis.

235. Houghton kry 3,819 kiesers uit Orange Grove by. Hy gee aan Hillbrow 1,175 kiesers, wat lei tot die vestiging van 'n welbekende grens tussen die twee kiesafdelings, nl. Louis Bothalaan en Houghtonryweg. Hy staan verder af aan Johannesburg-Noord, 1,384 kiesers, grotendeels woonagtig in Sandhurst, Inanda, Atholl en Illovo; en aan Noord-Rand 391 kiesers wat in Sandown woon.

236. Johannesburg-Noord (+31·8 persent) het 'n groot oorskot wat 'n aansienlike rol speel in die stigting van die nuwe kiesafdeling Noord-Rand. Net soos Edenvale verloor die kiesafdeling 'n groot gedeelte van sy gebied in die noorde. Blairgowrie, Fontainebleau, Ferndale, Morningside en Bryanston word prys gegee. Die totale getal kiesers aldus oorgeplaas is 4,337, d.w.s. die hele stemdistrik 24, blok 211 van stemdistrik 584, en die hele stemdistrik 73 met uitsondering van 102 kiesers in Hurlingham (blok 1697).

237. Die nuwe kiesafdeling Noord-Rand het 10,122 kiesers, en is as volg saamgestel: 186 uit Florida (Johannesburg-Wes), 4,337 uit Johannesburg-Noord, 391 uit Houghton, 2,297 uit Edenvale, 2,718 uit Pretoria-Distrik en 193 uit Brits.

ORANJE-VRYSTAAT.

A. Volksraad.

238. Die Oranje-Vrystaat is die enigste provinsie ten opsigte waarvan die getal (13) kiesafdelings onveranderd bly.

239. Die getal kiesers 136,612, toon 'n vermeerdering gedurende die laaste vyf jaar van 20,798. Dit bring die kwota vir die provinsie op 10,509 te staan.

240. Terwyl geen noodsaaklikheid bestaan nie om grensveranderings aan te bring op grond daarvan dat die provinsie 'n kiesafdeling moes bykry of afstaan, soos dit in ander provinsies die geval was, was daar tog ander faktore wat uitgebreide grensveranderings nodig gemaak het. Die vernaamste hievan was die sametrekking van kiesers op die goudvelde by Odendaalsrus en Welkom. Die vermeerdering van kiesers in dié gebiede word duidelik weerspieël in die toename van die stemkrag in die kiesafdelings Kroonstad en Boshoff-Hoopstad, waarin gemelde gebiede geleë is. Die getal kiesers in die Kroonstad kiesafdeling het byvoorbeeld sedert 1947 bykans verdubbel. Die syfer het aangegroei van 8,962 tot 16,859 en is tans 60·4 persent bokant die kwota.

241. Die vermeerdering word insgelyks aangetoon deur die vermeerderde stemkrag van die twee provinsiale kiesafdelings waarin die gebiede geleë is. Die kiesafdeling Bothaville, as gevolg van die toename by Odendaalsrus, is tans 35·2 persent bo die kwota. Die kiesafdeling Winburg, as gevolg van die toename by Welkom, is 98·4 persent bo die kwota.

242. Daarenteen is daar weer kiesafdelings waarin daar slegs weinig aanwas plaasgevind het. Een daarvan, Smithfield, het tans 71 kiesers minder as wat dit in 1947 gehad het.

243. 'n Verdere sametrekking van kiesers het in die Bloemfontein-gebied plaasgevind.

244. Bloemfontein-Stad se syfer is tans 11·3 persent en Bloemfontein-Distrik 24·9 persent bo kwota. Daar 'n groot gedeelte van die Magistraatsdistrik Bloemfontein in die huidige kiesafdelings Winburg, Ladybrand, Fauresmith en Boshoff-Hoopstad val is die aanwas van kiesers in die Bloemfontein gebied baie groter as wat die gemelde syfers aantoon. Sowat 6,662 kiesers wat in die Magistraatsdistrik Bloemfontein woonagtig is, is by die syfers vir laasgenoemde kiesafdelings ingesluit. 'n Groot gedeelte van dié kiesers woon op die plotte wat aan die Bloemfonteinse munisipale gebied grens.

233. Hillbrow, Hospital and Von Brandis are the most densely populated constituencies in the Union, and were loaded heavily for this reason. Whereas other constituencies have been loaded for one reason or another for more than one reason, this constituency has been loaded mainly of the density of its population.

234. Parktown (−2·6 per cent) acquires 1,493 voters (Emmarentia) from Florida (formerly Johannesburg West) and 665 voters from Houghton. This is a well-to-do area, suitable for incorporation with Parktown. The other changes are of minor importance.

235. Houghton acquires 3,819 voters from Orange Grove. It surrenders 1,175 voters to Hillbrow so that a well-known boundary between the two constituencies, viz. Louis Botha Avenue and Houghton Drive is established. It further surrenders 1,384 voters mainly resident in Sandhurst, Inanda, Atholl and Illovo to Johannesburg North and 391 voters residing in Sandown to North Rand.

236. Johannesburg North (+31·8 per cent) has a large surplus which is an important factor in the establishment of the new constituency of North Rand. Like Edenvale, this constituency loses a large portion of its territory in the north. Blairgowrie, Fontainbleau, Ferndale, Morningside and Bryanston are surrendered. The total number of voters transferred in this way, is 4,337, i.e. the whole of polling district 24 block 211 of polling district 584, and the whole of polling district 73, with the exception of 102 voters in Hurlingham (block 1697).

237. The new constituency of North Rand has 10,122 voters and is made up as follows: 186 from Florida (Johannesburg West), 4,337 from Johannesburg North, 391 from Houghton, 2,297 from Edenvale, 2,718 from Pretoria District and 193 from Brits.

ORANGE FREE STATE.

A. House of Assembly.

238. The Orange Free State was the only province in respect of which the number of constituencies (13) remained unchanged.

239. The number of registered voters, 136,612, shows an increase of 20,798 during the past five years. This establishes the quota for the province at 10,509.

240. Whilst there is no need, as in other provinces, to adjust boundaries on account of the loss or gain of a seat, other factors have made extensive changes necessary. The most important such factor is the concentration of voters in the goldfields areas of Odendaalsrus and Welkom. The increase of voters in these areas is clearly reflected in the increase of voting strength in the constituencies of Kroonstad and Boshof-Hoopstad, within which the areas mentioned are situated. The number of voters in the constituency of Kroonstad has e.g. nearly doubled itself since 1947. The figure has increased from 8,962 to 16,859 and is at present 60·4 per cent above quota.

241. The increase was likewise reflected in the increased voting strength of the two provincial constituencies within which these areas are situated. The constituency of Bothaville in consequence of Odendaalsrus, is today 35·2 above quota. The constituency of Winburg is 98·4 per cent above quota as a result of the increase at Welkom.

242. On the other hand there are constituencies in which there has been only a small increase. One of these, Smithfield, at present had actually 71 voters less than it had in 1947.

243. A further concentration of voters took place in the Bloemfontein area.

244. The figure for Bloemfontein City was now 11·3 per cent and Bloemfontein District 24·9 per cent above quota. As a large part of the Magisterial District of Bloemfontein fell within the present constituencies of Winburg, Ladybrand, Fauresmith and Boshof-Hoopstad, the increase of voters in the Bloemfontein area was much larger than indicated by the numbers mentioned. Roughly 6,662 voters residing within the Magisterial District of Bloemfontein, were included in the figures for the latter constituencies. A large proportion of these voters resided on the plots adjoining to the Bloemfontein municipal area.

245. Altesaam woon daar 31,479 kiesers in en in die omtrek van die stad. Hul belange is byna uitsluitlik in Bloemfontein gevestig. Aangesien die stemkrag tans voldoende is vir drie setels, het u Kommissie tot die besluit geraak om hierdie kiesers in drie kiesafdelings saam te trek met die gevolg dat u Kommissie nie in die ongelukkige posisie geplaas is soos in die geval van sy voorgangers om noodgedwonge 'n groot aantal semi-stedelike kiesers in die gemelde plattelandse kiesafdelings in te sny nie.

246. Bloemfontein-Stad bestaan hoofsaaklik uit die meer gegoede woongebiede. Dit strek van Noordhoek en Soutpanweg in die noorde tot by Willows en Wilgehof in die suide. Een van die politieke partye het voorgestel dat die kiesafdeling Bloemfontein-Stad onveranderd gelaat word met 'n belading van 11·3 persent. Dié voorstel het egter nie rekening gehou met die moontlikheid van die skepping van 'n derde setel in die Bloemfontein-gebied nie. Nadat op hierdie weg besluit is, is dit wenslik gevind om die besigheids- en industriële gebied uit Bloemfontein-Stad te neem en so 'n herreëling van die grense van die kiesafdeling te bewerkstellig dat dit moontlik was om ander suiwer woongebiede daarby in te sluit.

247. Bloemfontein-Sentraal sluit die woongebied oos van die heuwel in en die minder gegoede gebied van die stad in die suide. Hierdie setel bestaan egter hoofsaaklik uit die besigheids- en industriële gebied van die stad. Dit sluit ook in die gedeelte van die plotte en woonbuurtes wat aan die stad grens en die meeste ooreenkoms toon met die stadsgebied.

248. Nadat Bloemfontein-Stad en Bloemfontein-Sentraal 11·6 en 8·9 persent belaai is, is die oorblywende omstedelike kiesers in een kiesafdeling—deur u Kommissie Bloemfontein-Distrik genoem—saamgetrek. Hierdie kiesers was egter nie voldoende om die kieserstal vol te maak nie. U Kommissie het derhalwe 2,000 kiesers uit die magistraatsdistrik van Brandfort met insluiting van die dorp Brandfort in hierdie kiesafdeling geplaas om die nodige aantal kiesers te kry. Daar is 'n redelike mate van gemeenskaplike belange tussen dié kiesers en die omstedelike kiesers van Bloemfontein en die verbinding met Bloemfontein per pad en spoor is goed.

249. Die goudveld gebiede val grotendeels in Stemdistrik No. 240 (Welkom en Virginia) met 5,232 kiesers en Stemdistrik No. 128 (Odendaalsrus en Allanridge) met 2,713 kiesers. Daar is by u Kommissie deur een van die politieke partye sterk aangedring op die skepping van 'n goudveld-setel wat albei stemdistrikte moes insluit. Plaaslike belange in Odendaalsrus en Welkom het ook sterk ten gunste van so 'n stap betoog. U Kommissie het die onderhawige gebied besoek en diep onder die indruk gekom van die noodsaaklikheid om die gebiede saam te voeg, hoofsaaklik op grond van die onbetwyfelbare gemeenskaplike belange wat die inwoners met mekaar het. Die ander politieke partye het, alhoewel hy geen beswaar teen die skepping van 'n goudveldsetel, indien dit enigsins moontlik was, gehad het nie, volgehou dat die belange van die goudmyn-industrie beter gedien sou kon word deur die goudvelde tussen twee van die bestaande kiesafdelings te verdeel instede van om die gebied in een nuwe setel saam te vat. Die bewering is gemaak dat die gebied so snel ontwikkel dat indien al die kiesers van die goudveld in een kiesafdeling geplaas sou word, die syfer vir dié kiesafdeling binne 'n kort tydjie die kwota ver sou oorskry, terwyl as die gebied onder twee setels verdeel word en die aanwas aldus versprei word, die setels nie so snel die kwota sou oorskry nie.

250. U Kommissie het laasgenoemde voorstel verwerp, en het 'n uitweg probeer vind wat dit moontlik sou maak om uitvoering te gee aan die wenslikheid om die duidelike bestaande belangegroepe op die goudvelde byeen te bring. Vir dié doel wat dit nodig om 'n bykomende 3,000 kiesers te vind. Dit was deur dié party wat die sterkste vir die skepping van so 'n setel gepleit het, aan die hand gedoen dat daar gemeenskaplike belange bestaan tussen die kiesers op die goudveld en die spoorwegwerkers by Hennenman, aangesien Hennenman 'n spoorwegsentrum geword het as gevolg van die ontwikkeling van die goudvelde. Dit is wel waar dat Hennenman die spoorwegverbinding van Odendaalsrus is, dog u Kommissielede

245. In all there are 31,479 voters residing in and around the city. Their interests lie almost exclusively with Bloemfontein. Inasmuch as the voting strength is now sufficient for three electoral divisions your Commission has found it possible to group them accordingly in three constituencies with the result that your Commission does not find itself in the unhappy position of the previous Commission which had perforce for statistical reasons, to place a large number of semi-urban voters within the country constituencies referred to.

246. Bloemfontein City comprises mainly the more well-to-do residential areas. It extends from Noordhoek and Soutpan Road in the north to Willows and Wilgehof in the south. One of the political parties proposed that the Bloemfontein City constituency be left unaltered with a load of 11·3 per cent. This proposal, however, did not take into account the possibility of creating a third seat in the Bloemfontein area. Once this course had been decided upon it was found convenient to excise from the Bloemfontein City seat the business and industrial areas, and to re-arrange the boundaries in order to embrace other purely residential areas.

247. Bloemfontein Central includes the residential area east of the hill, and the poorer residential areas of the city to the south. This seat, however, consists in the main of the business and industrial portion of the city. It also embraces that section of the plots and residential areas adjoining to the city and which are more akin to the city area.

248. Having loaded Bloemfontein City and Bloemfontein Central 11·6 and 8·9 per cent respectively, the remaining peri-urban voters were grouped together in one constituency—named Bloemfontein District by your Commission. These voters, however, were insufficient in itself to complete its voting strength. Your Commission, therefore, added 2,000 voters from the Magisterial District of Brandfort, including the town of Brandfort, to this constituency to acquire the necessary number of voters. There is a fair measure of community of interest between these voters and the peri-urban voters of Bloemfontein and the communication with Bloemfontein by road and rail is good.

249. The goldfields area consists in the main of Polling District No. 240 (Welkom and Virginia) with 5,232 voters and Polling District No. 128 (Odendaalsrus and Allanrigde) with 2,713 voters. Your Commission was strongly urged by one of the political parties to create a goldfields seat which would embrace both Polling Districts. Local interests in Odendaalsrus and Welkom also expressed themselves strongly in favour of such a step. Your Commission visited the areas in question and were forcibly impressed with the need for grouping together these areas, mainly on account of the undoubted community of interest existing between their inhabitants. The other political party, whilst having no objection to the creation of a goldfields seat, maintained that if it was at all possible, the interests of the gold mining industry would be better served by placing the goldfields in two of the established constituencies instead of grouping the areas together in one new constituency. It was pointed out that the area was developing so rapidly that, if all the voters on the goldfields were placed within one constituency, that constituency would outstrip the quota within a very short time whereas if the voters were apportioned between two constituencies the increase would be relatively slower.

250. Your Commission rejected this argument and sought for the means which would make it possible to give effect to the community of interest which existed in such full measure between these mining groups. For this purpose it was necessary to find an additional 3,000 voters. It was suggested by the party which most favoured the creation of the constituency, that community of interest existed between the mining community and the railway workers at Hennenman, inasmuch as Hennenman had become a railway centre as a result of the development of the goldfields. It is true that Hennenman is the railway head which serves Odendaalsrus, but your Commission are unable to subscribe to the argument that

kon nie met die argument saamgaan dat dié feit gemeenskaplike belange tussen die inwoners van Hennenman aan die eenkant en Odendaalsrus en Welkom aan die anderkant, teweegbring nie. Die feit dat dit vir die Administrasie nodig is om spoorwegwerknemers op 'n sekere plek te stasioneer ten einde mynbenodigdhede te hanteer, maak sekerlik nie van sulke werknemers pseudo mynwerkers nie.

251. U Kommissie is van mening dat Hennenman eerder tuishoort in die kiesafdeling Kroonstad waarin dit tans geleë is. Kroonstad is een van die grootste spoorwegsentra in die Unie en daar bestaan 'n baie groter mate van gemeenskaplike belange tussen die spoorwegwerkers van Hennenman en die spoorweggemeenskap van Kroonstad. U Kommissie moes dus in 'n ander rigting vir die bykomende kiesers soek. Nadat verskeie moontlikhede ondersoek is, is op die stemdistrikte in die gebied van Hoopstad en Wesselsbron besluit. Die insluiting van hierdie stemdistrikte het geen versnippering van ander gebiede ten gevolge gehad nie. U Kommissie het hom tevrede gestel dat die insluiting van enige ander gebiede dan dié waarop besluit is, tot onbestaanbare, indien nie onmoontlike, gevolge sou lei. Die nuwe kiesafdeling is Odendaalsrus genoem. Alhoewel daar meer kiesers in Welkom is, is Odendaalsrus die ou gevestigde dorp wat reeds munisipale status verwerf het.

